



**DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE  
MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING**

deur

**SUZANNE ELIZABETH BESTER**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die  
graad**

**Doctor Philosophiae**

in die

**DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE VOORLIGTING  
EN BERADING  
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Promotor: Professor Dr J G Maree**

**Pretoria**

**Oktober 1999**

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek,

**Suzanne Elizabeth Bester**

dat die proefskrif wat ek hiermee vir die graad Doctor Philosophiae aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.



Suzanne Elizabeth Bester

Oktober 1999

## DANKBETUIGINGS

Met opregte dank aan:

- Professor Dr J G Maree vir sy besonder bekwame, effektiewe en ondersteunende studiebegeleiding wat my deur hierdie studie gedra het.
- Professor Dr Coley Lampbrecht (Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde by RAU) wat op indirekte wyse 'n groot bydrae tot hierdie studie gelewer het.
- Professor Dr L J Jacobs (Direkteur van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aan die Universiteit van Pretoria) wat die uitvoer van die gevallestudies moontlik gemaak het.
- Aan al die Universiteite en Teknikons wat hul belangstelling, ondersteuning en entoesiasme teenoor hierdie studie gedemonstreer het by wyse van die besondere bydraes wat tot hierdie studie gemaak is.
- Die kliënte sonder wie hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie.
- Dr Linda Strydom vir die taalversorging.
- Adrie van Dyk en Marina Malan wat altyd bereid was om te help.

'n Besondere woord van dank aan die volgende persone:

- My man Gerhard wat my bygestaan, motiveer en ondersteun het in alle opsigte.
- My dogter Sandra wat, so glo ek, op hierdie aarde geplaas is om vir my 'n bron van inspirasie (en hulp) te wees.

- My skoonpa Hennie wat 'n finansiële bydra tot die studie gemaak het.
- Janine Smith wat my elke dag gemotiveer het om die studie te voltooi en wat soms met raad en daad betrokke geraak het.
- Nicolette en Debbie wat gereeld gesorg het vir 'n koffiepouse om die spanning en harde werk te help verlig.

*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as  
wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe*

Efesiërs 3:20-21

## OPSOMMING

TITEL:	<b>Die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorigting</b>
KANDIDAAT:	Suzanne Elizabeth Bester
PROMOTOR:	Professor Dr J G Maree
DEPARTEMENT:	Opvoedkundige Voorligting en Berading
GRAAD:	PhD (Opvoedkundige Sielkunde)

### Samevatting

Verandering vorm 'n integrale en noodsaaklike komponent van ontwikkelende samelewings. Hierdie verandering kan enersyds teweeggebring word deur die besondere behoeftes wat 'n bepaalde gemeenskap op 'n gegewe tydstip ervaar. Andersyds kan dit ook tot stand kom vanweë wêreldwye tendense wat ontwikkeling en verandering insisier. Die postapartheid Suid-Afrikaanse gemeenskap wat op die vooraand van die 21ste eeu staan, is geen uitsondering in hierdie verband nie en word tans onderwerp aan 'n proses van herstrukturering om aan 'nuwe' politieke en sosiale verwagtinge te voldoen. Verder word die wêreldwye bewegingsverskuiwing van 'n moderne na 'n postmoderne era ook tans deur Suid-Afrikaanse gemeenskappe ervaar.

Hierdie proses van verandering behoort in alle samelewingsinstellings geïntegreer te word en hou hierom bepaalde implikasies vir die studieterrein van beroepsvoorigting in. Hernuwing op die gebied van beroepsvoorigting behoort die politieke en sosiale samelewingsveranderinge, asook die postmoderne invloede te reflekteer en akkommodeer. Dit het krities noodsaaklik geword dat beroepsvoorigting vir die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking toeganklik gemaak word. Terselfdertyd moet dit steeds die behoeftes en diversiteit van individuele leerders hanteer.

Hierdie studie poog om 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorigting te ontwerp. Hierdie model sal geskoei wees op die uitgangspunte wat deur die postmodernistiese benadering voorgestaan word. Dit behels 'n beradingsproses wat deur beroepsvoorigting aan alle leerders, ongeag ras, geslag, ouderdom of kultuur gebied word.

Die voorligtingsinhoude voltrek aan die hand van 'n narratiewe benadering wat in drie fases verloop.

Die studie poog verder om die buigsaamheid van 'n potensiële postmodernistiese model tot beroepsvoorligting aan die hand van 'n literatuurstudie, *ex post facto*-navorsing, asook aksienavorsing te illustreer. *Ex post facto*-navorsing voltrek wanneer gefokus word op gevallestudies waar kliënte reeds voorligting ontvang het aan die hand van die tradisionele benadering tot beroepsvoorligting. Hierdie benadering word dan vergelyk met 'n voorgestelde postmodernistiese benadering tot voorligting. Die gevallestudie metode word verder by wyse van aksienavorsing gekontinueer wanneer gefokus word op gevallestudies waar kliënte voorligting ontvang aan die hand van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

Samevattend kan gesê word dat hierdie studie gerig is om toepassingsmoontlikhede van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting uit te lig en die bruikbaarheid van só 'n model te illustreer.

#### **Sleutelwoorde**

Model

Ontwerp

Voorligting

Leerders

Postmodernisme

Kultuur

Aksienavorsing

*Ex post facto*-navorsing

Idiografiese/gevallestudies

## SUMMARY

**TITLE:** The design of a postmodernistic model for career counselling  
**CANDIDATE:** Suzanne Elizabeth Bester  
**PROMOTOR:** Professor Dr J G Maree  
**DEPARTMENT:** Educational Guidance and Counselling  
**DEGREE:** PhD (Educational Psychology)

Change makes up an integral and essential component of developing communities. This change may on the one hand be induced by the special needs experienced by a particular community at a given time. On the other hand it may be due to worldwide tendencies that initiate development and change. The post-apartheid community in South Africa on the brink of the 21st century is no exception in this regard, as it is currently subject to a restructuring process to meet 'new' political and social expectations. Furthermore the community in South Africa is at this time experiencing the worldwide shift from a modern to a postmodern era in society.

This process of change should be integrated in all institutions of society and for this reason holds determinable implications for the field of study of career counselling. Renewal in the area of career counselling should reflect and accommodate political and social changes in society as well as postmodern influences. It has become critically imperative that career counselling is made accessible to the majority of the South African population. At the same time it has to continue to address the needs and diversity of individual learners.

This study aims to design a potential postmodernistic model for career-guidance which will be set on the premises propagated by the postmodernist approach. It comprises a consultation process offered through career counselling to all learners, irrespective of race, gender, age or culture. The content of guidance is carried out on a narrative approach which progresses in three phases.

This study further attempts to illustrate the flexibility of a potential postmodernistic model for career counselling by means of a literature study, *ex post facto* research and action research. *Ex post facto* research is executed by focusing on case studies in which clients have already received career counselling according to the traditional method. The traditional approach is then compared to the postmodernistic approach to career counselling. Action

research is also carried out by means of a few case studies with the focus on the implementation of a postmodernistic model for career counselling.

In conclusion it can be said that this study aims to highlight possibilities for a potential postmodernistic model and to illustrate its value.

**Keywords**

Model

Design

Guidance

Learners

Postmodernism

Culture

Action research

*Ex post facto* research

Idiographic/case study



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1: INLEIDING, KONSEPTUALISERING, PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMMAANKONDIGING

<b>1.</b>	<b>Algemene inleiding</b>	<b>1</b>
<b>2.</b>	<b>Aktualiteit van die studie</b>	<b>4</b>
<b>3.</b>	<b>Definiëring van die navorsingsprobleem en formulering van navorsingsvrae</b>	<b>7</b>
<b>3.1</b>	<b>Die navorsingsprobleem</b>	<b>7</b>
<b>3.2</b>	<b>Die formulering van navorsingsvrae</b>	<b>9</b>
<b>4.</b>	<b>Navorsingsontwerp</b>	<b>9</b>
<b>4.1</b>	<b>Die doel van die navorsing</b>	<b>10</b>
<b>4.2</b>	<b>Tipes navorsing wat uitgevoer is</b>	<b>11</b>
	4.2.1 Literatuurstudie	11
	4.2.2 Beskrywende navorsing	11
	4.2.3 Idiografiese-/ Gevallestudie navorsing	11
	4.2.3.1 <i>Ex post facto</i> -navorsing	14
	4.2.3.2 Aksienavorsing	14
<b>4.3</b>	<b>Steekproefneming</b>	<b>16</b>
<b>4.4</b>	<b>Metodes waardeur inligting versamel is</b>	<b>17</b>
<b>5.</b>	<b>Begripsomskrywing</b>	<b>18</b>
<b>5.1</b>	<b>Beroep en loopbaan</b>	<b>19</b>
<b>5.2</b>	<b>Beroepsvoorligting en beroepsberading</b>	<b>19</b>
	5.2.1 Voorligting	19
	5.2.2 Berading	20
<b>5.3</b>	<b>Ontwerp</b>	<b>20</b>
<b>5.4</b>	<b>Model</b>	<b>21</b>
<b>5.5</b>	<b>Leerders</b>	<b>22</b>
<b>5.6</b>	<b>Postmodernism</b>	<b>22</b>
<b>5.7</b>	<b>Kultuur</b>	<b>23</b>
<b>5.8</b>	<b>Kruiskultureel, transkultureel en multikultureel</b>	<b>24</b>
<b>5.9</b>	<b>Verantwoordelik en verantwoordbaar</b>	<b>26</b>
<b>6.</b>	<b>Navorsingsprogram</b>	<b>26</b>

## HOOFSTUK 2: 'N OORSIG VAN ENKELE EPISTEMOLOGIESE VETREKPUNTE TOT BEROEPSVOORLIGTING

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>27</b>
<b>2.</b>	<b>Trek-Faktor-benadering</b>	<b>34</b>
<b>2.1</b>	<b>Holland se teorie van tipes</b>	<b>34</b>
2.1.1	Opsomming van die teoretiese konsepte	34
2.1.2	Primêre aannames	34
2.1.3	Persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle	35
2.1.4	Sekondêre aannames van Holland se teorie	38
2.1.5	'n Kritiese evaluasie van Holland se teorie	41
<b>3.</b>	<b>Lewensduurbenadering</b>	<b>42</b>
<b>3.1</b>	<b>Die ontwikkelingsbenadering van Super</b>	<b>42</b>
3.1.1	'n Opsomming van die basiese teoretiese aannames	42
3.1.2	Loopbaanontwikkeling as lewenslange proses	45
3.1.3	Loopbaanvolwassenheid	51
3.1.4	Lewensrolle	52
3.1.5	Waardes	54
3.1.6	Selfkonsep	55
3.1.7	'n Kritiese evaluasie van Super se teorie	57
<b>4.</b>	<b>Spesiale fokusteorieë</b>	<b>58</b>
<b>4.1</b>	<b>Die persoonlikheidsontwikkelingsteorie van Roe</b>	<b>58</b>
4.1.1	Opsomming van die teoretiese konsepte	58
4.1.2	'n Kritiese oorsig van Roe se teorie	61
<b>4.2</b>	<b>Die sosiale leerteorie van Krumboltz</b>	<b>62</b>
4.2.1	Basiese teoretiese aannames	62
4.2.2	'n Kritiese evaluasie van Krumboltz se sosiale leerteorie	63
<b>4.3</b>	<b>Die loopbaanbesluitnemingssteorie van Tiedeman</b>	<b>64</b>
4.3.1	Die teoretiese konsepte	64
4.3.2	'n Kubusvormige besluitnemingsmodel	67
4.3.3	'n Kritiese oorsig van die besluitnemingsmodel van Tiedeman	69
<b>5.</b>	<b>Die postmodernistiese epistemologie</b>	<b>70</b>
<b>6.</b>	<b>Samevatting</b>	<b>71</b>

## **HOOFSTUK 3: KULTUUR EN KRUIKULTURELE FAKTORE IN DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING**

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>72</b>
<b>2.</b>	<b>Omskrywing van enkele begrippe</b>	<b>74</b>
<b>2.1</b>	<b>Kultuur</b>	<b>74</b>
2.1.1	Basiese aannames oor kultuurverskille	75
2.1.2	Kulturessensies	76
2.1.3	Die universele benadering tot kultuur	76
2.1.4	Kollektivistiese- versus individualistiese kulture	77
2.1.5	Kultuur as etiese of emiese perspektief	77
2.1.6	Die verband tussen kultuur en wêreldbeskouings	78
<b>2.2</b>	<b>Ras / Etnisiteit</b>	<b>79</b>
<b>2.3</b>	<b>Enkulturasie en akkulturasie</b>	<b>81</b>
<b>3.</b>	<b>Kulturele belemmeringe wat die proses van beroeps-voorligting beïnvloed</b>	<b>86</b>
<b>3.1</b>	<b>Kommunikasie: Verbaal en nie-verbaal</b>	<b>86</b>
3.1.1	Verbale kommunikasie	86
3.1.2	Nie-verbale kommunikasie	89
<b>3.2</b>	<b>Geslagsverskille</b>	<b>91</b>
<b>3.3</b>	<b>Verskille in wêreldbeskouings</b>	<b>92</b>
3.3.1	Die waarde-oriëntasiemodel van wêreldbeskouings	93
3.3.2	Die paradigma van Sue en Sue soos saamgestel uit twee sielkundige dimensies	95
3.3.3	Cox se drieledige model van wêreldbeskouings	97
<b>3.4</b>	<b>Verskille in werkswaardes tussen kultuurgroepe</b>	<b>99</b>
3.4.1	Roepingsbewustheid	100
3.4.2	Individualisme	100
3.4.3	Deeglikheid	100
3.4.4	Tydkonsep	100
3.4.5	Dissipline	100
3.4.6	Kommunikasie	100
3.4.7	Prestasieмотivering	101
<b>3.5</b>	<b>Vooroordele en stereotipering</b>	<b>104</b>
<b>4.</b>	<b>Kultuur in 'n postmodernistiese konteks</b>	<b>105</b>

**5. Samevatting 106**

**HOOFSTUK 4: 'N OORSIG VAN BESTAANDE MODELLE VIR BEROEPSVOORLIGTING**

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>108</b>
<b>2.</b>	<b>Verloop van die navorsing</b>	<b>109</b>
<b>2.1</b>	<b>Die navorsingsgroep</b>	<b>109</b>
<b>2.2</b>	<b>Metode wat gevolg is met die insameling van inligting</b>	<b>109</b>
<b>2.3</b>	<b>Antwoorde ontvang</b>	<b>112</b>
<b>3.</b>	<b>Deurskouing van die inligting wat ontvang is</b>	<b>115</b>
<b>3.1</b>	<b>Plaaslike Universiteite</b>	<b>115</b>
3.1.1	University of North West	115
3.1.2	University of Durban-Westville	116
3.1.3	University of Natal	116
3.1.4	Potchefstroomse Universiteit vir CHO	117
3.1.5	Randse Afrikaanse Universiteit	118
3.1.6	Universiteit van Stellenbosch	118
3.1.7	Universiteit van Port Elizabeth	119
3.1.8	Universiteit van Suid-Afrika	120
<b>3.2</b>	<b>Plaaslike Teknikons</b>	<b>120</b>
3.2.1	Natal Teknikon	120
3.2.2	Teknikon Northern Gauteng	122
3.2.3	Teknikon Witwatersrand	122
3.2.4	Kaapse Teknikon	123
3.2.5	Teknikon Pretoria	123
3.2.6	Teknikon Vrystaat	125
<b>3.3</b>	<b>Internasionale Universiteite</b>	<b>125</b>
3.3.1	Oxford University	125
3.3.2	Vrije Universiteit van Brussel	127
<b>4.</b>	<b>'n Opsomming van die inligting wat van die onderskeie instansies ontvang is</b>	<b>128</b>
<b>5.</b>	<b>Samevatting</b>	<b>128</b>

## HOOFSTUK 5: 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>130</b>
<b>2.</b>	<b>Die moderne era: Kernelemente en probleme</b>	<b>132</b>
<b>2.1</b>	<b>Agtergrond</b>	<b>135</b>
<b>2.2</b>	<b>Die kernelemente van die modernisme</b>	<b>136</b>
	2.2.1 Die outonome rede	137
	2.2.2 Universalisme (totaliteitsbeginsel)	138
<b>2.3</b>	<b>Probleme / Kritiek</b>	<b>138</b>
<b>3.</b>	<b>Postmodernisme</b>	<b>138</b>
<b>3.1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>138</b>
<b>3.2</b>	<b>Agtergrond</b>	<b>142</b>
<b>3.3</b>	<b>Enkele verteenwoordigers van die postmodernistiese aannames</b>	<b>142</b>
	3.3.1 Jacques Derrida (1930)	143
	3.3.2 Jean Francois Lyotard (1924)	144
	3.3.3 Michel Foucault (1926-1984)	144
	3.3.4 Richard Rorty (1931)	146
	3.3.5 Charles Jencks	146
<b>3.4</b>	<b>Kernelemente van die postmodernisme</b>	<b>147</b>
	3.4.1 Die postmodernisme is anti-metafisies	147
	3.4.2 Die verlies van die mens as sentrale bron van kennis	148
	3.4.3 Die postmodernisme is anti-verligting en anti-humanisme	148
	3.4.4 Die onderliggende epistemologiese benadering	148
<b>3.5</b>	<b>Verskille tussen modernisme en die postmodernisme</b>	<b>149</b>
<b>3.6</b>	<b>Probleme / Kritiek</b>	<b>151</b>
<b>4.</b>	<b>Beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks</b>	<b>152</b>
<b>4.1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>152</b>
<b>4.2</b>	<b>Werksetiek binne die postmoderne era</b>	<b>154</b>
<b>5.</b>	<b>Beroepsvoorligting binne 'n postmoderne Suid Afrikaanse konteks</b>	<b>157</b>
<b>5.1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>157</b>
<b>5.2</b>	<b>Riglyne of innovasies op die terrein van beroepsvoorligting</b>	<b>159</b>
	5.2.1 Voorligters is nie eksperte nie	159
	5.2.2 Voorligters bemagtig kliënte eerder as om hulle met	

bepaalde beroepe te pas	159
5.2.3 Herskryf van 'n enkelvoudige waarheid	160
5.2.4 Beroepsontwikkeling as 'n persoonlike aangeleentheid	160
5.2.5 Loopbaanontwikkelingsteorieë is nie voorligtingsteorieë nie	161
5.2.6 Lewensverhale is belangriker as toetsresultate	161
<b>5.3 Doelwitte vir lewensoriëntering soos vervat in Kurrikulum 2005</b>	<b>162</b>
<b>6. Konseptualisering van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting</b>	<b>164</b>
6.1 'n Moontlike voorligtingsbenadering onderliggend aan 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting	164
6.2 'n Werkbare definisie vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks	165
6.3 Voorligtingsdoelwitte wat verken moet word in die ontwerp van postmodernistiese model vir beroepsvoorligting	165
6.4 'n Moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op mikro- sowel as makrostrukturele vlak	167
6.4.1 'n Narratiewe basis vir 'n model van beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks	167
6.4.2 Kulturele narratiewe	169
6.4.3 Die narratiewe benadering binne groepsverband	169
6.5 Fase in die verloop van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op mikrostrukturele vlak	170
6.5.1 Fase een - Beginfase: Formulering van die probleem	171
6.5.2 Fase twee - Middelfase	174
6.5.3 Fase drie - Eindfase	177
<b>7. Tegnieke</b>	<b>182</b>
7.1 Tegnieke wat 'n probleem kan verhelder	182
7.1.1 Sortering van beroepskaarte	182
7.1.2 'n Leer van konstukte opbou	183
7.1.3 Teken	184
7.2 Tegnieke wat kliënte help om 'n lewensverhaal te skep	185
7.2.1 Lewenslyn	185
7.2.2 Skep van lewenshoofstukke	186

7.2.3	Suksesvolle ervarings	187
7.2.4	Voorligtingsmateriaal	188
7.2.5	<i>Collage</i>	189
<b>8.</b>	<b>Aspekte wat verreken moet word in 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op makrostrukturele vlak</b>	<b>190</b>
<b>9.</b>	<b>Samevatting</b>	<b>106</b>

## **HOOFSTUK 6: TOEPASSING VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING**

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>196</b>
<b>2.</b>	<b>Die idiografiese/gevallestudie</b>	<b>197</b>
<b>2.1</b>	<b>Die doel van idiografiese/gevallestudie</b>	<b>197</b>
<b>2.2</b>	<b>Prosedure met die gebruik van die idiografiese/gevallestudie</b>	<b>198</b>
<b>2.3</b>	<b>Seleksie van die idiografiese/gevallestudie</b>	<b>199</b>
<b>2.4</b>	<b>Verkenningmedium</b>	<b>199</b>
<b>3.</b>	<b>Idiografiese/gevallestudies</b>	<b>199</b>
<b>3.1</b>	<b>Gevallestudie een</b>	<b>200</b>
	3.1.1 Identifiserende besonderhede	200
	3.1.2 Probleemstelling	200
	3.1.3 Skolastiese beeld	200
	3.1.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word	200
	3.1.5 Proses van voorligting	201
<b>3.2</b>	<b>Gevallestudie twee</b>	<b>204</b>
	3.2.1 Identifiserende besonderhede	204
	3.2.2 Probleemstelling	204
	3.2.3 Skolastiese beeld	205
	3.2.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word	205
	3.2.5 Proses van voorligting	205
<b>3.3</b>	<b>Gevallestudie drie</b>	<b>208</b>
	3.3.1 Identifiserende besonderhede	208
	3.3.2 Probleemstelling	208
	3.3.3 Skolastiese beeld	209
	3.3.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word	209

3.3.5	Proses van voorligting	209
<b>3.4</b>	<b>Gevallestudie vier</b>	<b>212</b>
3.4.1	Identifiserende besonderhede	212
3.4.2	Probleemstelling	212
3.4.3	Skolastiese beeld	212
3.4.4	Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word	212
3.4.5	Proses van voorligting	213
<b>3.5</b>	<b>Gevallestudie vyf</b>	<b>216</b>
3.5.1	Identifiserende besonderhede	216
3.5.2	Beroepsuitdaging	216
3.5.3	Agtergrond	216
3.5.4	Proses van voorligting	217
<b>3.6</b>	<b>Gevallestudie ses</b>	<b>219</b>
3.6.1	Identifiserende besonderhede	219
3.6.2	Beroepsuitdaging	219
3.6.3	Agtergrond	219
3.6.4	Proses van voorligting	220
<b>4.</b>	<b>Toepassingsmoontlikhede binne groepsverband</b>	<b>223</b>
<b>5.</b>	<b>Samevatting</b>	<b>223</b>
<b>HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS</b>		
<b>1.</b>	<b>Inleiding</b>	<b>225</b>
<b>2.</b>	<b>Doel met die studie</b>	<b>226</b>
<b>3.</b>	<b>Samevatting van die studie met die oog op aanbevelings</b>	<b>226</b>
<b>3.1</b>	<b>Hoofstuk een</b>	<b>226</b>
<b>3.2</b>	<b>Hoofstuk twee</b>	<b>227</b>
<b>3.3</b>	<b>Hoofstuk drie</b>	<b>227</b>
<b>3.4</b>	<b>Hoofstuk vier</b>	<b>228</b>
<b>3.5</b>	<b>Hoofstuk vyf</b>	<b>229</b>
<b>3.6</b>	<b>Hoofstuk ses</b>	<b>230</b>
<b>4.</b>	<b>Beperkings van hierdie studie</b>	<b>230</b>
<b>5.</b>	<b>Gevolgtrekkings</b>	<b>232</b>
<b>6.</b>	<b>Aanbevelings</b>	<b>233</b>



<b>6.1</b>	<b>Aanbevelings wat betrekking het op hierdie studie</b>	<b>233</b>
<b>6.2</b>	<b>Aanbevelings vir verdere navorsing</b>	<b>235</b>
<b>7.</b>	<b>Samevatting</b>	<b>235</b>
<b>BRONNELYS</b>		<b>237</b>
<b>Bylae A:</b>	<b>Toestemmingsbrief</b>	<b>255</b>
<b>Bylae B:</b>	<b>Korrespondensie plaaslike Universiteite</b>	<b>257</b>
<b>Bylae C:</b>	<b>Korrespondensie plaaslike Teknikons</b>	<b>332</b>
<b>Bylae D:</b>	<b>Korrespondensie internasionale instansies</b>	<b>371</b>
<b>Bylae E:</b>	<b>Gevallestudie vyf collage</b>	<b>402</b>
<b>Bylae F:</b>	<b>Gevallestudie ses tekening</b>	<b>405</b>

#### LYS VAN TABELLE

<b>Tabel 1.1</b>	<b>Nuwe beroepe vir die nuwe millenium</b>	<b>7</b>
<b>Tabel 3.1</b>	<b>Eienskappe van die etiese- en emiese benaderings</b>	<b>78</b>
<b>Tabel 3.2</b>	<b>Verskil in waardeoriëntasie in verskillende kultuurgroepe</b>	<b>94</b>
<b>Tabel 3.3</b>	<b>'n Opsomming van die verskil in werkswaarde tussen die Westerse samelewing en die tradisionele en 'verwesterse' swartmense</b>	<b>102</b>
<b>Tabel 4.1</b>	<b>Proses waardeur inligting ingesamel is van plaaslike instansies</b>	<b>110</b>
<b>Tabel 4.2</b>	<b>Proses waardeur inligting ingesamel is van internasionale instansies</b>	<b>112</b>
<b>Tabel 4.3</b>	<b>Uiteensetting van inligting ontvang vanaf plaaslike instansies</b>	<b>113</b>
<b>Tabel 4.4</b>	<b>Uiteensetting van inligting ontvang vanaf internasionale instansies</b>	<b>115</b>


<b>Tabel 4.5</b>	<b>'n Opsomming van die inligting wat van tersiêre instansie plaaslik en internasionaal ontvang is</b>	<b>128</b>
<b>Tabel 5.1</b>	<b>'n Teenstelling tussen die modernisme en postmodernisme</b>	<b>142</b>
<b>Tabel 5.2</b>	<b>Verskille tussen die modernisme en postmodernisme</b>	<b>150</b>
<b>Tabel 5.3</b>	<b>Verskuiwing tussen die modernisme en postmodernisme</b>	<b>151</b>
<b>Tabel 5.4</b>	<b>Veranderinge binne die werksetiek van die postmoderne era</b>	<b>155</b>
<b>Tabel 6.1</b>	<b>Proses van voorligting: Gevallestudie een</b>	<b>201</b>
<b>Tabel 6.2</b>	<b>Proses van voorligting: Gevallestudie twee</b>	<b>205</b>
<b>Tabel 6.3</b>	<b>Proses van voorligting: Gevallestudie drie</b>	<b>209</b>
<b>Tabel 6.4</b>	<b>Proses van voorligting: Gevallestudie vier</b>	<b>213</b>

#### LYS VAN FIGURE

<b>Figuur 1.1</b>	<b>Hipotesegenererings- en hipotesetoetsingsraamwerke</b>	<b>10</b>
<b>Figuur 1.2</b>	<b>Aksienavorsing</b>	<b>15</b>
<b>Figuur 2.1</b>	<b>'n Grafiese voorstelling van Holland se persoonlikheidstipes en beroepsklassifikasiemodel</b>	<b>37</b>
<b>Figuur 2.2</b>	<b>Holland se heksagoonmodel</b>	<b>40</b>
<b>Figuur 2.3</b>	<b>Die leermodel van loopbaanfases en -take van Super</b>	<b>48</b>
<b>Figuur 2.4</b>	<b>Die sirkulering- en hersirkuleringsmodel van ontwikkelingstake</b>	<b>50</b>
<b>Figuur 2.5</b>	<b>Die loopbaanreënboog: Ses lewensrolle in 'n skematiese lewensruimte</b>	<b>53</b>
<b>Figuur 2.6</b>	<b>Miller-Tiedeman en Tiedeman se kubusbesluitnemingsmodel</b>	<b>68</b>

<b>Figuur 3.1</b>	<b>Etnisiteit en ras - die kern van diversiteit</b>	<b>80</b>
<b>Figuur 3.2</b>	<b>Berry se Ekologies-Kultureel-Behavioristiese model</b>	<b>82</b>
<b>Figuur 3.3</b>	<b>'n Gesondheidsmodel wat akkulturasie konseptualiseer</b>	<b>84</b>
<b>Figuur 3.4</b>	<b>Sue en Sue se grafiese voorstelling van wêreld- beskouings</b>	<b>96</b>
<b>Figuur 3.5</b>	<b>Invloed op wêreldbeskouings volgens Cox se model</b>	<b>98</b>
<b>Figuur 5.1</b>	<b>Fase een: 'n Potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting</b>	<b>173</b>
<b>Figuur 5.2</b>	<b>Fase twee: 'n Potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting</b>	<b>176</b>
<b>Figuur 5.3</b>	<b>Fase drie: 'n Potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting</b>	<b>180</b>
<b>Figuur 5.4</b>	<b>'n Integrasie van die drie fases van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting</b>	<b>181</b>
<b>Figuur 5.5</b>	<b>'n Potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op mikro- en makrostrukturele vlak</b>	<b>193-194</b>

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, KONSEPTUALISERING, PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMMAANKONDIGING

### 1 ALGEMENE INLEIDING

Dramatiese politieke veranderinge in Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat daar snelle verandering, hernuwing en ontwikkeling in die samelewing plaasgevind het. In 'n poging om die balans te herstel in 'n gemeenskap waar diskriminasie en dispariteit aan die orde was, moes samelewingsinstellings drastiese veranderinge ondergaan en dringende aanpassings maak.

Die onderwysstelsel in Suid-Afrika was geen uitsondering nie en moes desnoods hernuwing ondergaan ten einde verteenwoordigend te raak van die ganse bevolking. Dit het noodsaaklik geword om diverse onderwysbehoefte in Suid-Afrika te erken en te hanteer.

Die werkskomitee vir voorligting van die RGN (1981) het tot die besluit gekom dat die primêre behoefte van leerders in die RSA daarop gerig is om voorberei te word op die wêreld van werk ná skool (RGN 1981; Witskrif op Onderwys 1995:25-26). Die volgende word aanbeveel: *Education should be the training ground for the economy and consequently career guidance should be linked more closely to the economy* (RGN 1981 lb:92; Witskrif op Onderwys 1995:22).

Die uitkoms van die hernuwingsproses in die onderwys vind gevolglik neerslag in Uitkomsgebaseerde Onderwys en Kurrikulum 2005. In hierdie nuwe benadering tot die

onderwys word spesifiek voorsiening gemaak vir die onderrig van lewensvaardighede as een van die leerareas. Die National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET) en die National Committee for Education Support Services (NCESS) se verslag met bevindinge en riglyne aangaande die voorsiening van kwaliteit onderrig vir almal (1997:1-269), stel die behoefte aan 'n nuwe model vir beroepsvoorligting prominent.

Uitdagings soos multikulturaliteit<sup>1</sup> en diverse wêreldbeskouings dien as motivering aan beroepsvoorligters<sup>2</sup> om 'n model<sup>3</sup> vir beroepsvoorligting te ontwerp waarby die ganse bevolking aanklank sal vind. Betz en Fitzgerald (1995:275) vermeld in hierdie verband dat daar van beroepsvoorligters verwag word om toenemend 'n nuwe gesindheid in te neem. Hulle stel dit soos volg: *an attitude not only respectful of but valuing diversity as enhancing the richness of one's life.*

Volgens Savickas (1993:205) is dit verder belangrik dat beroepsvoorligters op hoogte moet bly met veranderinge en vooruitgang in 'n samelewing. Verandering en vooruitgang impliseer ontwikkeling, wat as 'n proses ontstaan vanweë die behoeftes wat 'n gemeenskap ervaar.

Suid-Afrika en die wêreld betree 'n nuwe benadering of era wat volgens De Klerk (in Maree 1998/9:15) 'n transformasie van industrie na informasie, burokrasie na spanwerk en kompetisie na samewerking behels. Hierdie verandering vanaf die moderne era na 'n postmoderne era het ontstaan vanweë ernstige tekortkominge in die moderne wêreld. Savickas (1993:205) verklaar in aansluiting hierby:

---

<sup>1</sup> Die term "multikulturaliteit" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.8.

<sup>2</sup> Vir die doel van hierdie studie verwys die term "beroepsvoorligter" na sowel sielkundiges as voorligtingsonderwysers.

<sup>3</sup> Die gebruik van die term "model" is 'n kontradiksie van die uitgangspunte van die postmoderne benadering omdat die postmoderne benadering juis nie gekoppel wil word aan voorskrifte en voorgeskrewe planne nie. Vir gebrek aan 'n beter term word die term "model" in hierdie proefskrif gebruik met die uitsluitlike doel om die navorsers se konseptualisering van 'n postmodernistiese benadering tot beroepsvoorligting te illustreer. Die term "model" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.3.

*Hallmarks of the modern era such as logical positivism, objectivistic science and industrialism are being questioned as we decenter from an us versus them singular perspective toward a multiple perspective discourse.*

Kenmerkend van die postmoderne era<sup>4</sup> is dat 'n verskeidenheid in kultuur, waardes en godsdienstige oortuigings nou as verrykend vir 'n samelewing geag word. Verskille word nie meer verwyder/opgehef nie, maar wel geakkommodeer. Die kreatiwiteit, behoeftes en waardes van elke individu behoort binne dié raamwerk die keuse van 'n beroep<sup>5</sup> te rig.

Seeger (1999:1) voer aan dat die inligtingsontploffing en tegnologiese vooruitgang wat wêreldwyd in vorme soos die internet beskikbaar is, besig is om die wêreld van werk te verander. Beroepsvelde is besig om te verdwyn terwyl daar 'n klemverskuiwing in meeste ander beroepe plaasvind wat nuwe vaardighede gaan verg. Seeger (1999:1) stel in hierdie verband die volgende:

*If your kids have their hopes pinned on becoming a travel agent or stockbroker, you should warn them that these jobs could soon be extinct. Thanks to the internet, these careers could join the cemetery of extinct occupations along with typing pools and filing clerks.*

'n Klemverskuiwing van waardes binne die beroepswêreld veroorsaak dat die beroepsvoorligtingsproses aangepas moet word ten einde behoeftes (wat relevant is vir die konteks en era waarbinne die Suid-Afrikaanse gemeenskap funksioneer) aan te spreek. Hierdie studie word dus gerig op die unieke beroepsvoorligtingsbehoefte wat leerders in Suid-Afrika binne 'n postmodernistiese konteks ervaar.

'n Kritiese ondersoek is enersyds nodig na huidige modelle<sup>6</sup> van beroepsvoorligting wat deur verskeie Universiteite en Technikon's gebruik word. Andersyds behoort al die

---

<sup>4</sup> Die term "postmodernisme" word omskryf in hoofstuk een afdeling 5.6. Verheldering van hierdie begrip vind ook in hoofstuk vyf plaas. Vir doeleindes van hierdie studie word die term "postmodernistiese" meer algemeen gebruik omdat dit geag word 'n meer omvattende beskrywing te wees van die postmoderne uitgangspunte en epistemologiese standpunte. Daar mag wel ook gebruik gemaak word van die terme "postmodern" of postmodernisme na gelang van die konteks waarbinne dit gebruik word.'

<sup>5</sup> Vir doeleindes van hierdie studie verwys die term "beroep" na die tipe werk wat gedoen word binne 'n bepaalde beroepsomgewing.

<sup>6</sup> Huidige modelle vir beroepsvoorligting van verskeie universiteite en technikon's plaaslik en internasionaal word in hoofstuk vier afdeling 3.1 en 3.2 beskryf..

veranderlikes in ons gemeenskap bestudeer te word sodat riglyne uiteengesit kan word vir 'n deurskouing van beroepsvoorligting op mikro- en makrostrukturele vlak binne 'n postmodernistiese konteks.

## 2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Om te werk vorm 'n integrale deel van die mens se bestaan en die samelewing eis dat elke deelnemer daaraan 'n bydrae sal lewer. Daar kan tereg gesê word dat een van die belangrikste keuses wat 'n mens kan maak is die keuse van 'n toekomstige beroep. Hierdie keuse het per slot van sake omvattende implikasies vir 'n individu se toekoms.

Die behoefte aan beroepsvoorligting is geen nuwe verskynsel nie en daar word reeds geruime tyd op gestruktureerde wyse begeleiding in hierdie verband verskaf. Ofskoon daar effektiewe metodes bestaan waarvolgens beroepsvoorligting verskaf word in die RSA, moet in gedagte gehou word dat hierdie modelle ontwerp en van toepassing was op Suid-Afrika se voormalige ongelyke samelewing, binne 'n moderne wêreldkonteks. Volgens Kirchener (in Maree 1998/9:1) is daar in Suid-Afrika vandag 'n ambivalente gemeenskap waar daar nie meer 'n enkelvoudige waarheid bestaan nie.

In die konteks van 'n diverse, hersaamgestelde gemeenskap in 'n postmoderne era kan die volgende aspekte van bestaande modelle vir beroepsvoorligting as remmend vir effektiewe beroepsvoorligting beskou word:

- Beroepsvoorligting was tot op hede eksklusief vir blanke afrikaans- en engelssprekende leerders<sup>7</sup> toeganklik. Modelle vir voorligting was ontwerp om in hierdie spesifieke groep se behoeftes te voorsien wat uiteraard veroorsaak het dat dit nie toepaslik of relevant was vir 'n multikulturele, hersaamgestelde groep leerders

---

<sup>7</sup> In hierdie studie word die standpunt gehuldig dat enige rasse- of etniese klassifikasie van bevolkingsgroepe 'n kunsmatige manier is om tussen mense te onderskei. Dit herinner boonop aan die taal van die apartheidsera. Dit word egter gedoen met die doel om ongelykhede in die Suid-Afrikaanse bevolking uit te lig, met die oog op regstelling van die situasie.



nie. Vanweë ongelyke voorsiening was sowel voorligtings-<sup>8</sup> en beradingsdienste<sup>9</sup> as hulpbronne aan skole nie vir almal beskore nie. Dit was veral leerders uit benadeelde gemeenskappe wat hierdie noodsaaklike diens moes ontbeer. Bestaande agterstande is nog nie effektief opgehef nie wat tot gevolg het dat daar steeds 'n groot behoefte aan effektiewe, sinvolle beroepsvoorligting by 'n groot deel van ons bevolking bestaan.

- Bestaande modelle vir beroepsvoorligting steun hoofsaaklik op die resultate van psigometriese toetse as uitkoms vir die voorligtingsproses. Volgens De Klerk (in Maree 1998/9:13) is die gebruik van psigometriese toetse binne Suid-Afrika se multikulturele konteks vir die volgende redes problematies:
  - ✓ Daar is baie min psigometriese toetse wat spesifiek vir Suid-Afrika se multikulturele bevolking ontwerp is.
  - ✓ Amerikaanse en Europese toetse is nie altyd geldig of betroubaar vir die diverse kulture in die RSA nie.
  - ✓ Daar word groot waarde geheg aan die resultate van psigometriese toetse wat tot gevolg het dat die beroepsvoorligter as gesaghebbend beskou word en dat aanbevelings sonder meer aanvaar word.
  - ✓ Deur op die resultate van psigometriese toetse staat te maak vermy die leerder die verantwoordelikheid om selfstandig besluite oor die toekoms te neem. Daar is dus min sprake van selfontdekking en groei in hierdie proses.
  - ✓ Die Nasionale kommissie op Spesiale Onderwysbehoefte en Opleiding (NCSNET 1997:111) stel ook in hierdie verband dat gestandaardiseerde toetse alleenlik aangewend behoort te word indien daar sekerheid bestaan dat die gebruik van sodanige toetse nie diskriminerend van aard is nie. Die geldigheid van toetse moet deeglik ondersoek word alvorens dit aangewend word.

In aansluiting hierby verklaar Savickas (1993:213) die volgende: *Career counseling in a postmodern era will rely more on autobiography and meaning making than on interest inventories and guidance techniques.*

---

<sup>8</sup> Die term "voorligting" word in hoofstuk een afdeling 5.2.1 omskryf.

<sup>9</sup> Die term "berading" word in hoofstuk een afdeling 5.2.2. omskryf.

Volgens Grobler (1996:1) vereis beroepsvoorligting in die 'Nuwe Suid-Afrika' 'n omvattende benadering om aan die uiteenlopende behoeftes van 'n multikulturele bevolking te voldoen. Belangrike aspekte wat tydens die hernuwing van die model vir beroepsvoorligting verreken behoort te word, sluit in:

- die toepaslikheid van sodanige model vir alle kulture, geslagte en sosio-ekonomiese groepe;
- die fokus vir beroepsvoorligting behoort gerig te word op die lewenswerklikheid van die individu;
- behoeftes en waardes van die individu behoort rigtinggewend te wees ten opsigte van die keuse van 'n beroep; en
- postmoderne invloede behoort in só 'n model verreken te word.

Verandering wat in die wêreld van werk ontstaan het vanweë tegnologiese vooruitgang dien as verdere motivering vir 'n studie van hierdie aard. Ter illustrasie hiervan word verwys na 'n artikel getitel *New careers for the new millenium* (Seeger 1999:1) waarin vermeld word dat sekere beroepe 'uit' is en van die toneel gaan verdwyn terwyl 'n hele aantal 'nuwe' beroepe weer as belangrik vir die toekoms beskou word. Seeger (1999:1) noem in hierdie verband die volgende beroepe:

Tabel 1.1 Nuwe beroep vir die nuwe millennium (Seeger 1999:1)

Beroepe wat 'in' is	Beroepe wat 'uit' is
<i>Virtual organisation leader</i>	<i>Postman</i>
<i>Content engineer</i>	<i>Traders on stock exchange floor</i>
<i>Chief community strategist</i>	<i>Stockbroker</i>
<i>Ethical hacker</i>	<i>Travel agent</i>
<i>E-mail channel specialist</i>	<i>Photo lab worker</i>
<i>Consumer experience manager</i>	<i>Typist</i>
<i>Metamediary</i>	<i>Personal assistant</i>
<i>Chief knowledge officer</i>	<i>Secretary</i>
<i>Chief internet officer</i>	
<i>Content engineer</i>	
<i>Personal surfer</i>	

Vanuit hierdie tabel kan afgelei word dat heelwat nuwe beroepsvelde tot stand kom en dat die eise wat aan die beroepsvoorigter gestel word dienooreenkomstig sal aanpas.

### 3. DEFINIËRING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN FORMULERING VAN NAVORSINGSVRAE

#### 3.1 Die navorsingsprobleem

Mouton (1996:65) glo dat navorsing met 'n refleksie begin wat aan die hand van ongestruktureerde gedagtes, vermoedens, vrae of hipoteses kan plaasvind.

Probleme wat tans in Suid-Afrika ten aansien van beroepsvoorigting ervaar word, kan onder meer soos volg saamgevat word:

- Veranderinge in die onderwysstelsel in die postapartheid Suid-Afrika het saam met die implementering van Kurrikulum 2005 duidelike leemtes in die huidige loopbaanvoortligtingsmodelle uitgewys (Kurrikulum 2005:1997). Hierdie leemtes het ontstaan omdat bestaande modelle nie deurlopend aangepas is om voorsienig te maak vir die verrekening van kultuurverskille en diverse wêreldbeskouings nie (Maree 1996/7:2-3; Kurrikulum 2005:1997).
- Beroepsvoortligting is steeds nie toeganklik vir die groter meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie en bestaande agterstande in opleiding is steeds nie opgehef nie (Maree 1996/7:12-13).
- Werkloosheid onder Suid-Afrikaners is tans aan die toeneem vanweë opleidingsagterstande, min werksgeleenthede, ontoereikende beroepsbegeleiding (wat tot beroepsontevredenheid lei) en opleiding wat nie gerig is op die eise wat deur 'n veranderende samelewing gestel word nie. Die oproep tot beroepsvoortligters om hierdie probleme te hanteer, tree tans sterker as ooit op die voorgrond (De Klerk in Maree 1998/9:14).
- Mannekragontwikkeling in Suid-Afrika behoort as 'n prioriteit beskou te word ten einde 'n steeds verswakkende ekonomie te help versterk (De Klerk in Maree 1998/9:14).
- Beroepsvoortligting raak meer kompleks en daar word aan die einde van die twintigste eeu hoër eise aan die beroepsvoortligter gestel om leerders toe te rus om in 'n steeds veranderende wêreld 'n verantwoordbare<sup>10</sup> beroepskeuse te maak.

Bogenoemde navorsingskwessies het die navorser laat reflekteer oor die relevansie en resenteheid van bestaande modelle vir beroepsvoortligting. Daar is veral tot die besef gekom dat die toepassingsmoontlikhede van bestaande modelle ten opsigte van die behoeftes van veral die meerderheid van die RSA se inwoners uiters beperk is. Die beroepsvoortligtingsbehoefte van alle leerders, ongeag ras, geslag of kultuur behoort binne die Suid-Afrikaanse postmodernistiese konteks aangespreek te word.

---

<sup>10</sup> Die term "verantwoordbare" word in hoofstuk een afdeling 5.9 omskryf.

**In essensie behels die navorsingsprobleem die vraag hoe die diverse beroepsvoorligtingsbehoefte van alle leerders (spesifiek in die RSA) in 'n postmodernistiese konteks hanteer kan word.**

### **3.2 Die formulering van navorsingsvrae**

Die volgende relevante navorsingsvrae kan aan die hand van die navorsingsprobleem geformuleer word:

- **Wat is die aard van moderne epistemologiese vertrekpunte rakende beroepsvoorligting? (Hoofstuk 2)**
- **Wat is die kultuurspesifieke beroepsvoorligtingsbehoefte wat leerders tans in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks ervaar? (Hoofstuk 3)**
- **Watter tendense is sigbaar in bestaande modelle van beroepsvoorligting in die RSA by universiteite en teknikons, asook by internasionale tersiêre opleidings instansies? (Hoofstuk 4)**
- **Wat is die beroepsvoorligtingsbehoefte wat leerders tans in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks ervaar? (Hoofstuk 5)**
- **Hoe sal die konseptualisering van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting daar uitsien? (Hoofstuk 5)**
- **Wat is die toepassingsmoontlikhede van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting? (Hoofstuk 6)**

## **4 NAVORSINGSONTWERP**

Mouton (1996:175) glo dat die doel waarvoor 'n navorsingsontwerp beplan word, die volgende is: *To plan, structure and execute the relevant project in such a way that the validity of the findings is maximised.*

Die navorsingsontwerp van die onderhawige studie behels die volgende:

Die doel van die navorsing

Die tipes navorsing wat uitgevoer is

## Steekproefneming


Metodes waardeur die inligting versamel is

### 4.1 Die doel van die navorsing

Die doel van hierdie studie is om 'n potensiele postmodernistiese model vir beroepsvoorigting te ontwerp aan die hand waarvan alle leerders deur betekenisvorming hul eie toekomsverhale kan skep.

Hierdie studie is eerder ondersoekend as verklarend van aard en is gevolglik gerig op **die generering van hipoteses eerder as op hipotesetoetsing**. Hodgkinson (1998:12) het die volgende diagram uit Mouton aangepas om die verskil tussen 'n hipotesegenererende studie en 'n hipotesetoetsende studie aan te dui:

**Figuur 1.1:** Hipotesegenerings- en hipotesetoetsingsraamwerke (Hodgkinson 1998:13)



## 4.2 Tipes navorsing wat uitgevoer is

### 4.2.1 Literatuurstudie

Die ondersoek sal poog om bestaande literatuur en navorsing oor die onderwerp te ondersoek. Die literatuur oor die postmodernisme en beroepsvoorligting sal bestudeer word. Die literatuur oor die onderwerp soos dit tans bestaan, sal beskryf word.

Volgens De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981:12) kan 'n navorser op grond van 'n analise van bestaande literatuur tot nuwe insigte kom en 'n nuwe teorie of model ontwerp wat 'n beter verklaring vir bestaande gegewens bied.

### 4.2.2 Beskrywende navorsing

Volgens De Wet *et al.* (1981:12) word beskrywende navorsing uitgevoer om inligting te verkry oor bestaande situasies of om standarde of norme te verkry waarmee bestaande toestande vergelyk kan word.

Deur van beskrywende navorsing gebruik te maak, word inligting vanaf verskeie tersiêre instansies, plaaslik en internasionaal, aangevra. Hierdie inligting sal gebruik word om die bestaande praktyke ten opsigte van beroepsvoorligting<sup>11</sup> te ondersoek.

### 4.2.3 Idiografiese/gevallestudie navorsing<sup>12</sup>

In hierdie studie word van idiografiese/gevallestudie as navorsingstrategie gebruik gemaak. Daar sal gepoog word om *die enkele, unieke gebeurtenis of verskynsel en die wyse waarop dit struktureel saamhang* (Mouton & Marais 1990:51) in die beroepsvoorligtingspraktyk binne 'n postmoderne konteks te bestudeer en verklaar.

---

<sup>11</sup> Vir bondigheid sal ook van die term "voorligting" gebruik gemaak word as sinoniem vir die term "beroepsvoorligting" en so ook van die term "voorligter" as sinoniem vir die term "beroepsvoorligter".

<sup>12</sup> 'n Verdere beskrywing van idiografiese/gevallestudies kan in hoofstuk ses afdeling 2 gevind word.

Sturman (Keeves 1997:63) verwys na vier metodes aan die hand waarvan idiografiese/gevallestudies<sup>13</sup> kan voltrek naamlik:

- Etnografiese gevallestudies wat 'n enkele, in-diepte studie behels, wat gewoonlik aan die hand van deelnemer observasie en onderhoudvoering voltrek word.
- Aksienavorsing gevallestudies waar die fokus gerig is daarop om verandering in die gevallestudie te bewerkstellig.
- Evaluerende gevallestudies wat die evaluering van programme behels.
- Opvoedkundige gevallestudies wat ontwerp is om die begrip vir opvoedkundige situasie te verbeter.

Die vertrekpunt vir navorsing in hierdie studie is die bestudering van enkele gevallestudies ten einde verskille en ooreenkomste aan te dui. Volgens Mouton en Marais (1990:51) is hierdie benadering eie aan die aard van gevallestudies. Die bestudering van die gevallestudie in terme van die *onmiddellike konteks of kader* (Mouton & Marais 1990:51) daarvan, beteken dat hierdie navorsingstrategie **kontekstueel** van aard is. Waar die navorsingsdoelstelling van hierdie studie dus verklarend-voorspellend van aard is, is daar sprake van kontekstuele verklaring aan die hand van gevallestudies en interne geldigheid.

**Interne geldigheid** is aanduidend van die feit dat hierdie studie ten doel stel om akkurate en werklikheidsgetroue bevindinge oor 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te genereer. Volgens Mouton en Marais (1990:52-53) is die kriteria vir interne geldigheid die volgende:

- Konstruke wat gemeet is, lewer geldige metings op.
- Die ingesamelde data is akkuraat en betroubaar.
- Die ontleding bly getrou aan die data.
- Die finale gevolgtrekkings word deur die data ondersteun.

Vir die doel van hierdie studie beteken bogenoemde kriteria van interne geldigheid die volgende:

---

<sup>13</sup> Vir bondigheid sal die term "gevallestudies" as sinoniem vir idiografiese studie gebruik word.



Vir die doel van hierdie studie beteken bogenoemde kriteria van interne geldigheid die volgende:

- Dat die onderhawige gevallestudies sal fokus op die implementering en uittoetsing van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.
- Dat alle data van die onderhawige gevallestudies werklikheidsgetrou in hierdie studie weergegee sal word.
- Dat die bespreking (analise, sintese) van die data getrou sal wees aan die vergestaltung daarvan binne die beroepsvoorligtingsproses.
- Dat alle gevolgtrekkings begrond sal wees deur die bespreekte data soos wat dit in die beroepsvoorligtingsproses na vore tree.

Die navorsing sal sinchronies, of te wel kruisstruktureel geskied. **Kruisstrukturele navorsing** behels volgens Mouton en Marais (1990:43) dat *'n bepaalde verskynsel op 'n gegewe moment as voorwerp vir navorsing geld*. Vir doeleindes van hierdie studie is die bepaalde verskynsel die effektiwiteit van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

Die meetinstrument ('n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting), die navorser en die tyd-ruimtelike konteks sal konstant bly, maar verskillende subjekte sal deelneem aan die studie. Sodoende word al vier die **veranderlikes wat betroubaarheid** van waarnemings mag bedreig (Mouton & Marais 1990:81) aangespreek.

In die navorsingsontwerp het die navorser dus gepoog om die hoogs moontlike betroubaarheid en interne geldigheid vir die idiografiese-/gevallestudie navorsing, te bewerkstellig.

Volgens Sturman (in Keeves 1997:65) kan die volgende strategieë ook aangewend word om die betroubaarheid van gevallestudies te verhoog:

- Die prosedure wat gevolg word om die data te versamel, moet beskryf word.
- Die data wat versamel word moet beskikbaar gestel word vir heranalise.
- Negatiewe momente moet vermeld word.

- Vooroordele moet verreken word.
- Veldwerkanalises moet aangeteken word.
- Die verhouding tussen bewerings en verklarings moet verhelder word.
- Primêre- en sekondêre verklarings moet van mekaar onderskei word. So ook beskrywing van interpretasie.
- 'n Dagboek van die verskillende fases van die studie moet gehou word.
- Metodes moet ontwerp word om die kwaliteit van die data wat versamel is te beoordeel.

In hierdie studie word spesifiek gebruik gemaak van *ex post-facto*-navorsing asook aksienavorsing in die benadering tot gevallestudies.

#### 4.2.3.1 *Ex post facto*-navorsing<sup>14</sup>

Aspekte van *ex post facto*-navorsing wat in hierdie studie aangewend word, behels dat daar 'n 'na die feit'-benadering gevolg is deur 'n terugskouing te neem op betrokke faktore. In die onderhawige studie word *ex post facto*-navorsing voltrek wanneer gefokus word op gevallestudies waar kliënte reeds voorligting ontvang het aan die hand van die tradisionele benadering tot voorligting. Hierdie benadering sal dan vergelyk word met 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

#### 4.2.3.1 Aksienavorsing<sup>15</sup>

Cohen en Manion (1994:192) beskryf aksienavorsing as

*Essentially an on-the-spot procedure designed to deal with a concrete problem located in an immediate situation. This means that the step-by-step process is constantly monitored over varying periods of time and by a variety of mechanisms (questionnaires, diaries, interviews and case studies, for example) so that the ensuing feedback may be translated into modifications, adjustments, directional changes, redefinitions as necessary, so as to bring*

---

<sup>14</sup> Gevallestudies wat aan die hand van *ex post facto*-navorsing voltrek word in hoofstuk ses afdeling 3.1 tot 3.4 bespreek.


<sup>15</sup> Gevallestudies wat aan die hand van aksienavorsing voltrek word in hoofstuk ses afdeling 3.5 tot 3.6 bespreek.

*about lasting benefit to the ongoing process itself rather than to some future occasion, as is the purpose of more traditionally oriented research. Unlike other methods, no attempt is made to identify one particular factor and study it in isolation, divorced from the context giving it meaning.*

Soos wat 'n individu se loopbaanpatroon duidelik word, word pogings (deur die individu) aangewend om daarin te stabiliseer sodat standvastigheid verwerf kan word.

- Die instandhouding-subfase (45-64 jaar)

Staanplek in 'n beroep is gevestig en pogings word nou aangewend om daarop te bou.

### **Die fase van afname (65 jaar)**

Algemene karaktertrekke binne dié fase is die afname in fisieke en geestelike kragte en gepaardgaande veranderende werkaktiwiteite. Rolverandering vind plaas (vanaf selektiewe deelnemer tot observeerder).

### **Subfases in die fase van afname (65-70 jaar)**

- Die vermindering van tempo-subfase (65-70 jaar)


Eise en take mag moontlik aangepas word om afname in werkskapasiteit te akkommodeer. Deeltydse werk mag aanvaar word om voltydse werk te vervang. Aftrede mag ná 70 jaar plaasvind, maar hier bestaan daar verskille ten opsigte van individue se omstandighede.

Healy (1982:16) beskryf die lewensfases soos volg:

*The career stages are ongoing and overlapping. Each continues throughout life, but generally one stage is dominant at each point in life. The timing of each stage is determined both by the society's educational and work systems and by human nature. Every society evolves its own organization so that its members in the same age cohort tend to act similarly. The parameters of the organization are dictated by universal factors such as physical and mental maturation, but the particulars of the stage vary across cultures*

Ten einde bogenoemde stadia uit te beeld het Super (1994:68) 'n model ontwerp wat hierdie ontwikkelingstadia grafies kan uitbeeld. Hierdie model staan bekend as die leermodel van loopbaanfases en -take en word soos volg voorgestel:

**Figuur 2.3** Die Leermodel van loopbaanfases en -take van Super, soos aangepas deur Brown en Brooks (Sharf 1992:124)



Volgens Super (1994:68) beeld hierdie model die klassieke reeks lewenstadia uit. Dit illustreer die kenmerkende take en in sommige omstandighede ook die uitkomst. Die model toon ook die ouderdom waarop hierdie take gewoonlik voorkom en die ouderdom waarop transisie van een stadium of substadia tot 'n volgende plaasvind.

Vanuit die leermodel van loopbaanfases het Super (1994:70) die sirkulering- en hersirkuleringsmodel ontwerp om te illustreer hoe individue in wese (namate hulle deur die lewe reis) met dieselfde ontwikkelingsake in verskillende vorms gekonfronteer word.

**Figuur 2.4** Die sirkulering- en hersirkuleringsmodel van ontwikkelingstake (Super 1994:70).

<b>Ouderdom</b>				
	Adolessensie 14-25	Vroeë Volwassenheid 25-45	Middel- Volwassenheid 45-65	Laat Volwassenheid 65 en ouer
<i>Afname</i> Ontwikkelingstake tydens elke ouderdom	Bestee minder tyd aan stokperdjies	Vermindering van sportdeelname	Fokus op wesenlike	Verminder werksure
<i>Instandhouding</i> Take tydens elke ouderdom	Verifieer huidige beroepskeuse	Vergewis jou van beroepsposisie	Staan plek vol teen kompetisie	Behou dit wat jy geniet
<i>Vestiging</i> Take tydens elke ouderdom	Aanvang in 'n gekose rigting	Vestiging in 'n gepaste posisie	Ontwikkel nuwe vaardighede	Doen wat jy altyd graag wou
<i>Ondersoeking</i> Take tydens elke ouderdom	Vind uit oor verskillende geleenthede	Vind verlangde geleentheid	Identifiseer nuwe werkstake	Verkry toepaslike plek vir aftrede
<i>Groei</i> Take tydens elke ouderdom	Ontwikkel 'n realistiese selfkonsep	Samehorigheid met ander	Aanvaarding van eie beperkings	Ontwikkel en waardeer nie-beroepsrolle

Die model illustreer 'n afname in gedrag, ook gedurende adolessensie, aangesien minder tyd aan stokperdjies en meer aan hofmakery, die vestiging van 'n huis, gemeenskap en werk bestee word. In die volgende ontwikkelingsstadium, naamlik die vroeë volwassenheid, is daar weer 'n afname in sportdeelname vir groter tydsbesteding aan werk- en tuisteskeppende rolle.

### 3.1.3 Loopbaanvolwassenheid

Langley (1989:110) definieer loopbaanvolwassenheid as *die individu se vermoë om toepaslike ontwikkelingsstake gedurende 'n gegewe ouderdom of lewensfase te hanteer*.

Super (Sharf 1992:153-154) beweer dat loopbaanvolwassenheid uit die volgende vyf hoofkomponente bestaan:

- Oriëntasie ten aansien van loopbaankeuse wat spesifiek betrekking het op loopbaankeuse en die gebruik van loopbaaninligting.
- Inligting en beplanning aangaande 'n gekose beroep. Dit verwys na die spesifieke inligting wat 'n individu bekom het oor die beroep wat hy/sy wil betree.
- Konsistensie van loopbaanvoorkeur (dit sluit in stabiliteit in loopbaankeuse met verloop van tyd, sowel as konsistensie ten opsigte van loopbaanvelde en vlakke).
- Kristallisering van trekke sowel as houdings teenoor werk.
- Die wysheid van loopbaanvoorkeur wat verwys na die verhouding tussen keuse en vermoëns, aktiwiteit en belangstellings.

Super (Langley 1989:11) beweer dat 'n mens loopbaanvolwassenheid bereik wanneer die volgende afgehandel is:

- Verkryging van kennis oor jouself.
- Die vermoë om loopbaan besluite te neem.
- Verkryging van loopbaaninligting.
- Die vermoë om selfkennis met loopbaaninligting in verband te bring.
- Die vermoë om loopbaandoelstellings realisties aan te pas na gelang van die ondervinding wat in die loopbaanontwikkelingsproses opgedoen is.



### 3.1.4 Lewensrolle


'n Konsep wat deurgaans in Super se teorie na vore tree is die konsep van lewensrolle wat hy soos volg definieer: *A career is defined as the combination and sequence of roles played by a person during the course of a lifetime* (Super 1980:282).

Super beskryf ses hoofrolle, naamlik:

- kind
- student
- vryetydbesteder
- gemeenskapsdeelnemer
- werker
- tuisteskepper

Super (1994:65) se loopbaanreënboog illustreer hoe dié rolle binne die lewensverloop van 'n individu mag varieër. Volgens Super (1980:289) beklemtoon die loopbaanreënboog 'n individu se lewenskoers en sy/haar vernaamste lewensrolle, aangesien dit verband hou met sy/haar lewensloop en lewensruimte.

Figuur 2.5 Die loopbaanreënboog: ses lewensrolle in 'n skematiese lewensruimte (Super 1980:289)



In hierdie figuur is elke boog verteenwoordigend van 'n rol in die lewe. Hoe groter die ingekleurde area in elke boog, hoe belangriker is die rol. Super en Neville (in Sharf 1992:122) verduidelik die loopbaanreënboog soos hierbo geïllustreer is, soos volg:

*The person portrayed in this rainbow finished college at the age of 22, went at once to work, married at age 26, became a parent at age 27, intermittently attended school part-time until returning full-time at age 47, suffered the loss of parents at age 57, retired at 67, was widowed at 78, and died at age 81.*

Die meetinstrument genaamd *Die Rolbelangrikheidsvraelys* is deur Super en Neville (in Langley 1989:13) ontwikkel om die relatiewe belang van lewensrolle by 'n individu te bepaal. Die instrument is ook reeds in Suid-Afrika toegepas en vir gebruik beskikbaar (Langley, 1989:13).

### 3.1.5 Waardes

Volgens Super (1973:190) weerspieël waardes die gevoel van 'n persoon teenoor sekere handeling wat hy/sy van belang ag en wat tot uiting kom in die proses wat gevolg word om bepaalde doelwitte te bereik. Waardes is ingestel op die gevoelsaspek en die bevrediging van 'n behoefte in die bereiking van 'n doelwit.

In aansluiting hierby is Super (1973:190) van mening dat *values are objectives that one seeks to attain to satisfy a need.*

Na aanleiding van Super se bevindinge in samewerking met lede van sy internasionale werkbelangrikheidsondersoekspan, kon 'n waardeskaal ontwikkel word om die belangrikheid van 22 werkswaardes te evalueer. Hierdie waardes sluit in:

- die benutting van vermoëns
- prestasie
- ooruitgang
- estetika
- altruïsme
- outoriteit

- onafhanklikheid
- kreatiwiteit
- kulturele identiteit
- ekonomiese vergoeding
- ekonomiese sekuriteit
- lewenstyl
- persoonlike ontwikkeling
- fisieke aktiwiteit
- fisieke krag
- prestige
- risiko
- sosiale interaksie
- sosiale verhoudings
- geestelike waardes
- verskeidenheid
- werksomstandighede

Katz (1980:34) beskou waardes as die beginpunt van besluitneming in die beroepsbesluitnemingsproses met die volgende bewering: *Values are the starting point in a career decision-making process designed to expand individual freedom and active participation*

### **3.1.6 Selfkonsep**

*A self-concept reflects expectations* (Healy 1982:19). Super (1990:207) beskryf die ontwikkeling van die selfkonsep soos volg:

*The process of career development is essentially that of developing and implementing occupational self-concepts. It is a synthesizing and compromising process in which the self-concept is a product of the interaction of inherited aptitudes, physical make-up, opportunity to observe and play various roles, and evaluation of extent to which the results of role-playing meet with the approval of superiors and fellows (interactive learning).*

Sharf (1992:135) beweer dat die selfkonsep in die laat kinderjare tot vroeë adolessentejare na vore tree. Deur die behoefte om meer oor die omgewing te leer en te ontdek en om objekte en mense in die omgewing te eksploreer, leer die kind meer inligting wat die basis sal vorm vir die ontwikkeling van die selfkonsep.

Super (Langley 1989:19) se teorie fokus op drie komponente in die ontwikkeling van die selfkonsep, te wete vorming, oordrag en implimentering. Hierdie drie konsepte word vervolgens kortliks toegelig:

- Vorming

Die vorming van die selfkonsep vind plaas in vyf stadia :

- ✓ Eksplorering: Wanneer die individu bewus raak van sy/haar vermoëns en tekortkominge.
- ✓ Differensiëring: Wanneer die individu bewus word van hoe hy/sy van ander persone verskil.
- ✓ Identifisering: Wanneer 'n individu met 'n rolmodel identifiseer.
- ✓ Rolspel: Wanneer die persoon sekere rolle van 'n beroep uitleef ('n student in regte raak byvoorbeeld by studentepolitiek betrokke).
- ✓ Realiteitstoetsing: Wanneer 'n individu sy/haar eie vermoëns in die praktyk toets.

- Oordrag

Die oordrag van die selfkonsep in 'n bepaalde beroep behels die verwagtinge wat daardie individu van die beroep koester en hoe hy/sy hom/haar daarin uitleef.

- Implementering

Implementering van die selfkonsep verwys na die realiteitstoetsing in die toepassing van die individu se verwagtings binne 'n spesifieke beroep. Wanneer 'n persoon se selfkonsep dus gedurende die lewensiklus verander, kan loopbaankeuses ook verander.

### 3.1.7 'n Kritiese evaluasie van Super se teorie

Langley (1989:19-20) beklemtoon die volgende praktiese implikasies van Super se teorie:

- Die voorligtingskliënt moet gelei word om loopbaanontwikkeling as 'n lewenslange proses te sien.
- Die voorligtingskliënt moet gehelp word om sy/haar vlak van loopbaanvolwassenheid in die betrokke fase te evalueer.
- Die voorligtingskliënt moet verstaan dat 'n loopbaan nie slegs 'n werk is nie, maar die resultaat van verskillende stadia in die lewensiklus. Die kliënt moet gehelp word om te verstaan hoe hierdie rolle aangewend kan word.
- Die voorligtingskliënt moet gehelp word om te verstaan wat die relatiewe belang van werk binne sy/haar eie waardestelsel is.
- Die voorligtingskliënt moet geondersteun word in die opbou van 'n sterk en positiewe selfkonsep.

Crites (Sharf1992:180) is van mening dat, hoewel die ontwikkelingsbenadering tot loopbaanontwikkeling nog onvolledig is met betrekking tot bepaalde aspekte, dit steeds een van die mees omvattende sisteme is waardeur hulpverlening oor loopbaanprobleme aan kliënte gegee kan word. Crites meen dat Super se teorie verder verfyn kan word deur die verhouding tussen hierdie teorie, leerverskynsels en leerprosesse te ondersoek.

Sharf (1992:144-145;198) lewer die volgende kommentaar aangaande Super se ontwikkelingsteorie:

- Deur bewus te wees van Super se verklaring van loopbaanontwikkeling by kinders kan die beroepsvoorligter gehelp word om kinders te verstaan en te ondersteun.
- Super se lewensfaseteorie maak dit moontlik vir die beroepsvoorligter om te sien hoe die voorligter se doelwitte van die kliënt kan verskil. Hierdie kennis stel die voorligter in staat om doelwitte daar te stel in ooreenstemming met die kliënt se loopbaanvolwassenheid.

Osipow (1968:147) beskou Super se teorie soos volg: *The theory is a well ordered highly systematic representation of the process of maturation.* Osipow (1968:147) verklaar dat Super se teorie gefundeer is op omvattende navorsing. Hy voel egter dat hierdie teorie meer aandag behoort te gee aan ekonomiese en sosiale faktore wat 'n rol speel in die uitoefening van beroepsbesluite.

Volgens Baloyi (1996:128-129) is die konstruksie van Super se loopbaanontwikkelingsteorie toepaslik vir hoërskoolleerlinge wat afkomstig is uit Westerse- sowel as Afrikakulture. Navorsing deur Langley (Grobler 1996:25) bevestig dat persone uit Westerse- en Afrikakulture dieselfde oriëntasie deel teenoor die meeste waardes soos deur Super geïdentifiseer. Super se benadering het die daarstelling van die *Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)* en die *Lewensrolvraelys* gestimuleer (Grobler 1996: 25).

Super (1994:72) is van mening dat sy selfkonseptorie verder uitgebrei moet word. Hy wys op die behoefte aan 'n beter meetinstrument vir loopbaanvolwassenheid.

Volgens Brown (Grobler 1996:24) behoort Super se veertien stellings uitgebrei te word sodat toekomstige navorsing op 'n sistematiese wyse die werksaamhede van die teorie kan ondersoek.

## **4 SPESIALE FOKUSTEORIEë**

### **4.1 Die persoonlikheidsontwikkelingsteorie van Roe**

#### **4.1.1 Opsomming van die teoretiese konsepte**

Roe (Tolbert 1974:59) huldig die standpunt dat die kwaliteit van vroeë verhoudings die ontwikkeling van 'n individu se belangstelling affekteer wat weer uiteindelik die keuse van 'n loopbaan bepaal. Sy stel verder dat elke persoon 'n aangebore geneigdheid het om psigiese energie op 'n sekere manier aan te wend om sy/haar behoeftes te

bevredig. Die verspreiding van psigiese energie tussen opleiding en werk, tesame met verskillende ervarings uit die omgewing gedurende die kinderjare, vorm die algemene styl wat 'n individu ontwikkel om sy/haar behoeftes gedurende sy/haar lewensverloop te bevredig.

Volgens Roe is die fokuspunt van haar teorie twee uiteenlopende areas, naamlik persoonlikheidsteorie en beroepsklassifikasie en die integrasie daarvan. Maslow se persoonlikheidsteorie en veral sy teorie oor die hiërargie van behoeftes is aangewend om die betekenis van werk te verklaar, terwyl Roe klassifikasiesisteme van velde en vlakke van beroepe ontwerp het ten einde die beroepswêreld te sistematiseer (Tolbert 1974:61).

Osipow (1973:17-18) verklaar Roe se teorie vanuit twee vlakke:

- Die eerste vlak behels dat elke individu se vermoëns en belangstellings deur genetiese faktore onderlê word. Die verbruik van psigiese energie is nie totaal onder die individu se beheer nie en die individu ontwikkel 'n voorrang van behoeftes wat deels gebaseer is op vroeë frustrasies en deels op genetiese faktore. Dit is veral Maslow (Tolbert 1974:61) se teorie wat daarop wys dat mense se behoeftes hiërargies georden kan word.
- Die tweede vlak behels die wyse waarop die ontwikkeling van patrone en sterk punte van basiese behoeftes beïnvloed word deur ervaringe vanuit die kinderjare. Drie aannames is hier van belang:
  - ✓ Behoeftes wat deurentyd bevredig word, word nie onbewuste motiveerders nie.
  - ✓ Hoë-orde-behoeftes (soos Maslow se selfaktualiseringsbehoefte) verdwyn in totaal indien dit slegs by uitsondering bevredig word.
  - ✓ Behoeftes wat na ongewone uitstel bevredig word, word onbewuste motiveerders van gedrag.

Roe (Osipow 1973: 19-20) gaan van die standpunt uit dat kinderopvoedingspraktyke direk verband hou met die tipe behoeftes wat bevredig word en die uitstel wat betrokke is by die bevrediging van daardie behoeftes.



Roe en Siegelman (Tolbert 1974:61) het 'n aantal hipoteses geformuleer wat verband hou met warm en koue tuisomgewings:

- Liefdevolle, beskermende, en veeleisende tuisomgewings sal aanleiding gee tot persoonsgeoriënteerdheid by die kind wat weer later aanleiding gee tot persoonsgeoriënteerdheid in beroepe.
- Verwerping, verwaarlosing en informele tuisomgewings sal aanleiding gee tot persoonsgesentreerdheid in beroepe.
- Indien ekstreme beskermende en veeleisende omstandighede deur die kind as beperkend ervaar word, mag só 'n kind uit weerstand nie-persoonsgeoriënteerd raak.
- Indien sommige individue verwerping tuis ervaar het, mag hulle persoonsgeoriënteerd raak in 'n soeke na tevredenheid.
- Liefdevolle en informele tuisomgewings verskaf in Tolbert (1974: 49) se woorde *a sufficient amount of relatedness that other factors such as abilities would determine interpersonal directions more than personal needs.*

Op grond van bogenoemde twee vlakke het Roe en Lunnenborg (1990:82) 'n agt-by-ses-skema ontwikkel waarvolgens beroepe geklassifiseer kan word. Dié agt beroepe sluit in:

diens

besigheidskontak

organisasie

tegnologie

buitelewe

wetenskap

algemene kultuur

kuns en vermaak

Die ses vlakke in elke groep word volgens Roe (Sharf 1992:259), op 'n kontinuum van verantwoordelikheid voorgestel:

- **Professioneel en bestuur 1**  
Individue in hierdie groep geniet onafhanklike verantwoordelikheid. Dit is die hoogste vlak van verantwoordelikheid in 'n groep. Hierdie individue neem besluite wat baie mense raak.
- **Professioneel en bestuur 2**  
Individue in hierdie groep het minder onafhanklikheid en minder belangrike verantwoordelikheid en is betrokke by die interpretering van beleid en die neem van besluite.
- **Semi-professioneel en kleinsake**  
Individue in hierdie groep geniet matige verantwoordelikheid vir ander.
- **Geskoolde opleiding**  
Individue in hierdie groep ontvang opleiding in die vorm van 'n ambag of loopbaanopleiding.
- **Semi-geskoold**  
Individue in hierdie groep benodig indiensopleiding en spesiale skoling.
- **Ongeskoold**  
Individue in hierdie groep benodig min opleiding omdat individue in hierdie groep slegs basiese instruksies moet volg.

#### **4.1.2 'n Kritiese oorsig van Roe se teorie**

Brown (1990:351) is van mening dat Roe nagelaat het om die besluitnemingsproses in aanmerking te neem. Osipow (1973:21) gaan van die standpunt uit dat Roe se stellings oor die impak van ouer-kind-interaksies op loopbaankeuse verskeie twyfelagtighede inhou wat die empiriese validering van die teorie bemoeilik.

Langley (1989:35) beweer egter dat die goeie skematiese ordening van Roe se teorie die voorligter in staat stel om die kliënt te help om sy/haar belangstellings en motiveringsvlak te bepaal. Osipow (1973:36) beskou Roe as een van die eerste

teoretici wat in haar teorie aandag geskenk het aan die rol van persoonlikheid in loopbaankeuse.

## 4.2 Die sosiale leerteorie van Krumboltz

### 4.2.1 Basiese teoretiese aannames

Volgens Sharf (1992:274) fokus Krumboltz se teorie op die onderrig van loopbaanbesluitnemingstegnieke. Hierdie teorie is gebaseer op Bandura (1969, 1977) se navorsing van sosiale leer van menslike gedrag wat op die versterkingsteorie en klassieke behaviorisme fokus. Bandura se teorie stel die volgende: *Individuals personalities grow from their learning experiences more so than from their genetic or intrapsychic processes* (Sharf 1992:274).

Belangrike komponente van die sosiale leerteorie van Mitchell en Krumboltz (1990) sluit in genetiese toedeling, omgewingsomstandighede en gebeure, leerervaringe en taakbenaderingsvaardighede (Grobler 1996:42-43).

- Genetiese toedeling

Dit verwys na aspekte wat oorgeërf word byvoorbeeld haarkleur, lengte, ensovoorts. Hierby ingesluit kan 'n individu ook spesiale vermoëns soos 'n besondere musiektalent of kunstalent oorerf. Hoe groter 'n individu se inherente genetiese vaardighede, hoe makliker sal hy/sy reageer op onderrig. Só sal 'n persoon met beperkte musiektalent minder gunstig reageer op musiekonderrig as 'n persoon met sterk musiektalente (Sharf 1992:275).

- Omgewingsomstandighede en gebeure

Hierdie faktore is gewoonlik buite die beheer van die individu en sluit sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese oorwegings in.

Faktore soos onder andere tegnologiese vooruitgang, die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne en veranderinge in sosiale welsynsorganisasies beïnvloed die arbeidsmark en die aanvraag in die gemeenskap. Opvoedkundige en beroepsomstandighede (soos

die aantal en aard van beroepsmoontlikhede, opleidingsgeleenthede, sosiale beleid vir die selektering van leerders en werkers, arbeidswette en vakbondreëls, gesinsopvoeding, die opvoedkundige stelsel en die gemeenskap) speel 'n rol.

- **Leerervaringe**

'n Individuele loopbaanvoorkeur is die resultaat van sy/haar vorige leerervaringe. Vanweë die verskeidenheid van leerervaringe waaraan 'n kind blootgestel word is elke individuele leerervaring verskillend. Volgens Krumboltz (Sharf 1992:277-278) word twee basiese leerervarings, te wete instrumentele en assosiatiewe leerervaringe, onderskei.

- **Taakbenaderingsvaardighede**

Krumboltz (Grobler 1996:43) definieer taakbenaderingsvaardighede as die verhouding tussen selfwaarneembare veralgemenings en die buitewêreld. Sodanige vaardighede sluit werkgewoontes, verstandelike patrone, perseptuele- en denkprosesse, werkverrigting en standaarde, probleemoriënterings en emosionele response in.

Volgens Krumboltz (Sharf 1992:278) word die wyse waarop 'n individu 'n taak benader beïnvloed deur vorige ervarings wat weer die uitkoms van die taak beïnvloed.

Sekere taakvaardighede is veral belangrik vir beroepsbesluitneming, naamlik: die stel van doelwitte, verheldering van waardes, voorspelling van toekomstige gebeure, generering van alternatiewe en die soeke na loopbaaninligting.

#### **4.2.2 'n Kritiese evaluasie van Krumboltz se sosiale leerteorie**

'n Groot leemte bestaan daarin dat Krumboltz se sosiale leerteorie nie 'n ontwikkelingsteorie is nie. Hierdie teorie maak volgens Brown (1990:357) dus nie voorsiening vir die verandering van beroep of loopbaan nie. Tarnow (Grobler 1993:43) beweer weer dat die behavioristiese benadering daarop ingestel is om besluitnemingsvaardighede direk aan te leer waardeur die mens se selfaktualisering ingeperk word.

Krumboltz se sosiale leerteorie kan ten spyte hiervan egter beskou word as 'n fondament vir die identifisering van probleme in die besluitnemingsproses. Die verwantskap tussen die sosiale leerteorie en kognitiewe behaviorisme dra positief by tot die identifisering van remediërende tegnieke (Brown 1990:357). Brown stel dit verder dat die sosiale leerteorie goed gedefinieerde konstrunkte bevat en toetsbare hipotesese voorsien wat tot gevolg het dat hierdie teorie 'n toekomstige toepassingswaarde mag hê.

Krumboltz (1994:29) som die waarde van sy teorie op met die volgende stelling:

*A learning theory could describe accurately how occupational relevant skills, beliefs, and emotions are acquired and organized. It could empower both clients and counsellors to construct educational experiences that would move them towards their goals. It could easily encompass the entire range of career-related activities, since all of them are learned. It could integrate career development with the fields of education and psychology, where learning theory has its base. And it could evolve and change easily as new facts and anomalies are revealed.*

### **4.3 Die loopbaanbesluitnemingsteorie van Tiedeman**

#### **4.3.1 Die teoretiese konsepte**

Tiedeman en O'Hara (1963:4) beklemtoon die besluitnemingsproses en die potensiaal daarvan om die individu in beheer van sy/haar omstandighede te plaas. In hierdie benadering word loopbaanontwikkeling gedefinieer as die proses van opbou van 'n loopbaanidentiteit deur differerensiasie en integrasie soos wat die individu werk konfronteer (Tolbert 1980:50).

Tiedeman en O'Hara (in Tolbert 1980:50) definieer dit soos volg:

*Ego identity is the accumulating meaning one forges about himself as he wrestles with his meeting with society. Ego identity is a psycho-social phenomenon. It is the crystallizing premises of existence which one forges both where one can and where one may in order to establish one's self in the world.*

Daar word in die ontwerp van hierdie model gepoog om die persoon deur middel van konsepte soos persoonlikheid en individuele verantwoordelikheid aan 'n loopbaan te verbind. Erikson (Tolbert 1980:51) se psigososiale teorie van ego-identiteit is as ontwikkelingsraamwerk gebruik vir 'n begrip van die verskillende **differensiasies** en **herintegrasies** wat individue gedurende hul loopbaanontwikkeling ervaar.

Volgens Tiedeman en O'Hara (1963:38-45) begin die besluitnemingsproses wanneer 'n individu probleme of 'n behoefte ervaar en dan besef dat 'n besluit geneem moet word. Die stappe van hierdie besluitnemingsproses neem 'n aanvang met die eerste fase wat bekend staan as antisipasie of preokkupasie en bestaan uit vier stappe:

### **Eksplorاسie**

Verskeie doelwitte word oorweeg. Individue mag vorige ervarings in oënskou neem, moontlikhede oorweeg, die wenslikheid van hul doelwitte opweeg, resultate van hul handeling voorspel en rolle in hul verbeelding uittoets. Individue differensieer tussen aksieplanne en oorweeg die gewensdheid en voorspelbaarheid van elk.

### **Kristallisering**

Die individu oorweeg waardes, doelwitte, moontlikhede en belonings en berei hom/haar daarop voor om in 'n spesifieke rigting te beweeg. Stabilisering van denke vind plaas en die individu maak gereed om keuses uit te oefen op grond van die inligting wat in die vorige stap bekom is.

Die derde stap naamlik **keuse**, volg nadat kristallisering plaasgevind het. Die individu kan nou stel wat hy/sy wil doen/wees. Die toereikendheid van die kristalliserings-proses bepaal die uitkoms van hierdie stap.

### **Verheldering**

Hierdie stap sluit die fase van besluitneming af. Dit behels verdere analise van die keuse wat uitgeoefen is en voorsien geleentheid vir nabetraging en die oplos van twyfel en onsekerhede.

Die individu is nou gereed vir die **implementerings-** en **aanpassingsfase**. Die drie stappe van hierdie fase sluit in:

### **Induksie**

Die individu betree die situasie. Hy/sy soek erkenning en goedkeuring en is ontvanklik vir die eise wat die nuwe situasie stel.

### **Reformasie**

Noudat die individu aanvaar word, mag hy/sy meer selfgeldend begin optree deur byvoorbeeld opinies met ander te deel of ter bereiking van selfekspresie in die groep.

### **Integrasie**

'n Balans word bewerkstellig tussen die eise van die groep en die behoeftes van die individu. Die konsep van die individu in verhouding tot die groep word gevestig. Die individu begin hom-/haarself as suksesvol beleef en word ook so deur die groep gesien.

Hierdie is 'n dinamiese proses wat die moontlikheid van verandering inhou, waardeur die hele proses van integrasie en differensiasie herhaal kan word.

In 'n latere studie het Miller-Tiedeman en Tiedeman (Sharf 1992:313) bevind dat adolessente leerders eers 'n besluit neem nadat die nadelige gevolge van die besluit ervaar is. Daarna het hulle teruggekeer na die kristalliseringsfase en dan vir 'n tweede keer 'n keuse uitgeoefen. Indien dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is die kristalliseringsfase herhaal en daarna ook die verhelderingsfase, waarna 'n finale keuse uitgeoefen is.

Tiedeman wys daarop dat die individuele styl van besluitneming van groot belang is en nie die kollektiewe besluitnemingstyl van 'n groep individue nie.

### 4.3.2 'n Kubusvormige besluitnemingsmodel

In 1990 het Miller-Tiedeman in samewerking met Tiedeman (1990:321) die besluitnemingsteorie hersien en 'n kubusbesluitnemingsmodel voorgestel. Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:321) beskryf die kubusbesluitnemingsmodel as *a value-functioning model that allows a person to put his/her own decision-making activity into perspective for himself or herself (personal reality)*.


Volgens Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:320) is dit belangrik dat 'n individu bewus moet raak van die verskil tussen persoonlike realiteit en alledaagse realiteit.

Persoonlike realiteit verwys na 'n aksie, gedagte, of rigting wat 'n persoon as reg vir hom/haar ervaar. Alledaagse realiteit is dit wat ander 'n persoon aansê om te doen.

Die kubusbesluitnemingsmodel bestaan uit drie stappe: (1) probleemtoestand, (2) sielkundige stemming, en (3) selfbegrip. Hierdie drie stappe word op die drie dimensies van die kubus geïntegreer.



**Figuur 2.6** Miller-Tiedeman en Tiedeman se kubusbesluitnemingsmodel (Miller-Tiedeman & Tiedeman 1990:322)



Die model is 'n skematiese voorstelling van die grammatika van taal wat nodig is vir die individu om hom-/haarself binne die besluitnemingsproses te verstaan. Taal word 'n analise-objek binne die besluitnemingsproses. Die gevolge van die besluit kan hersien word vir moontlike toekomstige aksie.

#### **4.3.3 'n Kritiese oorsig van die besluitnemingsmodel van Tiedeman**

Tiedeman (Tolbert 1974:42) maak die volgende stelling aangaande die loopbaan-besluitnemings-teorie:

*A concatenation of concepts that seem to be needed as primitive terms in a science of career development relating personality and career through the mechanisms of differentiation and integration as a chooser chooses and experiences in the evolution of his life problems.*

'n Leemte in hierdie teorie wat deur Miller-Tiedeman en Tiedeman (1990:324) geïdentifiseer word, is dat dit nie voorsiening maak vir lewenskonteks nie. Daar word dus geen aandag gegee aan ander lewenskeuses wat moontlik 'n effek kan hê op die individu se loopbaan nie.

Brown (199:359) kritiseer hierdie teorie op grond van die feit dat dit nalaat om die impak van die individu op die konteks in die model van Miller-Tiedeman en Tiedeman te verantwoord .

Volgens Sharf (1992:312) het die paradigma van Tiedeman en O'Hara (1963) daartoe aanleiding gegee dat gedragsnavorsing gestimuleer is. Sharf (1992:324) beoordeel Miller-Tiedeman en Tiedeman se navorsing (vanweë die filosofiese agtergrond daarvan) as verteenwoordigend van 'n metode waarvolgens 'n individu sy/haar wêreld beskou sonder dat definitiewe riglyne vir intervensie aan die voorligter verskaf word.

Die praktiese implikasies van Tiedeman se model sluit in dat die voorligtingskliënt leiding moet ontvang aangaande aspekte soos:

- Die versterking van eie besluitnemingsvaardighede.

- Die ontwikkeling en versterking van die selfkonsep sodat die kliënt self verantwoordelikheid vir besluite kan aanvaar (Langley 1989:22).

Die besluitnemingsmodel is deur Tiedeman (Grobler 1996:30) gebruik as kernontwerp van 'n gerekenariseerde *Information System for Vocational Decisions (ISVD)*. Die oorspronklike besluitnemingsmodel is verder deur Peatling en Tiedeman tot 'n inligtingsisteen vir lewensbesluite veralgemeen.

## 5 'N POSTMODERNISTIESE EPISTEMOLOGIE

Die postmodernisme bevraagteken die moderne geloof in die onafhanklike bestaan van die subjek en die aanname dat taal, soos deur mense gebruik, die werklikheid kan reflekteer. Die postmodernistiese beweging bevraagteken die veronderstelling dat daar interne sisteme van simbole of reëls bestaan en dat die subjek oor universele eienskappe beskik (McLean 1997:12).

Die postmodernisme bevraagteken verder ook die metodologie en die verheuenheid van wetenskaplike denke as middel tot die waarheid. Hare-Mustin en Marcek (1988:462) voer aan dat die postmodernisme gekenmerk word deur die volgende veronderstellings:

*Randomness, incoherence, indeterminacy and paradox, which positivist paradigms are designed to exclude...creates distance from the seemingly fixed language of established meanings and fosters scepticism about the fixed nature of reality.*

Taal word deur die postmoderniste beskou as 'n belangrike aspek van menslike ervaring terwyl die moderniste taal gebruik het om die objektiewe en subjektiewe wêreld met mekaar te verbind. Die postmoderne benadering beskou taal as 'n sosiale en interaktiewe proses waar taal die draer is van betekenis binne 'n individu se sosiale en persoonlike konteks. Anderson en Goolishian (1988:378) stel die volgende in hierdie verband: *Language does not mirror nature, language creates the natures we know.*

Die postmodernistiese benadering tot voorligting fokus op kliënte se narratiewe/lewensverhaal waar kliënte deur middel van taal uitdrukking gee aan dit wat belangrik is vir hulself om tot betekenisvorming te kom. Kliënte word betrek in 'n proses waar hulle aktief deelneem in die betekenisvorming van hul lewens.


'n Verdere beskrywing van die postmoderne epistemologie onderliggend aan beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks word in hoofstuk vyf gedoen.

## **6 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n oorsig van die vernaamste beroepsvoorligtingsteorieë te gee en die praktiese implikasies van elke teorie is uitgelig. Daar word aangesluit by Langley (1989:38) se standpunt dat geen enkele teorie as vertrekpunt vir beroepsvoorligting uitgesonder kan word nie. Die raakpunte wat elke teorie in die proses van beroepsvoorligting het, noodsaak eerder 'n integrasie van bestaande teorieë.

In hoofstuk drie volg 'n uiteensetting van kulturele en kruiskulturele faktore wat verreken moet word alvorens tot die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting oorgegaan kan word.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK DRIE

## KULTUUR EN KRUISSKULTURELE FAKTORE IN DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

### 1 INLEIDING

Fouad (1995:186) stel onomwonde dat beroepsvoorligting binne 'n kulturele konteks moet plaasvind. Vanweë onlangse sosiale en politieke veranderinge in Suid-Afrika het 'n nuwe multikulturele bewusthied ontstaan wat noodsaak dat beroepsvoorligting oor kultuurgrense moet strek. Dit beteken dat beroepsvoorligters wat hulself in hierdie konteks bevind, toenemend in staat moet wees om kliënte uit ander kulture van voorligting en berading te bedien.

Betz en Fitzgerald (1995:263), beweer dat 'n kulturele konteks essensieël is vir effektiewe beroepsintervensie. Die rede lê daarin dat belangrike veranderlikes wat verband hou met etnisiteit, sodoende verken word.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar enersyds sprake van Westers-georiënteerde kultuurgroepe wat veral in die geïndustrialiseerde samelewing manifesteer. Andersyds bestaan 'n groot deel van die bevolking uit tradisionele kulture. Sodanige uiteenlopende kultuuropvattings binne een samelewing het dikwels tot gevolg dat individue noodgedwonge tot 'n oorgangskultuur moet toetree ten einde te voldoen aan die eise wat ekonomiese vooruitgang in 'n Westerse samelewing impliseer (Hartman 1988:42).

Vanuit die literatuur blyk dit egter dat daar wêreldwyd sterk teenkanting bestaan teen konformeringsneigings waardeur die dominante kultuur van 'n bevolking belangriker geag word as die ander subkulture (Conradie 1995:17-18). Dit blyk verder duidelik dat voorligting inklusief moet wees en dat daar nie slegs aan die behoeftes van een kultuurgroep voorkeur gegee kan word nie.

Gobodo (1990:94) spreek die volgende uit aangaande die Suid-Afrikaanse konteks:

*Undoubtedly models will vary, depending on whether the patient comes from a rural area, where culture is defined by traditions which are presumably relatively intact, or from an urban area, where cultural assimilation patterns are more complex. The challenge for the therapist is to be able to make the distinction between these two groups, and also be able to discern individual dimensions within these variations.*

Die miskenning van 'n kliënt se kulturele andersheid kan veroorsaak dat voorligting vanweë kulturele misverstande kan skeefloop. In aansluiting hierby sê Carlson, Sperry en Lewis (1997:125) die volgende: *Because the diversity of the families we serve is steadily increasing, culture is clearly among the most important of these variables.*

Daar bestaan derhalwe 'n behoefte in die Suid-Afrikaanse gemeenskap aan voorligters wat kultuurvaardig is. Beroepsvoorligters behoort oor kulturele bewustheid, kennis en vaardigheid te beskik wat vereis word ten einde suksesvol te kan wees met voorligting aan kliënte uit diverse kulturele agtergronde. Volgens Lee en Richardson (1991:5) maak kultuurvaardige voorligters gebruik van *strategies and techniques that are consistent with the life experiences and cultural values of clients.*

Die behoefte om kultuurvaardig te word, noodsaak voorligters enersyds om ondersoek in te stel na hul eie kulturele erfenis, waardes en vooroordele, maar ook om andersyds die kulturele waardes en ervaringe van hul kliënte in oënskou te neem. *The acquisition of such cultural knowledge has been found to be important in developing empathy toward culturally diverse clients* (Lee & Richardson 1991:6).

Vervolgens word die konsep "kultuur" verken.

## 2 Omskrywing van enkele begrippe

Begrippe soos "kultuur", "kruiskultureel", "kruiskulturele sielkunde" en "multikulturaliteit" is reeds in hoofstuk een gedefinieer maar sal vervolgens saam met enkele ander begrippe beskryf word.

### 2.1 Kultuur

McDermot (in Herr 1989:140) beweer

*Somewhere in between the general makeup of each individual lie certain qualities that have been acquired and assimilated. They represent culture – the values, beliefs, and ideologies held by members of the various ethnic groups as fundamental and necessary for effective social function.*

Shuttleworth-Jordan (1994:96) verduidelik dat kultuur voorskryf wat relevant en nie-relevant is en dat dit modelle voorsien waarvolgens gedrag, denke en gevoel gerig kan word.

Volgens Matsumoto (1994:4) is kultuur 'n sosiopsigologiese konstruk wat bestaan deurdat mense psigologiese verskynsels soos waardes, gesindhede, gelowe en gedrag met mekaar deel. Matsumoto (1994:4) stel dit soos volg:

*Culture is as much an individual, psychological construct as it is a macro, social construct. That is, to some extent, culture exists in each and every one of us individually as much as it exists as a global, social construct. Individual differences in culture can be observed among people in the degree to which they adopt and engage in the attitudes, values, beliefs, and behaviors that, by consensus, constitute their culture. If you act in accordance with certain shared values or behaviors then that culture resides in you; if you do not share those values or behaviors, then you do not share that culture.*

Ofskoon alle mense die produk van kultuur is, sal individue binne 'n bepaalde konteks nie noodwendig al die eienskappe wat aan 'n kultuurgroep toegeskryf word, weerspieël nie. Daar bestaan individuele verskille binne bepaalde kultuurgroepe omdat aspekte



soos biologies-gebaseerde temperament, graad van sosialisering, leefstyl, geslag, ensovoorts 'n uitwerking het op die manier waarin kultuur manifesteer.

### 2.1.1 Basiese aannames oor kultuurverskille

Volgens Ponterotto, Casas, Suzuki en Alexander (1995:325) kan daar vyf basiese fundamentele aannames oor die aard van kultuurverskille gemaak word:

- Die universele aanname  
Hierdie aanname behels dat alle mense basies dieselfde is. Verskille tussen individue binne 'n kultuurgroep is groter as die verskille wat tussen kultuurgroepe bestaan. Hierdie aanname stem sterk ooreen met die humanistiese siening dat alle mense in harmonie moet saamleef terwyl groepsverskille min of geen relevansie het nie.
- Die alomteenwoordige aanname  
Volgens hierdie aanname kan enige verskille tussen mense as kulturele verskille beskou word. Mense deel 'n kultuur op grond van hul verwysingsraamwerk sowel as die verwysingsgroep waarbinne hulle hulself bevind, ongeag die kultuur van hul oorsprong. Mense kan dus aan 'n verskeidenheid van kulture behoort, wat vanweë hul gesitueerdheid bepaal word.
- Die tradisionele of antropologiese aanname  
Kultuur word bepaal deur die individu se land van herkoms. Dit word dus bepaal deur geboorte, opvoeding, omgewing en word gedefinieer deur algemene ervarings van sosialisering en omgewing. Ras as sosiale konstruksie word ontken en kultuur word beskou as 'n aanpasbare verskynsel.
- Die rasgebaseerde aanname<sup>24</sup>  
Mense word op grond van hul velkleur, taal en fisiese voorkoms in 'n bepaalde rasgroep en gevolglik ook 'n kultuurgroep geplaas. Volgens hierdie aanname is ras die determinant van kultuur. Die ervaring om aan 'n bepaalde rasgroep te behoort oortref alle ander ervarings. Kultuur is 'n funksie van die waardes van 'n bepaalde rasgroep en ook van die waardes, reaksies en instellings van die groter samelewing.

---

<sup>24</sup> Die standpunte van hierdie aanname word nie gedeel deur die skrywer van hierdie proefskrif nie.

- **Pan-nasionale aanname**

Hierdie aanname beskou ras in die globale konteks as bepalend van kultuur en dat lidmaatskap van 'n rasgroep kultuur bepaal ongeag wisselvallighede in geososiale omgewing. Lidmaatskap van 'n rasgroep bepaal die individu se posisie in die verspreiding van mag.

### **2.1.2 Kultuur-essensies**

Die volgende aspekte van kultuur word deur Conradie (1995:16-17) geïdentifiseer:

- Kultuur is 'n altyd teenwoordige element van die menslike bestaan.
- Elke kultuur definieer die werklikheid vir die individu wat hulself daarbinne bevind.
- Kultuur verskaf identiteit aan die mens.
- Kultuur is nie aangebore nie, maar word van een generasie na die volgende oorgedra deur onder andere waarneming.
- Kultuur is subjektief en dinamies.
- Daar is kontinuïteit in kultuur.
- Kulture is al beskryf as emies of eties.
- Elke individu is 'n draer van kultuur.

### **2.1.3 Die universele benadering tot kulture**

Die universele benadering tot kultuur veronderstel dat psigologiese prosesse soos byvoorbeeld pyn en plesier universeel is aan alle kulture maar dat die wyse waarop hierdie prosesse in 'n bepaalde kultuur manifesteer, verskil. Pedersen (1995:36) sê die volgende:

*The application of psychological theories, measures, and ethical guidelines therefore requires understanding both the underlying, fundamental, and profound similarities and the essential and idiosyncratic differences.*

Die volgende kulturele universaliteite word deur Conradie (1995:16-17) geïdentifiseer:

- Alle kulture het taal.

- Alle mense erken dat hulle eg menslik is.
- Alle kulture gee betekenis aan patroonvorming in die natuur (byvoorbeeld periodisiteit, reëlmatigheid en variasie).
- Alle kulture organiseer tyd en ruimte.
- Alle kulture moes op een of ander wyse die onvoorsiene of toevallige hanteer.
- Die gesin bestaan in alle kulture.
- In alle kulture is die gesin nie die enigste model vir interpersoonlike kommunikasie nie.

Kulturele konteks moet só aangewend word dat dit nie individue homogeniseer nie. Beroepsvoorligters moet bewus wees van individuele verskille maar ook terselfdetyd die invloed van kultuur ingedagte hou. Wehrly (1995:5) omskryf dit só: *Culture as it is manifested in the lives of people will show many differences, with no individual exemplifying all the group's modal practices.*

#### **2.1.4 Kollektivistiese- versus individualistiese kulture**

Kollektivistiese kulture gee aandag aan wie 'n persoon is, terwyl individualistiese kulture meer aandag gee aan wat 'n persoon doen. Triandis (1985:25) beweer dat die meeste Westerse kulture as individualisties beskryf kan word en dat persone met 'n kollektivistiese kultuuroopvatting (wat aan Westerse kulture blootgestel word en wat aan verstedeliking onderwerp word) sommige gedragpatrone van die Westerse kultuur sal aanneem.

#### **2.1.5 Kultuur as etiese of emiese perspektief**

Beroepsvoorligters wat met diverse kulture werk moet daarvan kennis dra dat kultuur vanuit 'n emiese sowel as 'n etiese perspektief beskou kan word. Die emiese perspektief is wanneer kulturele gedrag binne die kultuur bestudeer word, terwyl die etiese perspektief gedrag van buite die kultuur bestudeer. Volgens Maree (1997:162)

verwys emies na kultuurspesifieke aangeleenthede, terwyl eties na kruiskulturele aangeleenthede verwys. Wehrly (1995:19) verduidelik in hierdie verband:

*In cross-cultural counseling, the counselor's view is from an etic perspective. Counselors working with someone from a different cultural background need to learn, as much as possible, the client's emic perspective of her or his culture.*

Die volgende tabel wat saamgestel is deur Conradie (1995:9) dui die eienskappe van die twee benaderings aan:

**Tabel 3.1** Eienskappe van die etiese- en emiese benaderings soos aangepas uit Conradie (1995:9)

<b>ETIES</b>	<b>EMIES</b>
Bestudeer gedrag van buite die sisteem.	Bestudeer gedrag van binne die sisteem
Ondersoek en vergelyk 'n aantal kulture.	Ondersoek slegs een kultuur.
Kriteria is absoluut en universeel.	Kriteria is relatief tot interne eienskappe.

### 2.1.6 Die verband tussen kultuur en wêreldbeskouings

Verskillende kulturele tradisies gee aan hul lede bepaalde wêreldbeskouings. Volgens Herr (1989:139) is kultuurverskille in werklikheid

*differences in the human experience, differences in general conceptions of the human's place in the universe and of factors that cause human beings to act and interact in the way they do.*

Kulturele diversiteit skep verskille in waardes wat weer 'n verskil in wêreldbeskouings tot gevolg het. Daar bestaan dus 'n hoë mate van korrelasie tussen wêreldbeskouings en persone se kulturele opvoeding en lewenservarings.

Atkinson, Morten en Sue (Hickson, Christie & Shmukler 1990:171) het die volgende interafhanklike komponente van 'n wêreldbeskouing geïdentifiseer, naamlik: ras, etnisiteit, ouderdom, lewensfase, geslag, lewenstyl, klas, graad van akkulturasie, opvoeding, huwelikstatus, rangposisie in die gesin en geografiese ligging.

Die voorligtingsproses word beïnvloed deur die wêreldbeskouings van beide die voorligter en die kliënt. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat voorligters bewus moet wees van die verskil in wêreldbeskouing wat daar tussen hulself en hul kliënte bestaan.

## **2.2 Ras/Etnisiteit**

Wehrly (1995:5) stel: *Each of us is born with a racial heritage, and each of us is socialized into an ethnic heritage. This socialization has a subtle but very pervasive influence on our lives.*

Hierdie sosialisering in 'n bepaalde etniese- en rasgroep vind plaas hetsy individue deur hul biologiese ouers of deur iemand anders grootgemaak word. Indien 'n individu se ouers verskillende etniese en rasse-eienskappe het, sal daardie individu aan verskillende rasse-eienskappe blootgestel word en behoort. Dit is binne hierdie etniese kultuur van sosialisering dat etniese groepwaardes, gelowe, en gedraginge oorgedra word.

'n Etniese groep/kultuur is 'n groep wat op grond van hul nasionaliteit of onderskeidende kulturele patrone onderskei word. Daar bestaan onsekerheid oor die gebruik van die term "ras", maar dit blyk tog dat hierdie term gebruik word om na fisieke of biologiese verskille tussen mense te verwys (Schaefer 1990:9).

Webster (in Lee & Richardson 1991:12), definieer rasgroep as *a family, tribe, people or nation belonging to the same stock* en na etniese groep as *large groups of people classed according to common racial, national, tribal, linguistic, cultural origin or background*.

Ras en etnisiteit vorm volgens Wehrly (1995:6), die kernelemente van diversiteit en kan soos volg grafies voorgestel word:

**Figuur 3.1** Etnisiteit en ras - die kern van diversiteit (soos voorgestel deur Wehrly 1995:6).



Volgens D'Ardenne en Mahtani (1996:5) verwys die term "ras" in alledaagse taal na velkleur en word dit gereeld as vernederend of diskriminerend vertolk. Dit is veral die

gebruik van die term "ras" om bepaalde fisiese karaktertrekke te beskryf wat die suggestie inhou van diskriminasie. In aansluiting hierby stel Pinderhughes (in Wehrly 1995:5) die volgende:

*Over time, race has acquired a social meaning in which these biological differences, via the mechanism of stereotyping, have become markers for status assignment within the social system.*

Alhoewel die term "ras" hoofsaaklik as biologiese term en "etnisiteit" as sosiologiese term gebruik word, word hierdie terme gereeld as sinonieme gebruik om te verwys na groepe mense wat soortgelyke fisiologiese trekke en persoonlikheids-/karaktertrekke openbaar (Lee & Richardson 1991:12). **Vir doeleindes van hierdie studie word die terme ras en etnisiteit as sinonieme aangewend sonder enige diskriminerende waarde en alleenlik ten einde verskille in kulture te beklemtoon en kultuurbewustheid te bevorder.**

### **2.3 Enkulturasie en akkulturasie**

Maree (1997:162) beweer dat enkulturasie verwys na die verskynsel waar individue se gedrag beïnvloed word deur die kultuur waarin daardie individue hulself bevind terwyl Ponterotto *et al* (1995:375) daarna verwys as etniese sosialisering. Dit is die sosialiseringsproses waardeur ontwikkelende individue 'n verskeidenheid kulturele en psigologiese kwaliteite bekom wat noodsaaklik is vir hul funksionering as lid van 'n bepaalde groep. *In essence, a child's ethnic identity develops through enculturation – a process in which parents in particular play a very significant role* (Casas & Pytlik 1995:158).


Arbona (1995:43-44) beskryf akkulturasie as 'n proses van kulturele verandering wat ontstaan vanweë deurlopende kontak tussen twee kultuurgroepe. Teoreties gesproke, kan die proses van akkulturasie aanleiding gee tot kulturele verandering in een of beide groepe.

Die mate waarin akkulturasie plaasvind word bepaal deur die mate waarin een kultuurgroep (gewoonlik die subkultuur) die waardes, gedrag en gelowe van 'n ander kultuurgroep (die dominante kultuur) oorneem. Wehrly (1995:188) meen

*Behavioral manifestations of acculturation may vary according to the environment in which the person is functioning and according to the individual's adaptability. Some people learn to live biculturally or multiculturally and adjust their behaviors according to the environmental situation.*

Maree (1997:162) bied die volgende model ter verklarung van individue se gedrag in die proses van akkulturasie aan:

**Figuur 3.2:** Berry se Ekologies-Kultureel-Behavioristiese model vir die verklarung van individue se gedrag (Maree 1997:162 soos aangepas uit Berry 1980; 1980 b)



Die menslike behoefte om primêre behoeftes te bevredig bring interaksie met die fisieke omgewing mee. Vanweë omvangryke verskille in fisieke omgewings ontstaan daar 'n verskeidenheid van ekonomiese moontlikhede om hierdie behoeftes te bevredig. Interaksie tussen organismes en hul omgewings lei tot **tradisionele** gedrag (die skakeling van konteks met gedrag) wat beïnvloed word deur akkulturerende invloed.




Met **ekologies** verwys Berry na die interaksies tussen menslike organismes en hul *habitat*; met **kultuur** na gedragpatrone wat deur groepe organismes gedeel word; en met **behavioristies** na gedrag wat daaruit voortspruit. **Akkulturerende** invloed (hoofsaaklik deur die prosesse verstedeliking en opvoeding) bring intensiewe kontak met tegnologies dominante gemeenskappe teweeg. 'n **Kontakkultuur** ontstaan (bepaalde kulture pas nie meer bloot by hul *habitat* aan nie, maar ook by akkulturerende invloede), en **akkulturerende gedrag** ('skuiwe' in gedrag vanaf vorige vlakke) en **akkulturerende stres** tree na vore; iets wat nuut en matig patologies is.

Met hierdie model wil Berry skakeling oor die vier boë heen (figuur 3.2) bewerkstellig, maar wil hy ook die vertikale verwantskappe aantoon. Hy probeer dus bewyse te vind vir sowel die **interne geldigheid** van eksperimente en afleidings (deur horisontale skakeling aan te toon) as vir **eksterne geldigheid** (kontekstueel-aanduidende vertikale skakeling) daarvan.

Choney, Berryhill-Paapke en Robbins (1995:85) stel die volgende model voor om die proses van akkulturasie uit te beeld. Hulle verkies 'n model wat met konsentriese sirkels voorgestel word.

**Figuur 3.3:** 'n Gesondheidsmodel wat akkulturasie konseptualiseer (Choney, Berryhill-Paapke & Robbins 1995:85)



Nota: 1= tradisioneel; 2= transisioneel; 3= bi-kultureel; 4= geassimileer; 5= marginaal

Hierdie model maak gebruik van 'n **gesondheidsbenadering** eerder as 'n benadering van **afwykendheid** en beeld die vier areas van **menslike persoonlikheid** uit. Hierdie model illustreer voorts hoe die hoofkultuur die subkulture omvat. Dit word voorgestel deur die ruimte om die buitesirkel. Binne die omtrek van elke sirkel kan verskillende vlakke van akkulturasie bestaan. Geen waardeoordeel word op enige vlak geplaas nie en geen dimensie van persoonlikheid word méér beklemtoon as 'n ander nie. Response wat uniek is aan elke vlak bepaal die wyse waarvolgens individue hulself handhaaf in ooreenstemming met die invloed/eise wat deur elke individu se omgewing, konteks of sosiale situasie gestel word.

Vyf vlakke van akkulturasie word deur hierdie model beskryf en die hoofaannames waarop hierdie model gebaseer word, kan onder meer soos volg beskryf word:

- Daar is kenmerkende sterk punte wat geïdentifiseer kan word in elke vlak van akkulturasie.
- Hierdie kenmerke kan as vaardighede (om opgewasse te wees teen die eise wat die omgewing stel) funksioneer, maar ook as variasies binne 'n bepaalde sosiale konteks.
- Aangesien daar nie besondere waardes aan die verskillende vlakke toegeken word nie, word een vlak nie belangriker as 'n ander geag nie. Om te beweeg vanaf die tradisionele vlak na die geassimileerde vlak is nie 'n voorwaarde vir geestesgesondheid nie.
- Akkulturerende stres is nie noodwendig teenwoordig nie, maar kan wél voorkom.

Choney *et al.* (1995:86) sê die volgende aangaande hul model:

*In our model, we assume an approach that avoids many of the problems found in other models. For instance, it does not confine itself to either a linear or a dichotomous perspective. It instead allows flexibility in individual responses to both White and traditional values, norms, and attitudes across cognitive, behavioral, social/environmental, and affective/spiritual domains, and offer a sense of fluid movement.*

Volgens navorsing wat deur die Buro vir Marknavorsing (Maree 1997:161) gedoen is, het akkulturasie reeds in só 'n mate plaasgevind dat enige evaluering of verrekening van potensieële kultuurverskille tussen swart en bruin in Suid-Afrika nie sonder inagneming hiervan mag plaasvind nie. Maree (1997:163) stel dit dat kennis omtrent die akkulturasie van leerders noodsaaklik is sodat toetse vir bepaalde groepe binne 'n spesifieke kulturele konteks of kontekste ontwikkel kan word.

Ponterotto *et al.* (in Wehrly 1995:188) waarsku teen die neiging om 'n kliënt se ingesteldheid teenoor voorligting hoofsaaklik op grond van die kliënt se vlak van akkulturasie te voorspel. Variasie binne elke kultuurgroep beklemtoon die behoefte om elke kliënt as 'n unieke individu in daardie kultuurgroep te beskou.

### **3 KULTURELE BELEMNERINGE WAT DIE PROSES VAN BEROEPSVOORLIGTING BEÏNVLOED**

Kultuur gee vorm en betekenis aan die aannames wat die basis vir mense se daaglikse gedrag bepaal. Vanweë die feit dat kultuur 'n omvattende invloed op die mens se daaglikse bestaan uitoefen, kan beroepsvoorligters wat kultuurbewus is op hierdie vaardigheid kapitaliseer in die voorligtingsproses.

Ten einde kulturele bewustheid onder beroepsvoorligters te bevorder mag dit raadsaam wees om kulturele belemneringe, wat beroepsvoorligting nadelig kan beïnvloed, te identifiseer.

#### **3.1 Kommunikasie: verbaal en nie-verbaal**

Kommunikasie, hetsy verbaal of nie-verbaal, vorm 'n integrale aspek van menslike gedrag. Effektiewe kommunikasie tussen individue berus hoofsaaklik op wedersydse begrip van wederkerige verbale en nie-verbale boodskappe. Conradie (1995:53) glo dat effektiewe terapie die eis stel dat die kliënt en terapeut in staat moet wees om beide verbale en nie-verbale boodskappe akkuraat en toepaslik te stuur en te ontvang.

##### **3.1.1 Verbale kommunikasie**

Mense het in wese 'n behoefte daaraan om met ander mense te kommunikeer en die meeste kommunikasie vind ook deur middel van taal plaas. Deur taal kan boodskappe tussen mense uitgeruil word. Lancaster (1987:18) maak dié stelling: *Volwaardige taalbeheer sterk die gevoel van suksesbeleving wanneer die boodskap sonder enige misverstand oorgedra en ontvang kan word.*

Hull (Matsumoto 1994:93) beweer dat kultuurerfenis hoofsaaklik deur middel van taal vanaf een geslag na 'n volgende oorgedra word, en dat kultuur, soos dit tans geken word, nie sonder taal kan bestaan nie: *How, when, where, and why we use language*

*are all conditioned by the culture in which we are interacting* (Wehrly 1995:17). Gobodo (1990:94) glo dat taal 'n kulturele medium van kommunikasie is.

Taal is volgens Conradie (1995:54) nie bloot 'n stel abstrakte simbole nie, maar dit moduleer die beleweniswêreld van 'n bepaalde taalgemeenskap en gee uitdrukking aan hul psigiese wêreld.

In 'n multikulturele samelewing sal daar 'n verskeidenheid van tale wees waarmee individue hulself uitdruk. Nie alleen moet daar gelet word op die verskillende wyses waarop mense van verskillende taalgroepe hulself uitdruk nie, maar ook op die verskillende vlakke van taalgebruik wat daar in een taal bestaan. Voorligters wat kultuursensitief is sal die implikasies hiervan beseef en daarvoor kompenseer in die voorligtingsproses. D'Ardenne en Mahtani (1996:65) se siening in hierdie verband verdien vermelding:

*Of course language disadvantage is not only experienced by people from another culture. Class and education are just as likely to produce alternative forms of English which promote prejudice among listeners.*

Probleme wat vanweë taalverskille ontstaan, sluit die volgende in:

- Kliënte kan van woorde en frases uit hul eie taal gebruik maak waar welke woorde en frases, asook kultuurspesifieke nuanses, vir die voorligter onbekend of verwarrend kan wees.
- Die kliënt se vermoë om binne die voorligtingsproses te vorder, word deur die vorige probleem beperk.
- Kliënte wat hulself in 'n tweede taal uitdruk, beskik nie oor die woordeskate om komplekse emosies en gedagtes te verbaliseer nie.
- Die effektiwiteit waarmee voorligters optree, kan beïnvloed word deur die feit dat hulle nie sekere beeldsprake, analogieë of nuanses van kultuurspesifieke uitdrukkings volkome begryp nie.
- Vooroordeel kan by beide die voorligter en kliënt ontstaan omdat daar nie akkuraat gekommunikeer kan word nie.

Na aanleiding van 'n ondersoek wat in Suid-Afrika met 'n groep swart persone gedoen is, is bevind dat die taalprobleme wat hierdie groep ervaar tweeledig kan wees (Coetzer 1978:75). Eerstens gebruik swart persone meestal Engels as tweede voertaal, maar wend dit nie noodwendig altyd vlot aan nie. Dit veroorsaak soms dat sommige swart persone kan mompel, sag praat en gevolglik moeilik verstaan word. Tweedens vind kommunikasie van betekenis moeilik plaas. Al praat persone dieselfde taal, beteken dit nie noodwendig dat hulle al die nuanses van daardie taal korrek verstaan nie.

Volgens Patterson (1987:241) is die ideaal dat die voorligter die kliënt se moedertaal vlot kan praat. Binne die Suid-Afrikaanse konteks met 'n veelheid van moedertale, is dit egter haas onmoontlik dat die voorligter al hierdie tale vlot sal kan praat en word kliënte gewoonlik in 'n posisie geplaas waar hulle in 'n tweede taal moet kommunikeer.

Die kliënt nader die voorligter, 'n outoriteitsfiguur vir voorligting aangaande aspekte wat persoonlik en ontstellend is of wat vir hulle van deurslaggewend belang is. D'Ardenne en Mahtani (1989:65) sê in hierdie verband die volgende:

*The counselor rarely assumes responsibility for learning the client's language, for finding a common language or even for learning about the problems that clients face in communicating in another language.*

Furnham en Bochner (in D'Ardenne & Mahtani 1989:62-63), glo dat die belangrikste aspek van integrasie tot die dominante kultuur sou wees om die taal waarin daardie kultuur kommunikeer, aan te leer. Voorligters moet weer op hul beurt gebruik maak van al die hulpbronne tot hul beskikking om meer te leer van hul kliënt se taal. Dit kan gedoen word deur onder andere vertaalde literatuur van 'n bepaalde kultuur te lees, te kyk na rolprente wat daardie kultuur uitbeeld, op sensitiewe wyse met mense oor hul kultuur te praat, en besoeke aan verskillende lande te bring om sodoende insig in verskillende kulture te bring (D'Ardenne & Mahtani 1989:61-72).

Daar kan ook gebruik gemaak word van 'n tolk tydens voorligting. Volgens Schakman (in D'Ardenne & Mahtani 1989:68-69) moet daar egter teen die volgende gewaak word

wanneer daar van nie-amptelike vertalers/tolke, soos ouers, kinders en bure gebruik gemaak word:

- Onakkurate vertalings.
- Vooroordeel en distorsie van feite.
- Gebrek aan vertroulikheid vir die kliënt.
- Uitbuiting van die kliënt deur die vertaler.
- Spanning by beide die ouer en die kind (as die vertaler 'n gesinslid is).

Praktiese riglyne wat gevolg kan word om te verseker dat die voorligtingsituasie suksesvol kan wees:

- Kontroleer dat beide die tolk en die kliënt dieselfde taal/dialek gebruik.
- Bespreek die inhoud en werkswyse van die onderhoud vooraf met die tolk.
- Gebruik eenvoudige taal.
- Luister aktief na beide die kliënt en die tolk.
- Laat addisionele tyd toe vir die onderhoud.
- Kontroleer deurgaans dat die kliënt verstaan wat gesê word.
- Bied geleentheid vir die kliënt om vrae te vra.
- Bespreek na afloop van die onderhoud die inhoud wat gekommunikeer is met die tolk.

Aangesien taal die denke, houdinge en oortuigings van mense aangaande kultuur reflekteer, moet beroepsvoorligters sorg dra dat hulle geen vooroordeel aangaande die kultuur van hul kliënte uitspreek en sodoende weerstand by hul kliënte wek nie.

### **3.1.2 Nie-verbale kommunikasie**

Nie-verbale kommunikasie word in 'n groot mate deur kultuur bepaal. Furnham en Bochner (D'Ardenne & Mahtani 1989:62), het bevind dat persone uit verskillende kulture verskillende wyses het om (a) inligting te stuur en te ontvang (b) hul wense en beelde uit te druk en (c) gevoel te demonstreer.

Kinzie (Wehrly 1995:18) beklemtoon die kritiese waarde van affektiewe boodskappe wat deur middel van nie-verbale kommunikasie oorgedra word. Aspekte soos gebare en gesigsuitdrukings, boodskappe aangaande nie-verbale kulturele kondisionering, die afstand wat mense van mekaar staan en die ruimte wat benut word tydens kommunikasie, dra boodskappe oor. Ter illustrasie sê Falicov (in Wehrly 1995:18) *An office that has a couch that comfortably seats three Mexican American family members, accommodates only two Anglo-American family members.*

Sue en Sue (1990:53) stel dit dat nie-verbale gedrag moeilik is om te interpreteer en wel om die volgende redes:

Nie-verbale gedrag is nie dieselfde vir verskillende kultuurgroepe nie.

Aangesien nie-verbale gedrag kultuurgebonde is, gebeur dit gereeld dat dit buite die vlak van bewussyn is van die persoon wat nie daarmee vertrou is nie.

Sue en Sue (1990:53-59) beskryf die volgende areas van nie-verbale gedrag wat deur kultuur bepaal word:

- Die waarneming en gebruik van interpersoonlike en persoonlike ruimte. Latyns-Amerikaners, Afrikane, Indonesiërs en Franse handhaaf byvoorbeeld 'n baie kleiner interpersoonlike afstand wanneer daar gesels word as Anglosprekendes.
- Verskille in liggaamsbewegings, gesigsuitdrukings en oogkontak. In Westerse samelewings word 'n glimlag geïnterpreteer as positiewe affek terwyl 'n Japanees dit nie noodwendig as vreugde interpreteer nie, maar moontlik as ongemak, skaamte of vernedering. Van Schoor (1989:40) het weer bevind dat baie swart groepe oogkontak as 'n teken van minagting beskou.
- Verskille in vokale aanwysings of wenke wat persone gebruik soos stiltes, spoed en die luidheid waarmee gepraat word. Sue en Sue (1990:58) het bevind dat blanke Amerikaners hard en vinnig praat om sodoende beheer oor hul luisteraars uit te oefen, terwyl die Amerikaanse Indiane sagter praat om dieselfde doel te bereik.

Wehrly (1995:45) beklemtoon dat dit moeilik is om verbale en nie-verbale gedrag as aparte entiteit te beskryf. Ten einde kommunikasie suksesvol te kan interpreteer, is dit



belangrik om beide verbale en nie-verbale leidrade binne die konteks van kultuur te begryp.

Beide verbale en nie-verbale kommunikasie kan bepaalde vooroordele oordra. Studies deur onder andere Argyle en Wolfgang (Sue & Sue 1990:61) het bevind dat nie-verbale kommunikasie hoofsaaklik op 'n onbewuste vlak beheer word. Potensiële implikasies hiervan sou wees dat voorligters wat nie hul eie vooroordele en houdings teenoor ander kulture ondersoek nie, onwetend hierdie vooroordele/afkeure aan hul kliënte kommunikeer.

### **3.2 Geslagsverskille**

Elke ras en etniese groep het 'n bepaalde persepsie van die rol van mans en vroue. In verskeie kulture is daar bewyse dat die twee geslagte in verskillende subwêreldes leef.

Volgens Lee en Richardson (1991:15) beïnvloed hierdie persepsie van geslagsrolle die verwagtinge wat oor normale ontwikkeling gekoester word. Hierdie verwagtinge kan verklarend wees vir die fundamentele verskille wat bestaan tussen die persoonlikheidsontwikkeling van mans en vroue.

Volgens Brown (1995:19) is daar verskeie bronne wat aanvoer dat daar duidelike sosialiseringstrukture bestaan wat op geslag gebaseer word en word anders verwagtinge aan mans as aan vroue gestel. Daar bestaan ook opvallende verskille tussen hul aspirasies rakende beroepe.

Dit blyk of daar steeds teen vroue gediskrimineer word op grond van vooropgestelde idees oor geslagsrolle. Coetzer (1978:59) noem as voorbeeld dat die Suid-Afrikaanse swart vrou in die algemene sosiale struktuur ondergeskik is aan haar man. Van Schoor (1989:41) meld dat hierdie manlike oorheersing dit moeilik maak in situasies waar die vrou 'n meer dominante rol inneem, soos onder andere die beroepswêreld. In aansluiting hierby bevestig Hickson *et al.* (1990:174) dat resultate in hul ondersoek wat

die verband tussen wêreldbeskouing en geslag ondersoek het, aan die lig gebring het dat daar steeds tradisionele geslagstereotipering bestaan. Die ondersoek bevestig '*sex-typed*' behaviour and social conditioning (Hickson *et al.* 1990:174).

Rice (Carlson *et al.* 1997:) het bevind dat gesinne waar daar ontoegeeflike, rigiede tipering van geslagsrolle voorkom, swakker reageer op voorligting as gesinne waar daar vryheid bestaan oor hoe geslagsrolle beskou word. Hierdie stereotipering van individue op grond van geslag het 'n direkte invloed op die beeld wat individue van hulself het. Gottfredson (Kiselica, Changizi, Cureton & Gridley 1995:103), beweer dat daar 'n direkte verband bestaan tussen selfkonsep en beroepsbesluite. Volgens hierdie teorie neem kinders reeds teen die ouderdom van 13 jaar loopbaanbesluite op grond van die ooreenkoms wat bestaan tussen hul beeld van hulself en die toepaslikheid daarvan vir 'n bepaalde beroep.

Só sal vroue eerder beroepe kies wat waardes, soos dit aan hulle oorgedra is deur hul kultuur, ondersteun, en sal hulle gevolglik 'n beroep kies wat tradisioneel aan vroue gekoppel word, al mag hul belangstellings gerig wees op 'n tradisioneel 'manlike' terrein.

### **3.3 Verskille in wêreldbeskouings**

Sue en Sue (1990:137) beweer: *World views are highly correlated with a person's cultural upbringing and life experiences.* Wêreldbeskouings sluit houdings, waardes, opinies en konsepte in en beïnvloed die wyse waarop individue dink, besluite neem, optree en gebeure definieer.

Atkinson, Morten en Sue (Hickson *et al.* 1990:171) het die volgende interafhanklike komponente van 'n wêreldbeskouing geïdentifiseer: ras, etnisiteit, ouderdom, lewensfase, geslag, lewenstyl, klas, graad van akkulturasie, opvoeding, huwelikstatus, rangposisie in die gesin en geografiese ligging.

Daar bestaan dus groot diversiteit in die wyse waarop mense hul wêreld beskou, dit wil sê die verskillende wyses waarop hulle verhoudings met die wêreld, ander mense, die natuur, instellinge en dinge waarneem (Sue & Sue 1990:73; Pedersen, Draguns, Lonner & Trimble 1989:37).

Sarason (Hickson & Christie 1989:166) sien wêreldbeskouing as 'n komplekse begrip wat vanaf geboorte en in ooreenstemming met 'n persoon se kulturele agtergrond, sosio-politiese geskiedenis en lewenservarings ontwikkel.

In die literatuur bestaan daar verskeie benaderings om die verskil in wêreldbeskouings te verklaar. Enkele van hierdie benaderings word vervolgens bespreek.

### 3.3.1 Die waarde-oriëntasiemodel van wêreldbeskouings

Carte (Sue & Sue 1990:139) se model behels dat kulture op grond van hul oriëntasie te aansien van faktore soos menslike natuur, persoon en die natuur, tydsin, aktiwiteit en sosiale verhoudings verskil. Hierdie benadering impliseer onder meer die volgende aspekte:

- Kulture varieer grootliks in terme van **menslike natuur**, waar sommige kulture aan hul lede oordra dat mense met bese neigings gebore word en dat neigings beheer moet word, terwyl ander kulture hul lede onderrig dat mense in wese goed is.
- Verskille in kultuur word nog duideliker wanneer die verhouding tussen die **persoon en die natuur** oorweeg word. Sommige kulture glo aan die onderwerping van die mens aan die natuur en dat natuurlike magte nie beheer kan word nie, terwyl ander kulture van die veronderstelling uitgaan dat die mensdom beheer oor die natuur kan kry. 'n Alternatiewe wêreldbeskouing sou wees dat mense in harmonie en vennootskap met die natuur moet saamleef.
- **Tydfokus** is sentraal in kulturele wêreldbeskouings. Sommige kulture heg waarde aan tradisies uit die verlede terwyl ander kulture weer op beplanning vir die toekoms fokus.

- **Aktiwiteit** het 'n noue verband met tydfokus. Kulture wat fokus op bestaan, beklemtoon selfekspresie, terwyl ander kulture, wat fokus op aktiwiteit, waarde heg aan prestasie wat deur eksterne kriteria geëvalueer word.
- Oriëntasie ten aansien van **sosiale verhoudinge** wissel tussen kulture: Vanaf aanvaarding van gesag, klem op kollektiewe besluitneming tot die aanname dat individualiteit en outonomie belangriker is as groepdoelwitte.

Sue en Sue (1990:139) bied die volgende model wat bogenoemde verskille in waardeoriëntasies tussen kultuurgroepe uitbeeld:

**Tabel 3.2** Verskille in waardeoriëntasie tussen kultuurgroepe (Sue & Sue 1990:139)


Westerse samelewing	Tradisionele swart samelewing
<p><b>Roepingsbewustheid</b></p> <p>Sterk roepingsbewustheid. Die stel en nastrewing van doelwitte, prestasie, idealisme en doelgerigtheid speel 'n belangrike rol.</p>	<p><b>Roepingsbewustheid</b></p> <p>Werk is hoofsaaklik 'n aktiwiteit ter oorlewing van die groep. Die bydrae wat die individu kan lewer, is nie belangrik nie, maar eerder die bydrae wat die groep as geheel kan lewer.</p>
<p><b>Individualisme</b></p> <p>Elke persoon het iets om by te dra tot die vervolmaking van die werksistiem. Die individu staan prominent.</p>	<p><b>Individualisme</b></p> <p>Geen ruimte vir die individu nie. Tradisionele waardes skryf onderdanigheid aan die groep voor iets wat dikwels inisiatief en kreatiwiteit van die individu aan bande lê. Die behoefte aan kollektiwisme veroorsaak dikwels gebrek aan invasie.</p>
<p><b>Prestasieмотivering</b></p> <p>Prestasieмотivering behels doelwitgeorieerdheid en persoonlike vervulling. Doelwitgeorieerdheid behels: Deursettingsvermoe, tydsbewustheid en aksieorieentasie. Persoonlike vervulling behels: Aspirasievlak en persoonlike geloof.</p>	<p><b>Prestasieмотivering</b></p> <p>Toegespits op die prestasie van die groep. Status en rang word voorgeskryf deur tradisionele beginsels.</p>

<p><b>Dissipline</b></p> <p>Klem op persoonlike dissipline.</p>	<p><b>Dissipline</b></p> <p>Strawwe dissiplinêre opvoeding binne die tradisionele gesin. Dissipline word toegepas solank daar terugvoer gegee word aan die individu.</p>
<p><b>Deeglikheid</b></p> <p>Kwaliteit deur middel van deeglikheid is 'n voorwaarde. Beplanning en persoonlike beheer word vereis in die uitvoer van take. Kennis omtrent bepaalde kwaliteit standaarde is noodsaaklik.</p>	<p><b>Deeglikheid</b></p> <p>Deeglikheid hang nou saam met ervaring van tydkonsep.</p>
<p><b>Tydkonsep</b></p> <p>Alle ekonomiese aktiwiteite word geëvalueer in terme van die gepaardgaande tydbenutting. Kennis van die grense van tyd binne die samelewing is belangrik. Beplanning, organiseering en skedulering van take is noodsaaklik.</p>	<p><b>Tydkonsep</b></p> <p>Tyd word slegs as breë afgebakende eenheid beskou (sekondes en minute bestaan nie in die tradisionele swart kultuur nie, maar wel seisoene). Tyd besit slegs waarde indien 'n gebeurenis plaasvind. Tydkonsep word nie in terme van verre verlede en verre toekoms georiënteer nie.</p>
<p><b>Kommunikasie</b></p> <p>Die kommunikasieproses moet so kort en saaklik moontlik wees. Strewe na die mees doelmatigste kommunikasiesisteem binne die werksituasie.</p>	<p><b>Kommunikasie</b></p> <p>Kommunikasie is langdradiger en omslagtiger aangesien tradisionele waardes leer om te behaag. Kommunikasie word aangepas om ruimte te laat vir respek teenoor meerderes (soos om te gaan sit wanneer met 'n meerdere gepraat word en nie eerste 'n meerdere te groet nie). Relevante werkverwante konsepte word dikwels nie begryp nie, onder meer vanweë taalagterstande.</p>

### 3.3.2 Die paradigma van Sue en Sue soos saamgestel uit twee sielkundige dimensies

Sue en Sue (1990:146) se benadering oor die vorming van wêreldbeskouings word gebaseer op twee psigologiese oriëntasies, naamlik die lokus van **kontrole-dimensie** wat afgelei is uit Rotter se sosiale leerteorie, en die lokus van **verantwoordelikheid-dimensie** wat afgelei is uit die toeskrywingsteorie van Jones.

**Figuur 3.4:** Sue en Sue (1990:146) se grafiese voorstelling van wêreldbeskouings.



Nota: EK= Eksterne lokus van kontrole; EV= Eksterne lokus van verantwoordelikheid;  
IK= Interne lokus van kontrole; IV= Interne lokus van verantwoordelikheid

Soos die figuur aandui, kan beide hierdie psigologiese dimensies op 'n kontinuum geplaas word, op só 'n wyse dat hulle mekaar kruis en sodoende kwadrante vorm wat elk 'n ander wêreldbeskouing of lewensoriëntasie verteenwoordig, te wete:

- **Interne lokus van kontrole (IK) – Interne lokus van verantwoordelikheid (IV):  
IK – IV-wêreldbeskouing**

Die self word beklemtoon as 'n integrale deel van probleemoplossing. Sue en Sue (1990:146) noem die Amerikaanse kultuur 'n tipiese voorbeeld hiervan waar

uniekheid, onafhanklikheid en selfvertroue beklemtoon word en 'n hoë premie geplaas word op persoonlike bronne vir probleemoplossing.

▪ **Eksterne lokus van kontrole (EK) – Interne lokus van verantwoordelikheid (IV): EK –IV-wêreldbeskouing.**

Individue wat binne hierdie kwadrant val, is geneig om die dominante kultuur se definisie van verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle is slagoffers van die 'magtige' ander en hou hulself daarvoor verantwoordelik.

▪ **Eksterne lokus van kontrole (EK) – Eksterne lokus van verantwoordelikheid (EV): EK –EV-wêreldbeskouing.**

Persone wat hul situasie as die gevolg van 'n onderdrukkende sisteem beskou en gevolglik magteloos voel, val onder hierdie tipe.


▪ **Interne lokus van kontrole (IK) – Eksterne lokus van verantwoordelikheid (EV): IK –EV-wêreldbeskouing.**

Individue glo in hul vermoë om persoonlike doelwitte te bereik as hulle die geleentheid daarvoor gegun word.

### **3.3.3 Cox se drieledige model van wêreldbeskouings**

Cox se drieledige model van wêreldbeskouings (Speight, Myers, Cox & Highlen 1991:32) reken dat interaksie plaasvind tussen (a) kulturele spesifisering (b) individuele uniekheid, en (c) menslike universaliteit. Hierdie interaksie beïnvloed individue en hul wêreldbeskouings.

**Figuur 3.5:** Invloed op wêreldbeskouing volgens Cox se model, soos voorgestel deur Conradie (1995:65).



Hierdie model is gebaseer op Kluckholm en Murray (Conradie 1995:65) se basiese beginsels wat postuleer dat elke persoon soos alle persone is, sommige persone en geen ander persoon is nie. Daar is dus in elke ontmoeting tussen mense, insluitend die voorligtingsituasie, 'n mengsel van eendersheid en verskil. Ten einde 'n kliënt volkome te verstaan, moet die voorligter die invloed van al drie genoemde komponente verken. Volgens Cox (Conradie1995:65) bied hierdie model 'n praktiese konseptualisering van begrip vir die komplekse vermenging van invloed op individue se wêreldbeskouings. Begrip van hierdie aspekte is nodig vir doeltreffende terapie. Cox (Conradie 1995:65) beweer dat die model 'n balans bied tussen die etiese en emiese benaderings in



multikulturele opleiding. Hierdie benadering poog om verder as die verskille tussen individue te gaan en sodoende individue op 'n universele vlak te verenig. Die essensiële gemeenskaplikheid van mense word 'n wyse om die wêreld te beskou, waarin individue gewaardeer word vir hul uniekheid as 'n noodsaaklike deel van die geheel.

Die feit dat wêreldbeskouings so uiteenlopend is, het belangrike implikasies vir beroepsvoorgligters wat hul eie waardes in perspektief moet sien en wat voortdurend gekonfronteer word deur situasies waar hul waardes van dié van hul kliënte s'n verskil.

Hickson *et al.* (1990:300) kwalifiseer die volgende redes vir die buigzaamheid en bruikbaarheid van wêreldbeskouing:

- Dit help terapeute om hulself en hul kliënte beter te verstaan.
- Die waardes, oortuigings en veronderstellings van beide partye word eksplisiet gemaak.
- Die keuses van gemeenskaplike doelwitte en prosesse word vergemaklik.
- Die subjektiewe realiteite wat nodig is om kennis te verkry en vaardighede te ontwikkel, word verskaf.
- Multikulturele terapie word verbeter omdat terapeute deurgaans bewus is van die kultureel-dominante oortuigings, misverstande en verkeerde etikettering van kliënte.

### **3.4 Verskille in werkwaardes tussen kultuurgroepe**

Werkwaardes is kultuurgebonde en word deur kultuurgroepe in stand gehou binne die werksituasie, as voorwaarde vir kulturele oorlewing (Van Wyk, Raubenheimer & Kotze, 1984:8-13). Die volgende noodsaaklike werkwaardes om in 'n Westerse samelewing te presteer, word deur hulle geïdentifiseer:

### **3.4.1 Roepingsbewustheid**

Dit wys op die behoefte om 'n bepaalde rol te speel binne die samelewing en dien ook as 'n motiveringsfaktor by die individu se beroepskeuse en sy/haar volharding in die werksituasie.

### **3.4.2 Individualisme**

Individue beskik oor sekere vermoëns wat hoofsaaklik aangebore word en wat hul verskillend van ander maak. Indien daardie vermoëns doelmatig aangewend word, sal dit beloon word deur die werkgemeenskap.

### **3.4.3 Deeglikheid**

Deeglikheid behels 'n bepaalde standaard van werkverrigting. Dit vereis dat die individu noukeurig, oplettend, ordelik en van 'n geordende wyse van optrede gebruik maak in die uitvoering van take binne werksverband.

### **3.4.4 Tydkonsep**

Die doelmatige benutting van tyd vorm 'n belangrike aspek van werkfunksionering.

### **3.4.5 Dissipline**

Dissipline behels die uitvoer van take op 'n sistematiese wyse met vaste reëlmaat.

### **3.4.6 Kommunikasie**

Doelmatige kommunikasie binne die werksituasie is essensieel. Dit behels die effektiewe gebruik van kommunikasie-metodes wat betrekking het op die medium van

kommunikasie, die boodskap self, die ontvanger en afsender én relevante eksterne faktore wat kommunikasie beïnvloed.

### **3.4.7 Prestasiemotivering**

Prestasiemotivering is die behoefte van individue aan die hoogs moontlike prestasie wat hulle met behulp van hul vaardighede- en vermoënstruktuur kan bereik.

Volgens Janse van Vuuren (1988:11) bestaan daar binne die Suid-Afrikaanse konteks verskille tussen die werkwaardes van die Westerling enersyds, en dié van die tradisionele en selfs 'verwesterse' swart kultuur andersyds.

Vervolgens word aan die hand van Janse van Vuuren (1988:8-14) 'n kort opsomming van die verskil in werkwaardes tussen die Westerse samelewing en tradisionele en 'verwesterse' swartmense gegee:

**Tabel 3.3** Verskil in werkswaardes tussen Westerse en tradisionele en 'verwesterse' swartmense (Janse van Vuuren 1988:8-14)

<b>Waarde-oriëntasies</b>	
<b>Dimensies</b>	
<b>Tydsin</b> Wat is die tydlike fokus van die menslike lewe?	<p><b>Verlede</b> Die verlede is belangrik. Leer uit die geskiedenis</p> <p><b>Hede</b> Die teenwoordige moment is belangrik. Moenie oor die toekoms bekommer nie</p> <p><b>Toekoms</b> Beplan vir die toekoms: maak vandag opofferings vir 'n beter toekoms</p>
<b>Menslike aktiwiteit</b> Wat is die modaliteit van menslike aktiwiteit?	<p><b>Bestaan</b> Dit is genoeg om net te bestaan</p> <p><b>Bestaan en word</b> Die doel in die lewe is om die innerlike self te ontwikkel</p> <p><b>Doen</b> Wees aktief. Werk hard en die moeite sal beloon word</p>

<p><b>Sosiale verhoudings</b></p> <p>Hoe word menslike verhoudings gedefinieer?</p>	<p><b>Liniêr</b></p> <p>Verhoudings is vertikaal. Daar is leiers en volgelinge in hierdie wêreld</p>	<p><b>Kollateraal</b></p> <p>Persone moet vriende en familie raadpleeg wanneer probleme opduik</p>	<p><b>Individualisties</b></p> <p>Individuele outonomie is belangrik. Persone beheer hul eie bestemming</p>
<p><b>Mens/natuur verhouding</b></p> <p>Wat is mense se verhouding tot die natuur?</p>	<p><b>Onderwerping aan die natuur</b></p> <p>Die lewe word hoofsaaklik bepaal deur eksterne faktore (God, feite, geneties)</p>	<p><b>Harmonie met die natuur</b></p> <p>Mens en natuur bestaan saam in harmonie</p>	<p><b>Beheer oor die natuur</b></p> <p>'n Uitdaging aan die mens sou wees om die natuur te oorwin en te beheer</p>

Die uitwerking van akkulturasie behoort nie buite rekening gelaat word wanneer op waardes gelet word nie. Daar kan aanvaar word dat sommige van die genoemde waardes met verloop van tyd, gesien teen die verwysingsraamwerk van akkulturerende

invloed, gewysig kan raak. Verdere navorsing in hierdie verband moet egter eers plaasvind alvorens besliste uitsprake in hierdie verband gemaak kan word. Daar word egter van die veronderstelling gewerk dat hierdie waardes steeds voortbestaan. Soos Gobodo (1990:96) tereg sê: *No matter how 'civilized' we might claim to be, we will still be regulated, in part, by the ethos of our original culture.*

### 3.5 Vooroordele en stereotipering

Volgens Axelson (in Pedersen *et al.* 1989:59), beteken vooroordeel letterlik 'n voorafuitgedinkte oordeel of opinie sonder regverdiging of voldoende kennis wat positief of negatief kan wees. Pedersen *et al.* (1998:59) verwys ook na Ridley se beskrywing van vooroordeel as 'n houding waar ongunstige gevoelens en gedragsintensies teenoor individue of 'n groep uitgedruk word. Sundberg (Marsella & Pedersen 1981:41), het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n negatiewe korrelasie is tussen vooroordeel en die effektiwiteit waarmee 'n voorligter in die voorligtingsproses optree.

Matsumoto (1994:40-41) stel dit dat kultuur as 'n 'filter' optree; nie alleen wanneer die mens waarneem nie, maar ook wanneer hy/sy gebeure interpreteer. Individue mag moontlik mekaar se gedrag vanuit hul eie kulturele agtergronde interpreteer en tot 'n gevolgtrekking kom wat op hul eie oortuigings van kultuur en gedrag gebaseer is. Hierdie interpretasie mag verkeerd wees omdat daar sprake is van verskil in gedrag tussen kulture. In aansluiting hierby sê Matsumoto (1994:6): *Still, sometimes we cannot separate ourselves from our own cultural backgrounds and biases to understand the behaviors of others.* Om ander se gedrag deur 'n kultuurspesifieke 'bril' waar te neem en te interpreteer, word volgens Matsumoto, as etnosentrisme beskryf. Dit kan weer gekoppel word aan stereotipes.

Matsumoto (1990:6) definieer stereotipes as *fixed attitudes, beliefs, or opinions about people who belong to cultures other than one's own.* Sue en Sue (1990:47-48) voel dat die gevaar in stereotipes daarin geleë is dat dit ontoeganklik is vir logika en

ondervinding en dat inkomende inligting verdraai word om die vooropgestelde idees te pas. Matsumoto (1990:6) sê die volgende oor stereotipes:

*Stereotypes may be handy in giving people some kind of basis in judging, evaluating, and interacting with people of other cultures. They can be very dangerous and damaging, however, when people adhere to them inflexibly and apply the stereotypes to all people of that cultural background without recognizing the possible false bases of the stereotype as well as individual differences within that culture.*

Pedersen *et al.* (1989:59) beweer dat stereotipering lei tot selfvullende voorspelling. Bevooroordeelde persone stereotipeer maklik.

#### **4 KULTUUR IN 'N POSTMODERNISTIESE KONTEKS**

Die postmoderne era is 'n tyd van voortdurende keuses, volgens Jencks (1987:1) 'n era waarin alle tradisies geldigheid en bestaansreg het. Hy (Jencks 1987:1) stel dit soos volg:

*Pluralism, the 'ism' of our time, is both the great problem and the great opportunity: where Everyman becomes a Cosmopolite and Everywoman a Liberated Individual, confusion and anxiety become ruling states of mind and erszat a common form of mass-culture.*

Die postmodernisme resulteer in 'n skepping waar 'n groot verskeidenheid kulture en tradisies gesinteseer word in 'n geheel, en waar meningsverskille en diversiteit, hetsy op grond van kultuur, ras of geslag, hoog geag word (Van der walt 1995:178). Toynbee (Nicholls 1989:198) sluit hierby aan met die volgende stelling: *the modern age is beginning to be superseded by the coexistence of different cultures.*

Volgens Van Niekerk (1997:149) is een van die bevrydendste kenmerke van die postmoderne denke die klem wat geplaas word op verdraagsaamheid. Verdraagsaamheid teenoor verskillende perspektiewe en wêreldbeskouings, die erkenning en aanmoediging van diversiteit, om van ander te leer en eie denke krities te ondersoek op grond van insigte en wysheid wat van ander bekom is. Dit behels ook dat

individue se opinies nie op ander afgedwing word nie. Die postmoderne beweging het tot gevolg dat Van Niekerk (1997:149) die volgende hieroor sê:

*It makes us citizens of the global village that is no longer uniform and straightlaced in what is being offered as fashionable, presentable or proper. It is a world in which we are unashamedly exposed to whatever might not have earlier been known, conceived or tolerated.*

In die postmodernistiese konteks word weg beweeg van universalismes. In hierdie verband is dit egter nodig om daarvan kennis te neem dat ofskoon die postmodernisme alle kulture erken en gelyk ag aan mekaar, is daar geensins sprake daarvan dat alle kulture as universeel beskou word nie of dat verskillende kulture tot een universele kultuur geminimaliseer word nie. Van Niekerk (1997:107) merk op in hierdie verband dat universele aansprake op geldigheid deur die postmodernisme gedekonstrueer word en dat partikularisme intensioneel nie gekoppel word aan die universele nie.

Ofskoon die postmodernisme die geldigheid van multikulturele diversiteit erken, is dit volgens Fowler (1997:191-199) nodig om te beklemtoon dat daar nie enige illusies moet bestaan oor die invloed wat kulturele mag uitoefen nie. Die modernisme wat gekenmerk is deur kulturele dominansie en ongelykheid is 'n produk van die Westerse samelewing, net soos die postmodernisme 'n produk daarvan is. Fowler (1997:99) onderskryf die volgende:

*In today's multicultural, democratic states, this civil culture most often embodies the fundamental cultural values of the cultural community that controls the centres of political power.*

Kulturele diskriminasie kan slegs vermy word indien daar 'n gelyke en opregte verdeling in politieke mag plaasvind, wat alle kulturele groepe op grond van gelykheid in status insluit.

## **5 Samevatting**

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om kulturele faktore wat 'n rol speel in die proses van beroepsvoorligting te verreken. Dit blyk vanuit die literatuur dat voormelde faktore reeds vir baie jare 'n invloed uitoefen op die menslike bestaan en in die




besonder is dit die verskille tussen kulture wat op alle fasette van die menslike bestaan inwerk.

Kulturele verskille moet erken word as geldig waarna die gevolge van hierdie verskille op effektiewe wyse hanteer moet word. Die fokus in hierdie hoofstuk is veral geplaas op die bewusmaking van kultuurverskille ten einde 'n meer ingeligte praktyk vir beroepsvoorligting daar te stel.

Verskillende opvattinge aangaande kultuur is verken en enkele kulturele belemmeringe wat die proses van beroepsvoorligting nadelig kan beïnvloed, is uitgewys. Kulturele belemmeringe soos kommunikasie, hetsy verbaal of nie-verbaal; geslagsverskille; verskille in wêreldbeskouings; verskille in werkwaardes; vooroordele en stereotipering is aan die orde gestel.

Ten slotte is kultuur vanuit 'n postmodernistiese konteks bestudeer ten einde die dimensies van kultuur soos wat dit in hierdie konteks navore tree, toe te lig.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK VIER

## 'N OORSIG VAN BESTAANDE MODELLE VIR BEROEPSVOORLIGTING

### 1 INLEIDING

In hoofstuk een is verwys na die probleem wat tot hierdie studie aanleiding gegee het. Die feit dat Suid-Afrika bepaalde politieke en sosiale veranderinge ondergaan het en op die drumpel van 'n epogwending staan, het noodwendig aanleiding gegee tot vele veranderinge wat ook betrekking het op die veld van beroepsvoorligting (Grobler 1996:1).

In hoofstuk twee is enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting verken wat in die verlede, en tans nog vir vele universiteite en teknikons as basis vir beroepsvoorligtingsmodelle dien. In hoofstuk drie is die kulturele faktore wat 'n rol speel in die beroepsvoorligtingsproses, verhelder.

Inligting aangaande huidige beroepsvoorligtingsmodelle is noodsaaklik ten einde die praktyke wat tans deur verskeie universiteite en teknikons gebruik word, te ondersoek. Hierdie inligting sou andersyds kan aandui watter modelle tans in gebruik is. Andersyds sou dit 'n refleksie kon bied op die mate waarin daar reeds veranderinge aan bestaande modelle aangebring is, ten einde die eise wat deur 'n postmoderne, multikulturele samelewing gestel word, die hoof te bied.

Die onderhawige hoofstuk beskryf die strategie wat in hierdie studie aangewend word om inligting oor bestaande modelle vir beroepsvoorligting te bekom en verskaf 'n uiteensetting van die inligting wat ontvang is.

## 2 VERLOOP VAN DIE NAVORSING

### 2.1 Die navorsingsgroep

Vir die doeleindes van hierdie studie is besluit om sowel verskeie universiteite en teknikons in Suid-Afrika as enkele opleidingsinstansies internasionaal te raadpleeg aangaande modelle van beroepsvoorligting wat tans in gebruik is by elk van hierdie instansies. **Daar is veral sorg gedra om plaaslike universiteite en teknikons wat voorheen benadeel was, by hierdie studie te betrek.** Daar is met 15 plaaslike universiteite en ses plaaslike teknikons gekorrespondeer. Op internasionale vlak is nege universiteite genader vir inligting.

### 2.2 Metode wat gevolg is met die insameling van inligting

Die plaaslike universiteite en teknikons wat by die studie betrek is, is eerstens telefonies gekontak om te bepaal wie die aangewese persoon by elke instansie sou wees om die inligting wat vir hierdie studie benodig word, beskikbaar te stel. Tydens die telefoniese gesprekke is die doel van die studie kortliks meegedeel, waarna 'n beskrywing van die inligting wat verlang sou word, gegee is. Die kontakpersone wie deur hierdie proses geïdentifiseer is, se kontakbesonderhede (posadres, elektroniese posadres, en 'n telefaks-adres) is bekom.

Nadat hierdie prosedure met al die betrokke instansies gevolg is, is 'n standaard brief<sup>25</sup> opgestel waarin inligting verstrekkend is aangaande die voorgenome studie. Die inligting wat van elke instansie verlang word, is ook beskikbaar gestel. Hierdie brief is per geregistreerde pos aan elke instansie gestuur. Na verloop van ongeveer 10 weke is opvolgbriewe<sup>26</sup> per elektroniese pos gestuur aan die instansies wat nie op die eerste skrywe gereageer het nie. Indien geen reaksie ná afsending van die tweede brief

---

<sup>25</sup> Vergelyk bylaag A.

<sup>26</sup> Vergelyk bylaag B en C.

ontvang is nie, is 'n telefaksboodskap<sup>27</sup> ongeveer vier weke na die elektroniese brief afgestuur.

Die proses wat gevolg is met die inwin van die inligting wat benodig is vir hierdie studie, kan soos volg voorgestel word:

**Tabel 4.1** Proses waardeur inligting ingesamel is vanaf plaaslike instansies

<b>Naam van die instansie</b>	<b>Geregistreeerde posstuk</b>	<b>Elektroniese pos (e-pos)</b>	<b>Telefaks</b>
The University of Cape Town	X	X	X
University of North West	X		
University of the Witwatersrand	X	X	X
University of Zululand	X	X	X
University of Durban-Westville	X	X	X
University of the North	X		
University of Fort Hare	X	X	X
University of Natal	X	X	
Potchefstroomse Universiteit vir CHO	X	X	

<sup>27</sup> Vergelyk bylaag B en C.

Randse Afrikaanse Universiteit	X	X	
Universiteit van Stellenbosch	X		
Universiteit van die Oranje-Vrystaat	X	X	X
Universiteit van Port Elizabeth	X	X	X
Universiteit van Suid-Afrika	X		
<b>Plaaslike Technikons</b>			
Natal Technikon	X		
Technikon Northern Gauteng	X		
Technikon Witwatersrand	X	X	X
Kaapse Technikon	X	X	
Technikon Pretoria	X		
Technikon Vrystaat	X		

Die nege internasionale universiteite waarna in paragraaf 2.1 verwys is, is deur middel van die internet gekontak, deur 'n besoek aan hul onderskeie webbladsye waarop die inligting van die verskillende departemente en personeel verskyn. Inligting aangaande die voorligtingsdepartement<sup>28</sup> by elke universiteit en die belangstellingsveld van elke persoon in daardie departement is verken. Op grond van hierdie inligting is 'n geskikte kontakpersoon geïdentifiseer. Die elektroniese (e-pos) adresse van hierdie persone wat op die webbladsye verskyn, is gebruik om 'n standaardbrief<sup>29</sup> aan elke persoon te

<sup>28</sup> Of ooreenstemmende departement.

<sup>29</sup> Vergelyk bylaag D.

stuur. Indien geen reaksie na afloop van 10 weke ontvang is nie, is 'n opvolgboodskap per elektroniese pos gestuur.

Hierdie proses kan kortliks in die volgende diagram weergegee word:

**Tabel 4.2** Proses waardeur inligting ingesamel is vanaf internasionale instansies

<b>Naam van instansie</b>	<b>Elektroniese pos (e-pos)</b>	<b>Elektroniese pos (e-pos)</b>
University of Oklahoma	X	X
Iowa State University	X	X
Universiteit van Groningen	X	X
Universiteit van Leuven	X	X
Vrije Universiteit Brussels	X	
Arizona State University	X	X
Central Queensland University	X	X
Oakland University	X	X
Oxford University	X	

### **2.3 Antwoorde ontvang**

Van die 14 plaaslike universiteite wat gekontak is vir inligting het 8 universiteite en 5 van die 6 teknikons terugvoer gegee. Van die 9 internasionale universiteite wat gekontak is, het 2 universiteite inligting vir hierdie studie beskikbaar gestel.

Die inligting wat van die onderskeie plaaslike instansies ontvang is, kan soos volg uiteengesit word:

**Tabel 4.3** Uiteensetting van inligting ontvang vanaf plaaslike instansies

<b>Naam van die instansie</b>	<b>Geregistreeerde posstuk</b>	<b>Elektroniese pos (e-pos)</b>	<b>Telefaks</b>
The University of Cape Town	Geen reaksie	Geen reaksie	Geen reaksie
University of North West	Terugvoer ontvang		
University of the Witwatersrand	Geen reaksie	Geen reaksie	Geen reaksie
University of Zululand	Versoek nadere besonderhede	Geen reaksie	Geen reaksie
University of Durban-Westville	Geen reaksie	Geen reaksie	Terugvoer ontvang
University of the North	Geen reaksie	Fasiliteit buite werking	Geen besonderhede verskaf nie
Universty of Fort Hare	Geen reaksie	Fasiliteit buite werking	Fasiliteit buite werking
University of Natal	Geen reaksie	Versoek nadere besonderhede Reaksie ontvang	
Potchefstroomse Universiteit vir CHO	Geen reaksie	Versoek nadere besonderhede Reaksie ontvang.	
Randse Afrikaanse Universiteit	Geen reaksie.	Terugvoer ontvang.	



Universiteit van Stellenbosch	Terugvoer ontvang.		
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	Geen reaksie	Geen reaksie.	Geen reaksie.
Universiteit van Port Elizabeth	Geen reaksie	Geen reaksie.	Terugvoer ontvang.
Universiteit van Suid-Afrika	Versoek nadere besonderhede (telefonies) Terugvoer ontvang		
<b>Plaaslike Technikons</b>			
Natal Technikon	Terugvoer ontvang		
Technikon Northern Gauteng	Versoek nadere besonderhede (telefonies) Terugvoer ontvang		
Technikon Witwatersrand	Geen reaksie	Geen reaksie	Terugvoer ontvang
Kaapse Technikon	Geen reaksie	Terugvoer ontvang	
Technikon Pretoria	Terugvoer ontvang		
Technikon Vrystaat	Terugvoer ontvang		

Die inligting wat vanaf die onderskeie internasionale universiteite ontvang is, kan soos volg uiteengesit word:

**Tabel 4.4** Uiteensetting van inligting ontvang vanaf internasionale instansies

<b>Internasionale Universiteite</b>	<b>Elektroniese pos (e-pos)</b>	<b>Opvolg elektroniese pos</b>
University of Oklahoma	Geen reaksie	Geen reaksie
Iowa State University	Geen reaksie	Geen reaksie
Universiteit van Groningen	Geen reaksie	Geen reaksie
Universiteit van Leuven	Geen reaksie	Geen reaksie
Vrije Universiteit Brussels	Terugvoer ontvang	
Arizona State University	Geen reaksie	Geen reaksie
Central Queensland University	Geen reaksie	Geen reaksie
Oakland University	Geen reaksie	Geen reaksie
Oxford University	Terugvoer ontvang	

### **3. DEURSKOING VAN INLIGTING WAT ONTVANG IS**

Die inligting vanaf die onderskeie instansies wat gekontak is, word vervolgens uiteengesit.

#### **3.1 Plaaslike Universiteite**

##### **3.1.1 University of North-West**

Vanuit die inligting wat ontvang is blyk dit dat die University of North-West nie 'n vaste beleid vir voorligting volg nie. Die voorligters verbonde aan die Voorligtings- en Beradingsentrum, gebruik elk hul eie diskresie in die selektering van metodes vir beroepsvoorligting (wat gewoonlik psigometriese toetsing behels). Psigometriese toetse wat gebruik word, sluit in die *Career Development Questionnaire* en belangstellingsvraelyste (Malefo 1999:1).

### 3.1.2 University of Durban-Westville

Die beroepsvoorligtingsmodel van hierdie instansie is gebaseer op Super se model, Krumboltz se sosiale leerteorie en Harren se sosiale leerteorie. In die proses van beroepsvoorligting word van psigometriese toetse soos *Holland's Selfdirected Search*, *Myers-Briggs Type Indicator*, asook die MENTOR gerekenariseerde program gebruik gemaak (Beerlall 1999:1).

Intervensie vind hoofsaaklik op 'n een tot een basis (mikrostrukturele vlak) plaas, maar daar word ook werkwinkels (makrostrukturele vlak) aangebied. Hierdie werkwinkels dek temas wat verband hou met lewensvaardighede soos tydbestuur; probleemoplossing; besluitnemingsvaardighede; selfanalise; eise wat deur die arbeidmark gestel word; hoe om 'n aansoekbrief en 'n *curriculum vitae* op te stel; onderhoudvoering; telefoon- en kommunikasievaardighede, en leierskapvaardighede (Beerlall 1999:1).

### 3.1.3 University of Natal

Hierdie universiteit se model vir beroepsvoorligting berus hoofsaaklik op 'n geïntegreerde benadering wat die trek-faktorbenadering en die ontwikkelings-kontekstuele teorieë van Stead en Watson insluit (Jassat & Liebenberg 1999:1).

Daar word gebruik gemaak van een tot een (mikrostrukturele vlak) kontakonderhoude, waarna gerekenariseerde psigometriese toetse soos die *Strong Interest Inventory*, *Myers-Briggs Type Indicator*, *Work Values Inventory* asook die *Career Development Questionnaire* ingeskakel word. Die toetsbattery is standaard, omdat die groep aan wie hierdie universiteit voorligting verleen, homogeen van aard is (Jassat & Liebenberg 1999:1).

Die voorligter se rol is om as fasiliteerder op te tree in 'n proses waar kliënte binne hulle eie konteks hul kennis aangaande beroepe uitbrei. Die voorligter help om verdraaiings

en vooroordele wat kliënte aangaande hulself en die wêreld van werk openbaar, reg te stel (Jassat & Liebenberg 1999:1).

### 3.1.4 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Die Potchefstroomse Universiteit vir CHO het die volgende studiehandleidings beskikbaar gestel waaruit 'n aantal afleidings aangaande hul benadering tot beroepsvoorligting gemaak kan word in:

- Hoër Onderwys diploma (Nagraads - Voorligting) VRV 522 (Marais 1989:1-5).
- Psigometrie en diagnostiek OKS 630 (Marais 1999:1-12).
- Psigometrie, psigodiagnostiek en praktikum VRV 522 (Marais 1999:1-7).
- Praktyk van skoolvoorligting OKS 623 (Marais:1999:1-21).

Volgens hierdie handleidings kan die volgende aangaande beroepsvoorligting by hierdie instansie saamgevat word:

- Beroepsvoorligting is gebaseer op bestaande modelle of teoretiese raamwerke (daar word nie vermeld watter raamwerke of modelle nie).
- Opleiding word gegee aangaande psigometriese toetse soos: *Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)*; *Die Persoonlikheidsvraelys vir Kinders(PVK)*; *Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF)*; *Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)*; *Die Senior Aanlegtoetse (SAT)*; *Die Junior Aanlegtoetse (JAT)*; *Die Selfondersoekvraelys (SOV)* en die *Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19VBV)*.
- Beroepsvoorligting vanaf 1920-1994 is deurskouend van aard - spesifiek ten opsigte van die manier waarop die omstandighede na 1994 verander het en die implikasies wat dit vir beroepsvoorligting inhou. Daar word verwys na 'n 'paradigmaskuif' wat gemaak moet word (daar word egter nie spesifiek verwys na die 'paradigma skuif' wat voorgestel word nie). 'n Herkonseptualisering van bestaande modelle van beroepsvoorligting ten opsigte van individuele en groepe leerders se behoeftes word ondersteun.

- Evalueringstegnieke word aangepas by die veranderende omstandighede van beroepsvoorligting en dit is veral die ontwikkeling van selfhelpinstrumente wat aandag geniet (Marais 1999:1).

### **3.1.5 Randse Afrikaanse Universiteit**

Hoewel hierdie universiteit aandui dat daar van geen spesifieke model van beroepsvoorligting gebruik gemaak word nie, word dit tog gestel dat die benadering wat gebruik word vanuit 'n **sistemiese perspektief, binne die konteks van die postmodernisme**, plaasvind. Studente in voorligting word aangemoedig om alle modelle en gepaardgaande teorieë te bestudeer en dan tot 'n persoonlike model vir beoepsvoorligting te kom (Walters 1999:1).

### **3.1.6 Universiteit van Stellenbosch**

Beroepsvoorligting by die Sentrum vir Studentevoorligting aan die Universiteit van Stellenbosch vind plaas vanuit 'n eklektiese perspektief, met die ontwikkelingsielkunde as basis. Konsepte vanuit verskillende teoretiese benaderings soos Erikson en Holland se teorieë, Super se Lewenspanteorie, Gottfredson en Ginzberg se teorieë, asook beginsels uit die Leerteorie, Besluitnemingsteorie en Rokeach se waardeteorie, dien as basis vir hulle model. Bandura se konsepte van rolmodellering en selfbevoegdheid en die algemene sisteemteorie van Holloway vorm die teoretiese grondslae vir die opleidingsprogram (Brand 1999:1).

Die fokus van hierdie instansie het onlangs (1999) verskuif van individuele beroepsvoorligting na groepsberoepsvoorligting wat in die vorm van werkwinkels aangebied word.

Dienste wat aangebied word sluit in:

- Loopbaanontwikkelingsvoorligting waar realistiese loopbaanverwante keuses (insluitende vak- en kursuskeuse) volgens Holland, Super en Ginzburg, gesien word as deel van die totale ontwikkelingsproses van die individu.
- Fasette van lewensvaardigheidsontwikkeling waarbinne 'n psigo-opleidingsmodel en 'n holistiese gesondheidsmodel van Beck en Ellis in die leerproses beklemtoon word. Eienskappe wat veranderbaar is volgens Seligman se teorie oor *learned optimism/helplessness* is hier van belang.
- Fasette van psigoterapeutiese hulpverlening, naamlik die bevordering van selfaktualisering, regstelling van foutiewe denkprosesse volgens die beginsels van die kognitiewe sielkunde, bevordering van insig in die sin en betekenis van die lewe (eksistensiële benadering) en die generering van opsies en alternatiewe (realiteitsbenadering en die neuro-linguistiese benadering), vorm deel van hierdie instansie se benadering tot voorligting.

### 3.1.7 Universiteit van Port Elizabeth

Volgens die inligting wat van hierdie universiteit ontvang is, word gebruik gemaak van 'n eklektiese model wat 'n sterk element van die ontwikkelingsbandering tot beroepsvoorligting insluit. Die werk van Donald Super is 'n sentrale fokuspunt in hul model maar die werk van Mark Savickas en Bandura oor selfbevoegdheid hou nuwe en verkenbare moontlikhede in (De Jager 1999:1).

Daar word van die volgende psigometriese instrumente gebruik gemaak in hierdie model: *Die Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)*; *Die Lewensrolvraelys (LRV)* en *Die Waardeskaal (WS)*. *Die Selfondersoekvraelys (SOV)* van Holland word ook as belangstellingsvraelys aangewend (De Jager 1999:1).

Hierdie instansie ervaar dat die praktyk van beroepsvoorligting agterbly van die teorie, en dat navorsingsbevindinge nie geoperasionaliseer word nie (De Jager 1999:1).

### **3.1.8 Universiteit van Suid-Afrika**

Die Universiteit van Suid-Afrika maak nie van 'n duidelik gedefinieerde beroepsvoorligtingsmodel gebruik nie. Die Buro vir Studentevoorligting en Ontwikkeling (BSVO) het 'n struktuur met 'n bepaalde fokus wat die voorligtingsbedrywighede by hierdie instansie rig (van Schoor 1999:1).

Die strategie waarvolgens die BSVO voorligting bied, is daarop gerig om studente te help om die nodige vaardighede en kennis te bekom sodat hulle gehelp kan word om aan te pas by die akademiese kurrikulum en by die loopbaanomgewing waarheen hulle onderweg is (Van Schoor 1999:1).

Voorligting word op 'n een tot een basis, telefonies of deur die internet gedoen. Die filosofie van hierdie instansie is egter om op makrostrukturele vlak betrokke te wees by 'n geïntegreerde voorligtingsprogram waarby alle studente baat (van Schoor).

## **3.2 Plaaslike Teknikons**

### **3.2.1 Natal Teknikon**

Natal Teknikon maak gebruik van beide die individuele en groepbenadering tot voorligting. Elke beroepsvoorligter by hierdie instansie volg sy/haar eie benadering tot voorligting aangesien daar geen formele beleid of riglyne bestaan wat 'n besondere model voorstaan nie (Munro 1999:1-4).

Vanuit die inligting wat verskaf is, blyk dit egter of teoretiese benaderings soos Holland se teorie en die Myers-Briggsteorie van tipes gebruik word. Dit blyk verder dat beroepsvoorligting op individuele vlak 'n proses van berading is wat nie noodwendig psigometriese toetsing impliseer nie. 'n Verpersoonlikte toetsbattery word vir elke kliënt beplan in ooreenstemming met die kliënt se behoeftes (Munro 1999:1-4).

Dié Technikon maak verder ook gebruik van groepintervensie wat hulle die *Career Decision Making Programme* noem en ten doel het om Graad 11- en 12-leerders binne groepverband te fasiliteer sodat hulle beroepsbesluite kan neem. Die klem word daarop geplaas dat die kliënt self moet besluit en dat die rol van die voorligter (om te luister, te reflekteer, opsies te verhelder, selfeksplorاسie aan te moedig en leerders tot relevante hulpbronne te rig), baie duidelik gestel moet word.

Psigometriese toetse wat in hierdie proses ingesluit kan word sluit in:

*Campbell Interest and Skill Survey (ISS).*

*Self Directed Search (SDS)*

*Jackson Vocational Interest Survey (JVIS).*

*Myers-Briggs Type Indicator (MBTI).*

*16 Personality Factor (16PF).*

*Career Maturity Inventory (CMI).*

*Career Development Questionnaire (CDQ).*

Die resultate wat op grond van psigometriese toetse bekom word, word eers met die kliënt uitgeklaar om te bevestig of die kliënt daarmee saamstem en word nooit op die kliënt afgedwing nie (Munro 1999:1-4).



### **3.2.2 Technikon Northern Gauteng**

Die model wat deur hierdie technikon gebruik word, het oor die jare volgens die besondere behoeftes van die technikon tot stand gekom. Hierdie instansie beskou beroepsvoorligting as 'n proses waardeur inligting aan individue gegee word ten einde hulle te help met besluitneming oor beroepe. Voorligting word verder beskou as die professionele intervensie in die persoonlike lewe van 'n individu of groep individue op aanvraag, ten einde hulle te help met verantwoordelike loopbaanbesluite (Pienaar 1999:1-2).

Verskeie tegnieke soos psigometriese evaluasie, onderhoudvoering, psigoterapie of verwysing word, afhangend van die kliënte se behoeftes, in die voorligtingsproses aangewend.

Projekte wat deur hierdie instansie gebruik word om voorligting aan groot groepe studente te verskaf, sluit in:

- Aktiewe portuurvoorligtingsprogramme. Geselekteerde studente word opgelei in kommunikasie- en voorligtingsvaardighede.
- Artikels oor relevante en belangrike onderwerpe word geskryf, wat dan aan studente versprei word.
- Seminare en konferensies word oor aktuele onderwerpe gehou.
- Lewensvaardighede word akademies onderrig en is 'n verpligte nie-eksamenvak vir alle oorbruggingskursusse.

### **3.2.3 Technikon Witwatersrand**

Na aanleiding van inligting wat van hierdie instansie ontvang is blyk die benadering primêr eklekties te wees. Geen aanduiding van die verskillende teorieë wat tot hierdie benadering bydra, word gegee nie (Becker 1999:1).

### 3.2.4 Kaapse Technikon

Elke voorligter (gekwalfiseerde voorligtingsielkundiges) by die Kaapse Technikon maak van sy/haar eie model vir beroepsvoorligting gebruik. Dit wil voorkom of daar algemeen gebruik gemaak word van 'n kombinasie van Holland en Super se modelle. Voorligting geskied sowel individueel as binne groepverband aan leerders uit agtergeblewe gemeenskappe (Smit 1999:1-7).

Elke voorligter stel sy/haar eie toetsbattery saam. Psigometriese toetse wat algemeen gebruik word sluit in:

- *Die Sestienpersoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF)*
- *Myers-Briggs Type Inventory (MBTI)*
- *Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys*
- *Waardeskaal (WS)*
- *Selfondersoekvraelys (SOV)*
- *Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)*
- *Die Senior Aanlegtoetse (SAT) Toets1, 5 en8*

Intervensie binne groepsverband aan agtergeblewe gemeenskappe vind hoofsaaklik aan die hand van Holland se heksagoonmodel plaas.

### 3.2.5 Technikon Pretoria

Die Technikon Pretoria maak tans gebruik van 'n gerekenariseerde voorligtingsmodel wat, na afloop van 'n navorsingsprojek in 1996, spesifiek vir hierdie instansie se behoeftes ontwerp is (Van Heerden 1999:1).

Hierdie model bevat teoretiese elemente van die volgende modelle:

- Maslow se behoeftehiërargiemodel.
- Holland se beroepstipologiemodel.
- Super se selfkonsep-ontwikkelingsmodel.

- 'n Beroepsoriënteringpedagogiese benadering.

Benewens hierdie modelle word enkele benaderings in voorligting ook by hierdie instansie in ag geneem, naamlik:

- Die tradisionele benadering.
- Ontwikkelingsbenadering.
- Onderrig-leerbenadering.
- Akademiese ondersteuningsbenadering.

Die voorligtingsdiens van die Technikon Pretoria fokus op beroeps- en persoonlike voorligting deur opgeleide personeel en 'n gerekenariseerde psigometriese diens. Persoonverkenning word gedoen deur die inskakeling van beskikbare gerekenariseerde psigometriese media wat hoofsaaklik uit die SIGMUND-program bestaan. Verkenning van beroepe word gedoen deur die gebruik van beroepsinligtingsbassisse soos die MENTOR-program.

Interaktiewe selfwerkmodules word aangewend om studente tot selfverkenning en selforiëntering te begelei. Daar word ook gebruik gemaak van portuurvoorligtingsprogramme om studente in koshuise by te staan. Lewensvaardighede wat onderrig word deur studentevoorligters en studente- adviseurs sluit in:

Streshantering

Selfmotivering

Selfbeeldbewustheid en -verbetering

Kommunikasiestyle

Interpersoonlike verhoudings

Konflikhantering

Selfgeldende gedrag

Opstel van 'n *curriculum vitae*

### **3.2.6 Technikon Vrystaat**

Die Technikon Vrystaat maak gebruik van 'n eklektiese benadering tot voorligting waarin verskeie standpunte/vertrekpunte (wat nie vermeld word nie) geïntegreer word (Cronje 1999:1).

Die proses wat gevolg word sluit in:

Eerste konsultasie met die kliënt.

Psigometriese evaluasie na aanleiding van die eerste onderhoud (geen spesifieke toetse word vermeld nie).

Opvolgonderhoud om die uitslae van die psigometriese toetse te bespreek.

Integrasie van realiteite, byvoorbeeld werksgeleenthede en toelatingsvereistes.

Finale aanbevelings.

### **3.3 Internasionale Universiteite**

#### **3.3.1 Oxford University**

Beroepsvoorligting aan dié universiteit is gebaseer op die model soos wat dit deur Ali en Graham (1993:1-46) beskryf word. Die teoretiese onderbou van hierdie model vir beroepsvoorligting steun op teorieë van voorligting en berading. Die benadering fokus op persoonlike groei en die ontwikkeling van individue aan die hand van Carl Rogers se persoonsgesentreerde benadering.

Die modelle wat vir onderhoudvoering tydens die beroepsvoorligtingsonderhoud voorgestaan word sluit in:

- Carkhuff se twee-fase model.
- Egan se drie-fase model (Ali & Graham 1996:29).

Die beroepsvoorligtings- en sosiale teorieë wat volgens Ali en Graham (1996:30) in ag geneem moet word sluit in:

- Super se teorie oor lewensfases.

- Adams, Hayes en Hopson se aannames oor die transformasieproses in lewensgebeure.
- Eric Berne se model van transaksionele analise wat familie-invloed op individue se keuses illustreer.
- Erik Erikson se teorie oor psigo-sosiale ontwikkeling om die invloed wat portuurgroep uitoefen op beroepskeuse te verreken.
- Die sosiale leerteorie van Bandura wat aanvoer dat die mees waarskynlike uitkoms van 'n individu se beroepskeuse bepaal word deur die gedrag van persone waarmee daardie individu identifiseer. Só sal vrouens eerder beroepe beoefen wat deur ander vrouens beoefen word.
- Roberts se beroepsgeleenthede struktuurteorie. Hierdie teorie veronderstel dat die meeste persone beroepskeuses maak op grond van faktore buite hulself soos sosiale klas, opvoedingsgeleenthede, die huidige posisie van die arbeidsmark en ekonomiese duiders soos die eis op aanvraag en voorsiening.
- Law se gemeenskapsinteraksie-teorie. Die gemeenskap stel 'n standaard met betrekking tot die sosiale interaksie wat die individu kan motiveer om 'n bepaalde keuse uit te oefen (Ali & Graham 1993:30-43).

Voorligting wat deur die voorligtingsdiens by Oxford University gedoen word, word beskou as 'n selfhelpdiens wat veral gerig word deur die gebruik van selfhelpinstrumente (Butler 1999:1-128). Dié universiteit het 'n selfhelpinstrument ontwerp in die vorm van 'n gids wat inligting bied aangaande:

Beroepsgeleenthede

Beplanning van 'n beroep en aksiestappe wat geneem kan word

Vryetydbesteding

Werkseleenthede in ander lande

Verdere studie

Hoe om aansoek te doen vir 'n werk

Onderhoudvaardighede

Hoe om struikelblokke wat beroepskeuse kan verhinder te oorkom

Inligting oor werkgewers

## Besluitneming

Daar word verder ook voorligting gedoen deur brosjures, video-opnames, toesprake, opleidingsessies en deur middel van die internet (makrostruktureel). Daar word ook 'n een tot een (mikrostrukturele vlak) voorligtingsdiens aangebied vir individue wat na afloop van die selfhelpproses steeds bepaalde probleme ten aansien van beroepsvoorligting ervaar.

### 3.3.2 Vrije Universiteit van Brussel

Inligting wat vanaf hierdie instansie ontvang is dui aan dat die benadering tot beroepsvoorligting wat aan hierdie universiteit gevolg word, reeds in 'n reeks publikasies beskikbaar is. Hierdie publikasies is in die vorm van verslae oor beroepsvoorligting.

Die verslae staan onderskeidelik bekend as *Synthesis reports produced for the New Skills Project* wat 'n samevatting is van die verslae oor beroepsvoorligting in die Europese Unielande, en *Country reports produced for the New Skills Project* wat die verslae onderskeidelik van Oostenryk, België, Denemarke, Finland, Frankryk, Duitsland, Griekeland, Ierland, Italië, Luxemborg, Nederland, Portugal, Spanje, Swede en Brittanje bevat.

Die sintese verslag is aangevra. Ná verskeie e-pos en faksimilee-boodskappe kon dit egter nie bekom word om tot hierdie studie toegevoeg te word nie.

#### 4 OPSOMMING VAN DIE INLIGTING

'n Opsomming van die inligting wat van die onderskeie instansies ontvang is kan soos volg uiteengesit word:

**Tabel 4.5** 'n Opsomming van die inligting wat van die onderskeie instansies ontvang is

<b>Benaderings en tegnieke</b>	<b>Instansies</b>
Eklektiese benadering	8
Postmodernistiese benadering	1
Psigometriese toetse	9
Makrostrukturele vlak intervensie	8
Mikrostrukturele vlak intervensie	9
Makro- en mikrostrukturele vlak intervensie	6
Voorligting is 'n proses van berading	2
Gerekenariseerde toetse en hulpmiddels	3
Internet as middel tot voorligting	2
Selfhelpinstrumente	2
Die voorligter is 'n fasiliteerder	1
Elke voorligter gebruik sy/haar eie diskresie in die keuse van 'n model vir voorligting	4

#### 5 SAMEVATTING


Vanuit 'n deurskouing van die inligting wat van die onderskeie instansies ontvang is, het aan die lig gekom dat daar wel 'n bewustheid heers oor die veranderende omstandighede wat die terrein van die beroepsvoorligting raak. Daar is 'n beweging na die aanpassing van beroepsvoorligtingstegnieke om 'n steeds groter wordende groep leerders te akkommodeer en om makrostrukturele intervensieprogramme daar te stel wat die behoeftes van die massas sal bevredig.

'n Groter bewustheid van die postmoderne konteks waarbinne die Suid-Afrikaanse gemeenskap hul bevind, blyk egter 'n leemte te wees. Vanuit die inligting wat bekom is blyk dit dat slegs enkele instansies die invloed wat die postmoderne beweging op die terrein van die beroepsvoorligting uitoefen, verreken in hul benadering tot voorligting.

In hoofstuk 5 sal daar gepoog word om beroepsvoorligting binne 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks te plaas, ten einde 'n potensiële model aan die hand waarvan beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks kan voltrek, te ontwerp.



# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK VYF

## 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

### 1 INLEIDING

Ontnugtering weens onvervulde ideale het aanleiding gegee tot die einde van die moderne era wat volgens Wheale (1995:9) gekenmerk is aan 'n *verlies aan vertroue in gesistematiseerde kennis en gesofistikeerde tegnologie, omdat dit nie "n beter lewe" vir die mens kon bewerkstellig nie.*

Die Westerse, rasionele en objektief-wetenskaplike paradigma word toenemend bevraagteken. Söhnge (1994:5) voer aan dat kritiek teen die moderne era idees en perspektiewe verabsoluteer. Dit spruit voort uit die moderne wetenskaplike beskouing, en bied nie langer oplossings vir maatskaplike en individuele vraagstellings nie.

Die samelewing (soos wat dit in die moderne era bestaan) is nie meer goed genoeg nie en vanuit alle oorde heers 'n gees van aanklag teen rasionalisme, humanisme, individualisme en progressiwisme (Kirsten 1988:18). Wat eens beskou is as oplossings vir probleme en wat die vooruitgang van 'n samelewing beloof het, word huidiglik as onderliggende oorsaak vir 'n verskeidenheid sosiale probleme geag. Savickas (1993:207) stel dit soos volg: *Yesterday's solutions are today's problems.*

Daar heers volgens Savickas (1993:207) 'n ambivalente gevoel teenoor die objektivistiese wetenskap van die moderne era. Hy beskryf dit soos volg:

*On the one hand, it has given us penicillin, cars, telecommunications, food, compact disks, televisions, and airplanes. On the other hand, it has given us bombs, air pollution, and holes in the ozone layer.*

Volgens Stone (Van der Walt 1995:178) vermy die moderne era met norme van konsonansie, enige meningsverskille en ontsê sodoende minderheidsgroepe hul menings. Daarteen is die postmodernisme nie gefundeer op vaste begrondinge en onaantasbare kategorieë (soos geslag, ras, klas, ouderdom) nie, en dit stel ook nie belang in ontologiese strukture en universele wette nie. Die postmodernisme wil juis die universalisme wat in die modernisme aan ewige wette, strukture en kategorieë verbonde was, dekonstrueer en oplos in partikularisme en plaaslike belang.

Rust (1991:612) stel die volgende aangaande die postmodernisme:

*We are currently in the midst of a scientific revolution that began in the 1960's and in which the modern (scientific) paradigm, with its technical rationality, is being dislodged by the postmodern paradigm with its eclectic perspective.*

Janssens (Spies 1998:130) is van mening dat die postmodernisme uitgedien is, terwyl Spies (1998:130) egter glo dat dit gewoonlik 'n lang tyd neem voordat nuwe idees in Suid-Afrika gevestig word en gevolglik van mening is dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap heel waarskynlik nog vir 'n geruime tyd blootgestel gaan word aan postmoderne denkpatriene.

Beroepsvoorligting as dissipline moet rekening hou met die veranderinge en eise wat deur 'n postmoderne samelewing gestel word. 'n Daadwerklike poging behoort deur beroepsvoorligters in Suid-Afrika aangewend word om sterker seggenskap in die huidige diskoers te verkry. Die ontwikkeling van beroepsvoorligting as vakgebied impliseer dat daar doelgerig gearbei moet word om nuwe metodes en strukture te skep wat relevant is vir die tydperk en die gemeenskap wat hulle bedien.

## 2 DIE MODERNE ERA: KERNELEMENTE EN PROBLEME

### 2.1 Agtergrond

Volgens Kirsten (1988:20) het die term "modern" 'n lang geskiedenis en word dit in die Latynse vorm ("*modernus*") reeds sedert die 5de eeu in 'n chronologiese sin gebruik. Die bedoeling met hierdie term was om die hede wat offisieël Christelik geword het, van die Romeinse en Heidense verlede te onderskei. Dit blyk verder dat die term "modern" aangewend is om 'n epogale tydbewussyn, dit wil sê die besef van 'n opsienbare historiese wending, aan te dui.

Cahoone (1995:4) beklemtoon dat die term "modern" verwys na nou, die kontemporêre tyd, met die implikasie dat die huidige aansienlik verskil van vroeër tye. Giddens (1990:39) werp 'n ander lig op die term "modern":

*It is often said that modernity is marked by an appetite for the new, but this is perhaps not completely accurate. What is characteristic of modernity is not an embracing of the new for its own sake but the presumption of wholesale reflexivity - which of course includes reflection upon the nature of reflection itself.*

Denkkrigtings soos die Modernisme, Rasionalisme en Verligting was vir lank dominante denkstrome in die Westerse samelewing en volgens Söhnge en Arjun (1996:88) strek hierdie tydperk in die Westerse, Eurosentriese wêreld oor meer as vier dekades vanaf die Renaissance tot in die twintigste eeu. Lötter (1995:38) beklemtoon egter dat dit belangrik is om te besef dat modernisme nie aan die Europese kultuur behoort nie. Ofskoon dit waar is dat modernisme 'n skepping van Europa is, vestig Heller en Fehér (1988:146) die aandag daarop dat Europa op sy beurt deur die modernisme geskep is. Die Europese kultuur het op dieselfde tyd begin vorm as wat die patrone van modernisme begin vorm aanneem het.

Modernisme in die Westerse kultuur word gekoppel aan die prosesse van meganisering en vooruitgang op die terreine van wetenskap en tegnologie. Doll (1990:42) is van mening:

*The modernist paradigm...underlies Western thought from Copernicus through Einstein...Newton's world was one of simple order: predictable in it's movements, uniform in it's applications, steady in it's mechanism.*

Newton se klassiek-wetenskaplike perspektief het ontwikkel tot wat tans as die moderne paradigma bekend staan. Afgesien van Newton se wetenskaplike standpunte berus dit ook op die idees van die van Descartes, die Industriële en Franse rewolusies, die Verligting, en die Westerse sekularisme. Volgens Söhnge en Arjun (1996:88) het Newton, Bacon en Descartes *inter alia* bygedra tot die totstandkoming van die moderne denke.

Degenaar (Malan 1995:1-2) verwys na die moderne era as 'n diskoers en beskryf dit soos volg:

*It strives towards a rational explanation of the world, assuming that rationality has a universal validity which enables us to develop a grand theory about reality and a grand narrative of human progress.*

Hierdie era word gekenmerk aan groot ontwikkeling in die industrie (soos atomiese wetenskap en elektrisiteit) en betekenisvolle ontwikkeling op akademiese gebied. Gesag in hoofsaak berus in menslike rede en alle verantwoordelikheid het na die subjek verskuif. Van Zyl (1995:168) stel dit soos volg

*With the emphasis that was put on the subject after the Enlightenment the responsibility for accountable behaviour also shifts to the subject. Modernity is the era in which the main point of authority rests in human reason.*

Die rasionaal onderliggend aan die objektivering van kennis is dat kennis die samelewing in staat stel om akkurate voorspellings te maak oor 'oorsaak en gevolg'-verbande om sodoende in beheer van die toekoms te staan. Gergen en Kaye (1992:167) beweer: *for the modernist, the good society can be erected on the foundations of empirical knowledge.*

Lötter (1995:38-40) identifiseer verskillende komponente waaruit die term "moderniteit" bestaan en beklemtoon dat 'n samelewing as gemoderniseerd geklassifiseer kan word indien daar sprake van hernuwing is waar een of meer van die komponente van

"moderniteit" effek geneem het. Die mate/graad van modernisering kan dus varieer. Hierdie komponente kan soos volg beskryf word:

- Een van die eerste komponente van die moderne era wat na vore getree het was die verskyning van die moderne wetenskap, wat die mens se begrip van beide die wêreld en tegnologiese ontwikkeling verander het.
- 'n Kapitalistiese produksiemetode het tot stand gekom.
- Moderne tegnologie het industrialisasie moontlik gemaak. Industrialisasie en kapitalisme het volgens Lötter (1995:39) bepaalde effekte op die samelewing gehad, naamlik: die skep van verskeie nuwe menslike omgewings; grootskaalse verstedeliking; die ontwikkeling van massakommunikasie; verhoogde leeftempo en nog vele meer.
- Die ontstaan van nasiestate met gepaardgaande nuwe administrasiesisteme.
- Die toenemende ontwikkeling van liberale demokrasieë gebaseer op menseregte.

Johansson (1992:47) lewer die volgende uitspraak aangaande die komponente van die moderne era:

*The rise of mass production, mass marketing, and mass media has produced a new society in which the overwhelming spirit is the industrialization of everything, including modern man himself, who is forced into an advocacy of technical and mechanical manipulation and who in turn becomes sub-man, a mere cog in a gigantic operation. Man becomes dehumanized, trivialized and alienated from his past, his community, his work, and ultimately himself. He is a slave to a lifestyle.*

Uitsprake soos hierdie reflekteer die ontevredenheid wat tot stand gekom het jeens die moderne era. Kritiek word vanuit alle oorde teen die moderne era uitgespreek omdat dit die individu marginaliseer. Met spesifieke verwysing na die sielkunde, wat uiteraard ook beroepsvoortligting insluit, word die bestaande metodes en tegnieke as onregverdig en bevooroordeel gekritiseer. Mc Lean (1997:10) verklaar dat daar byvoorbeeld in die sielkunde gebruik gemaak word van klassifikasiesisteme soos die DSM IV wat voorheen gekritiseer is vir die eng verduideliking op individuele vlak, terwyl ander faktore wat bydraend tot die probleem is, buite rekening gelaat word.

Die metodes en middele wat op die terrein van beroepsvoorligting as toegepaste wetenskap aangewend word, maak gebruik van objektiewe, rasionele en logiese passing van individue met bepaalde beroepe. Beroepsvoorligting binne hierdie konteks vind plaas op grond van 'n positivistiese-wetenskaplike benadering wat in 'n groot mate op 'n psigometriese paradigma berus. Fraser (1998:9) beklemtoon dat die psigometriese paradigma gekarakteriseer word as *scientific rationality, utilitarian values and a preference for quantitative methods for collecting, interpreting and evaluating data.*

Fraser (1998:9) beweer ook dat mense se modernistiese denk- en leefwyse hul van die alledaagse lewe vervreem het, terwyl die postmodernistiese waardering vir die realiteit weer 'n nuwe ingesteldheid teenoor sosiale belang na vore laat tree het. Kuhn (McLean 1997:10) maak die volgende stelling om dié wending na die postmoderne era te illustreer:

*There has been a growing belief that "truth" is a matter of perspective and that we do not improve our knowledge of the world through systematic study, but by the way we shift our way of seeing the world.*

## 2.2 Die kernelemente van die modernisme

Degenaar (Richards 1997:12) beskryf die moderne era as 'n diskoers waarbinne daar gestrewe is na 'n rasionele verduideliking van die wêreld. Die aanname dat rasionaliteit universeel geldig is en dat dit die mens in staat stel om 'n **enkelvoudige teorie** oor die realiteit en 'n **enkele waarheid** van menslike ontwikkeling en vooruitgang te skep, is gehuldig. Hierdie vertrou wat in die menslike rede gestel is, het aanleiding gegee tot uitgebreide wêreldbeskouings en verduidelikings van die heelal. Alle dinge is geag as 'n eenheidsstelsel aangesien alles aan dieselfde metafisiese basiese realiteit gekoppel was. Individuele komponente is beskou as ondergeskik aan die geheel. Hierdie eenheid het outomaties aanleiding gegee tot kontinuïteit wat 'n basiese karaktertrek van die moderne era was.

Die metafisika het steeds die epistemologie oorskadu tot aan die einde van die 17de eeu toe die wetenskap en wetenskaplike metodes groter onafhanklikheid begin

openbaar het. Dit was die voorloper van die era van sogenaamde outonomieit en suiwer rasionalisme.

Kernelemente van die modernisme wat volgens Richards (1997:13-16) besondere aandag moet geniet, sluit in die **outonome rede** en **universalisme**. Richards se historiese beskrywing daarvan kan soos volg uiteengesit word:

### 2.2.1 Die outonome rede

Die outonome rede was teenwoordig sedert die Griekse tyd, deur die Middeleeue, en die Renaissance, tot in die moderne era. In die moderne era is 'n groot mate van vertroue op die outonome rede geplaas, wat 'n totale subjek-aangedrewe kennisteorie tot gevolg gehad het. Beide geloof en objektiewe realiteit is in hierdie stadium weggelaat uit die kennisteorie. Die outonome rede was bepaald die hoofbron waarop wysgere soos Descartes (17de eeu), 'n ware moderne rasionalis, en ander moderne rasionaliste gereken het.

Die oorsaak-gevolg (*a priori*) tema is geradikaliseer deur die outonome rede se onafhanklikheid van ervaring aan te kondig. Hiervolgens word daar gereken op die wette en reëls soos wat dit onafhanklik in die menslik denke bestaan.

Hierdie benadering is selfs nog 'n stap verder geneem deur Kant wat die buitewêreld as iets onbekends beskou het en voorgedhou het dat die wêreld moes aanpas by die wette van die menslike denke. Hegel en Fichte (Richards 1997:14) het selfs verder gegaan en groter mag aan die outonome rede toegeskryf, om sodoende vir God te vervang -- die rede is beskou as wetgewende gesag in die universum. Volgens Richards (1997:14) is hierdie absolute idealistiese beskouing verteenwoordigend van ekstreme subjektiwisme. Hierdie ekstreme beskouing van kennis sowel as die negatiewe resultate van rasionalisme, het wye reaksie teenoor die modernisme tot gevolg gehad.



### 2.2.2 Die universalisme (totaliteitsbeginsel)

Universalisme was volgens Richards (1997:15) die tweede grootste struikelblok van die modernisme. Die geskiedenis van die moderne era getuig daarvan dat daar deurgaans 'n sentrale posisie aan universalisme toegeken is. Volgens Richards (1997:15) moet daar na die Westerse wêreld se geskiedenis gekyk word om die oorsprong van universalisme, te bepaal. Hy beskryf vier onafhanklike manifestasies van die universalisme naamlik:

- Die Joods-Christenbeweging, wat in die ou en nuwe testament gekenmerk is aan die beklemtoning van eenheid, waar Christus as die oppergesag en onderwyser bestempel word.
- Die Romeinse ryk wat staatgemaak het op mag en politieke maatstawwe met 'n politieke visie van wêreldwye eenheid.
- Die Grieke se soeke na 'n permanente verheerlikte wêreldorde. Die element van verskil is geïgnoreer, terwyl eendersheid nagestreef is as bron vir eenheid. Etiket van hierdie tydperk was wêreldorde, rasionaliteit, reduksie tot die universele en vereenvoudiging.
- Die Germaanse konsep van solidariteit in die samelewing as geheel. Eenheid in hierdie samelewing het veiligheid met betrekking tot die chaos van die buitewêreld beteken. Die 'onbekende' moes beheer word en moes gevolglik vernietig word indien dit bedreigend sou raak.

Die postmodernisme verkies die partikulêre bô die universele, fragmentering bô eenheid en verskille bô ooreenkomste. Pluralisme is die dominante term in die postmodernisme en die klem word eerder op die praktiese as die teoretiese geplaas. Postmoderniste soos Lyotard bied weerstand teen die universalisme omdat dit aanleiding gee tot toutologieë.

## 2.3 Probleme/ Kritiek

Lötter (1995:42) beweer dat modernisme heelwat beloftes ingehou het in die beginfase, naamlik: nuwe geleenthede van toenemende welvaart vir alle mense, verbeterde lewensomstandighede, sosiale vryheid, 'n gelukkiger lewe en nog vele meer. Hierdie beloftes het 'n algemene geloof in menslike vooruitgang gegener. Giddens (1990:7) waarsku egter dat modernisme 'n tweesnydende verskynsel is.

Ofskoon modernisme vele van die beloftes wat dit ingehou het, nagekom het, het dit volgens Lötter (1995:43) ook 'n donkerder sy. Lötter verduidelik:

*Not only by failing to live up to some of its promises, but also by generating new forms of power that restrict human freedom. Some aspects hereof are the threat of nuclear holocaust: the devastation brought about by modern wars; the loss of values; identity and purpose; environmental disasters and catastrophes; various forms of alienation genocide and the Gulag.*

## 3 Postmodernisme

### 3.1 Inleiding

Savickas (1993:208) gee 'n akkurate beskrywing van hoe die moderne Westerse samelewing bepaalde veranderinge ondergaan en tot 'n nuwe diskoers toetree. Hy beskryf dit met die volgende woorde:

*It is certain that our society is taking a fundamental step beyond positivism, objectivistic science, and industrialism. The question of what we are moving toward however, remains unanswered. A tentative answer lies in the postmodern discourse in the social sciences.*

Die vermoede dat 'n epogwending op hande is, word volgens Kirsten (1988:19) op verskillende maniere en binne verskillende samehange geformuleer. Dit het binne die laaste twee dekades in verskillende akademiese dissiplines gebruiklik geword om die huidige tydvak met behulp van 'n 'post'-karakterisering te beskryf. Kirsten (1988:19) voer aan dat die eietydse Westerse samelewing om die beurt as postkapitalisties,

postindustrieël, postchristelik, postmarxisties, postindividualisties oftewel postmodern bestempel word.

Histories gesproke verwys die begrip "postmodernisme" na 'n tydperk ná modernisme, breedweg na die dekades vanaf 1970 tot die huidige tyd. Teoreties gesproke verwys dit egter na 'n gesindheid teenoor modernisme (Encarta 1996), terwyl die essensie van die postmoderne argument, filosofies gesproke, behels dat die dualisme wat die westerse denke steeds domineer, ontoereikend is om die wêreld wat gekenmerk word deur verskeie oorsake en gevolge te beskryf.

Kirsten (1988:20) kondig die koms van die postmoderne era aan met die volgende stelling:

*Die kritiek op 'n fundamentalistiese rasionalisme gaan hand aan hand met die ontmaskering van die antroposentriese, egoïstiese en besitlike aspekte van die Westerse individualisme. Die postmodernistiese afskeid van die moderne berus op die aanspraak om buite hierdie rasionalistiese kader te getree en dit as die horison van 'n oorwonne tradisie agter te gelaat het.*

### **3.2 Agtergrond**

Kirsten (1988:29) gee 'n volledige beskrywing van die ontstaan van die term "postmodernisme" en verklaar dat dit in die laat 1950's 'n aanvang neem toe Irving Howe en Harry Levin die woord in die literêre kritiek ingevoer het om die afplatting van die modernistiese beweging te betreur. Howe (Kirsten 1988:29) was waarskynlik die eerste kritikus om te wys op die verskuiwing van die modernisme na dit wat hy tentatief die postmodernisme genoem en as 'n simptoom van kulturele verval gedefinieer het.

Levin (Kirsten 1988:29) gebruik later dieselfde term om na die stroming wat die humanisme en rasionalisme van die kulturele modernisme bedreig het, te verwys. In die sestigerjare is die term hoofsaaklik in literatuurteoretiese kringe gebruik en dit het eers in die sewentigerjare meer algemeen in gebruik geraak. Dit is allereers in die argitektuur gebruik en daarna in die beeldende en uitvoerende kunste en in film (Kirsten 1988:29).

Huysen (Mc Robbie 1994:21) is die volgende van mening:

*It was especially in the art, writing, film-making and criticism of woman and minority artists, with their recuperation of buried and mutilated traditions, their emphasis on exploring forms of gender- and race-based subjectivity in aesthetic productions and experiences, and their refusal to be limited to standard canonizations, which added a whole new dimension to the critique of high modernism and to the emergence of alternative forms of culture.*

Volgens Kirsten (1988:29) verskuif die term in die middel sewentigerjare via Parys en Frankfurt na Europa waar dit die filosofiese terrein van debat binnedring. Kristeva (1980) en Lyotard (1979, 1982) het dit veral in Frankryk opgeneem en Habermas (1981, 1985) en Wellmer (1985) later in Duitsland. Teen die tagtigerjare het, soos Kirsten (1988:29) dit stel:

*Die modernisme/postmodernisme-konstellasie in die kunste en die moderniteit/postmoderniteit-debatte in die filosofie en sosiale wetenskappe een van die werklik kontensieuse terreine van die intellektuele lewe in die Westerse samelewing geword.*

Onduidelikheid oor die status van die postmodernisme as paradigma bestaan by verskeie skrywers (Söhnge & Arjun 1996:89; Kirsten 1988:19-20; Söhnge 1994:6-7). Spies (1998:126) meen dat dit dikwels onduidelik is of die postmoderne 'n kultuur of 'n teoretiese paradigma is. Kramer (1995:5) verkies om dit 'n etos te noem.

Die term word onder andere deur Giroux (1990:12) verbind met veranderende omstandighede in kennis en tegnologie en hy (Giroux 1990:12) definieer postmodernisme dus as *an intellectual position, a form of cultural criticism, and to an emerging set of social, cultural and economic conditions that have come to characterise the age of global capitalism and industrialism.*

Ander skrywers soos byvoorbeeld Gitlin (1989:52) en Marty (1989:180) beskou die postmodernisme as 'n reaksie teen die modernisme. Marty (1989:180) verwys daarna as 'n *antimodern or counter-modern thrust*. Lyotard (1984:79) beskou weer die postmodernisme as *both a part and a result of modernity and a form of reaction against it.*

Kirsten (1988:29-30) tref 'n duidelike onderskeid tussen twee denkstrome in die postmodernisme, te wete die postmodernisme van reaksie en die postmodernisme van verzet. Aan die een kant is daar kommentatore soos Raulot; Bürger; Lyotard; Tafuri (Kirsten 1988:30) en andere wat die postmodernisme assosieer met een of ander vorm van voortsetting van die modernisme wat op verskillende maniere 'n historiese kontinuïteit tussen postmodernisme en modernisme konstrueer. Hierdie benadering staan bekend as die postmodernisme van reaksie.

Aan die ander kant is Hassen; Huysen; Jameson en Foster (Kirsten 1988:300) dit eens dat die postmodernisme nie as 'n blote voortsetting van 'n dialekties-verruimde modernisme óf as die jongste fase in die nimmereindigende opstand van die modernisme teen sigself verstaan kan word nie. Hierdie benadering wat bekend staan as die postmodernisme van verzet word beskou as 'n algemene kulturele transformasie.

Kirsten (1988:31) huldig die volgende standpunte aangaande die postmodernisme:

*Die tese wat ek wil voorstel, is dat daar sprake is van 'n diskontinuuïteit in die kontinuïteit van die moderne tradisie. Postmodernisme veronderstel 'n breuk met die moderne waarvan dit afhanklik bly.*

Postmodernisme as antitese vir modernisme word kortliks soos volg deur Kanpol (1992:9) beskryf: *postmodernism denies a world held together by universal truth and reason*. Söhnge (1994:6) glo dat die postmodernisme ook deur terme soos: "irrasionalisme", "kompleksiteit (chaos en toeval)", "holisme", "dekonstruksie", "relatiwiteit", "multipolariteit", "dubbelsinnigheid", "die vraag na legitimasie", getipeer kan word. Stone (1994:50) beskryf die term "postmodernisme" as 'n aanduiding van *multiplicity* wat gekenmerk word deur dubbelsinnigheid en tentatiewiteit en op die teenwoordige en partikuliere fokus.

Belangrike aspekte van postmodernisme wat deur verskeie outeurs beklemtoon word, sluit in:

- Die postmodernisme verskaf 'n *language of possibility* (Nichlls 1989:203).

Volgens Söhnge (1994:7) behels die teenstelling tussen orde en chaos die basiese verskil tussen die moderne en postmoderne benadering. Kenmerke soos die volgende onderskei die moderne benadering van die postmoderne benadering:

**Tabel 5.1** 'n Teenstelling tussen die modernisme en postmodernisme (Söhnge 1994:7)

Modernisme	Postmodernisme
Staties	Dinamies
Geslote sisteem	Oop sisteem
Homogeniteit	Heterogeniteit
Eenvoudig	Kompleks
Deterministies	Nie-deterministies
Simmetrie	Disimmetrie
Verandering as liniêre progressie	Verandering as plotselinge gebeure

- Die geslote-stelselbenadering van die moderne paradigma word deur Doll (1989:246) teenoor die oop-stelsel van die postmoderne paradigma gestel.
- Kennis word volgens die postmoderne benadering beskou as sosiaal opgebou en histories gesitueerd (Van der Walt 1995:178).
- Die postmoderne benadering moet, volgens Van der Walt (1995:178), *leerlinge lei tot verantwoordelike beslissings en optrede*.

Marshall (1992:193) spreek die volgende standpunt aangaande die postmodernisme uit:

*Postmodernism also recognizes, however, that we cannot live without trying to make sense. Neither innately positive nor negative, postmodernism is an opening, a space created for a particular awareness, interrogation.*

### 3.3 Enkele verteenwoordigers van postmodernistiese aannames

Ten einde die ontstaan en die karakter van die postmoderne beweging weer te gee, moet enkele verteenwoordigers se standpunte in hierdie verband uitgelig word. Die standpunte van Derrida, wat deur Richards (1997:35) as ekstreem, maar baie oorspronklik beskryf word; Rorty, wat as meer toeganklik en populêr in die postmoderne

beweging bestempel is en die standpunte van Lyotard, Foucault en Jencks word vervolgens bespreek:

### 3.3.1 Jacques Derrida (1930)

Jacques Derrida is 'n Franse filosoof wat die denkskool van dekonstruksie tot stand gebring het. Sy werk fokus op die Franse strukturalisme soos dit binne die konteks van taal na vore tree. Derrida het aangevoer dat die tradisionele en metafisiese benadering van lees 'n aantal valse aannames maak oor die aard van tekste. Woorde en simbole is begryp as iets wat regte persone, objekte en gebeure voorstel. Lötter (1995:48) stel dit as volg: *As everything - persons, events and institutions - is regarded as texts, it implies that deconstruction is applicable to a wide range of phenomena.*

Derrida se dekonstruksiestyl van lees onderdruk tradisionele lesers se aannames dat taal idees kan uitdruk sonder om dit te verander. Derrida se (protes) aanname is dat 'n teks 'n onveranderbare en eenvormige betekenis het. Hiervolgens kan die outeur se intensies nie onvoorwaardelik aanvaar word nie. Gevolglik neem die aantal geldige interpretasies van 'n teks toe.

Dekonstruksie dui die multidimensionele aard van betekenis in taal aan. Derrida (Mortley 1991:97) beskryf dekonstruksie soos volg:

*It is a matter of gaining access to the mode in which a system or structure, or ensemble, is constructed or constituted, historically speaking. Not to destroy it, or to demolish it. Nor to purify it, but in order to accede to it's possibilities and it's meaning; to it's construction and it's history.*

Hambidge (1995:11) glo dat die hele postmodernistiese beweging alleen begryp kan word deur middel van dekonstruksie. Die verbintenis tussen die postmodernisme en dekonstruksie is toe te skryf aan die feit dat die postmodernisme bekende hiërargieë bevraagteken.

White (1988:188) maak die stelling dat indien dekonstruksie korrek verstaan word, soos dit deur Derrida beskryf word, dit 'n intrinsieke politieke karakter toon wat enigeen se bewerings van outoriteit, logika en universaliteit afbreek en ontbloot as arbitrêr, dubbelsinnig en partikulier. Kortom gestel ontbloot dit magsverskynsels op grond waarvan mense beweër slegs outonome rede bestaan.

### 3.3.2 Jean Francois Lyotard (1924)

Lyotard was die eerste postmoderne denker wat die term "postmodern" gebruik het en enkelvoudige waarhede verwerp het. Volgens Lötter (1995:50) toon hy 'n besondere sensitiwiteit vir andersheid of verskille. Hy verwerp enige diskoers wat aanleiding gee tot toutologieë. Benhabib (Rossouw 1995:52) glo dat die vormende waarde van Lyotard se werk geleë is in *the critique of the various totalitarian and totalizing movements of our century from national socialism and fascism to orthodox marxism and other nationalisms*.

Lyotard (Simons & Billig 1994:23) het die volgende te sê aangaande die postmodernisme:

*The real political task today, at least in so far as it is also concerned with the cultural, is to carry forward the resistance that writing offers to established thought, to what has already been done, to what everyone thinks, to what is well known, to what is well recognized, to what is 'readable' to everything which can change its form and make itself acceptable to opinion in general. The name most often given to this is postmodernism.*

### 3.3.3 Michel Foucault (1926-1984)

Michel Foucault was 'n Franse filosoof wie se studie die invloed van die Duitse filosoof Karl Marx en die Oostenrykse psigoanalisis Sigmund Freud, uitgedaag het. Foucault het nuwe konsepte aangebied wat mense se aannames oor tronke, die polisie, versorging van mense met geestesiektes, homoseksuele regte en welsyn, betwis het (Lötter 1995:52).



Foucault se denke is hoofsaaklik beïnvloed deur die Duitse filosowe Frederick Nietzsche en Martin Heidegger. Nietzsche het aangevoer dat menslike gedrag gemotiveer word deur 'n wil vir mag en dat tradisionele waardes mag oor die samelewing verloor het. Heidegger het weer kritiek gelewer teen wat hy genoem het *our current technological understanding of being* (Encarta 1996).

Een van Foucault se hoofbydraes tot die postmodernisme is sy analyse van die normaliseringstendense in moderne demokrasieë wat voorkom in dié areas van die lewe waar burokrasies toegepaste norms binnegedring het.

Foucault se denke het die veranderende patrone van mag binne 'n samelewing verken, asook die maniere waardeur mag in verhouding tot die self staan. Volgens White (1988:189-190) toon Foucault die volgende:

*Any new discourse is always another new mode of power as social institutions give practical effect to discursive distinctions such as reason/madness and normal /abnormal. Power gets a new definition as a slowly spreading net of normalization that invades our language, our institutions, and even (and especially) our consciousness of ourselves as subjects.*

Die uitdaging van die postmodernisme is juis om méér ruimte te skep vir andersheid. Volgens Connolly (1987:15) kan dit ten beste geskied deur die hersiening van moderne demokrasieë en deur die skep van 'n medium waardeur die stemme van andersheid uitdrukking kan kry in die openbare wêreld.

In Foucault se laaste werke het hy gepoog om aan te dui dat die Westerse samelewing 'n nuwe soort mag en 'n nuwe sisteem van beheer ontwikkel en wat nie deur tradisionele konsepte van outoriteit begryp word nie.

Dié sodanige nuwe mag onderdruk nie, maar komplementeer eerder die lewe. Foucault moedig individue aan om weerstand te bied teen die welsynstaat deur hul eie individuele etiek te ontwikkel waardeur hulle hul lewens kan omskep in iets wat deur ander gerespekteer en bewonder kan word (Encarta 1996).

### 3.3.4 Richard Rorty (1931)

Rorty is volgens Richards (1997 43-46) een van die bekendste postmoderniste omdat sy werk so toeganklik is. Hy het die absolute rasionalisme en die metafisiese as onaanvaarbaar beskou en geglo dat dit instrumente geword het waardeur die wêreld beheer word met ramspoedige gevolge. Vir Rorty is vryheid veel belangriker as die waarheid (Geertsema 1991:38).

Rorty se standpunte is gebaseer op toevallige gebeure, wat weer die basis vir vryheid verseker. Rorty (1982:166) stel dit soos volg: *To attempt to evade this contingency is to hope to become a properly programmed machine.*

Rorty het die outonome rede verwerp wat volgens hom in die moderne era die plek van God ingeneem het. Die gemeenskap was vir hom baie belangrik en moes as bron vir sekuriteit dien.

Volgens Richards (1997:45) het Rorty geglo dat absolute waarhede nie bekombaar was nie. Nuwe idees was vir hom belangriker as die sogenaamde ware rede. Omdat daar nie meer sprake was van een begeleidende waarheid nie, was 'n variasie van perspektiewe 'n onafwendbare resultaat.

### 3.3.5 Charles Jencks

Die postmodernisme, soos wat dit deur Jencks (in Lötter 1995:53) gedefinieer word, openbaar 'n sterk verwerping van die Eurosentrisme en 'n sterk waardering vir ander kulture. Volgens Lötter (1995:53) beklemtoon Jencks verder dat daar, veral in die kuns, 'n verwerping van die kultuur van eksperte moet plaasvind. Vanweë die inligtingsontploffing en openheid tot pluraliteit wat tans heers, beweer Jencks (in Lötter 1995:53-54) dat die huidige tyd gekenmerk word deur voortdurende keuses. Hy beweer verder dat die postmodernisme mense aanmoedig om keuses op só 'n wyse te maak dat tradisies selektief gekombineer kan word om relevante aspekte vir die taak

voorhande uit die verlede te kies. Lötter (1995:54) beklemtoon in hierdie verband: *Successful choosing through inventive combination can result in a striking synthesis of traditions.*

Jencks (1987:56) glo dat die postmoderne gesindheid behels dat persoonlike en samelewinglewenstyle toepaslik moet word uit komponente van die premodernisme, modernisme en postmodernisme. Jencks (1987:56) meen *postmodern sensibility thrives on dispositions different from it's own and therefore it can willingly include the modern and premodern conditions as essential parts of it's existence.* Volgens Jencks gee dit aanleiding tot 'n verskeidenheid weergawes van moderniteit en gevolglik ook tot 'n postmoderne verheerliking van pluraliteit en heterogeniteit.

### **3.4 Kernelemente van die postmodernisme**

Richards (1997:26-34) identifiseer vyf essensiële of kernelemente van die postmodernisme:

#### **3.4.1 Die postmodernisme is anti-metafisies**

Die postmodernisme is gekant teen die Westerse filosofiese denke wat die skep van 'n metafisiese wêreld met objektiewe waarhede as belangrik ag. Daar is nie meer sprake van universele waarhede soos in die modernisme nie en skeptisisme het teruggekeer. Andersheid word in die plek van rasonele universalisme geplaas, waar verskille belangriker geag word as ooreenkomste.

Die onderliggende epistemologiese aannames is fenomenologies en sosiologies van aard, eerder as psigologies, analities, transendentiaal en epistemologies. Enkelvoudige teorieë en waarhede wat in die verlede tot toutologieë en onderdrukking gelei het, word nou verwerp.

### **3.4.2 Die verlies van die mens as sentrale bron van kennis**

In die modernisme was die mens die kernpunt van die kennis en is taal as instrument gebruik (Van Peursen 1994:14). In die postmoderne beweging word taal egter bevry van hierdie dominansie van die subjek en beskou as 'n produk van kultuur. Die postmoderniste verklaar dat 'n ware sin vir verantwoordelikheid op dié manier gekweek word. Alle besluite wat die individu neem is gevolglik uniek en persoonlik van aard.

### **3.4.3 Postmodernisme is anti-verligting en anti-humanisme**

Die postmodernisme is anti-verligting vanweë die mate waarin dit teen die filosofie van menslike outonomie en teen die wetenskaplike objektivisme (as basis van kultuur) gekant is. Sekere ideale van die Verligtingdenkstroom word egter steeds nagestreef. Dit sluit onder meer in: menslike outonomie, vryheid, die mag tot kritiek en emansipasie. Hierdie gedagtes of woorde word egter met humanistiese neigings gekwalifiseer.

Die anti-humanisme beklemtoon dat die mens nie meer die sentrale objek van oorweging is nie. Politieke en morele verantwoordelikheid geniet erkenning solank die individu toegelaat word om sy/haar eie gewete te volg. Universele wette word egter verwerp.

Pluraliteit, die ontkenning van kontinuïteit in die lewe en die erkenning van toevallige gebeure beïnvloed moraliteit. Geïsoleerde situasies vereis herhaaldelik unieke morele besluite -- persoonlike besluite wat nie op universele norme of tradisies berus nie.

### **3.4.4 Die onderliggende epistemologiese benadering**

Die epistemologie binne hierdie nuwe tradisie beskou praktiese, etiese en sosio-politieke dimensies as 'n integrale taak van die onderliggende epistemologiese benadering. Teorieë moet dus nie vervreem en geïsoleerd vry van die praktiese

toepassing daarvan staan nie. Dit moet verband hou met die samelewing en politiek. Praktiese redenering word deur die postmodernisme erken.

### **3.5 Verskille tussen die modernisme en die postmodernisme**

Daar is reeds in hierdie hoofstuk daarop gewys dat die postmodernisme as 'n reaksie teen die modernisme beskou kan word, wat by implikasie bepaalde verskille tussen hierdie twee denkstrominge aandui.

Söhnge en Arjun (1996:58) bied die volgende tabel aan om die verskille tussen die modernisme en postmodernisme aan te toon:

**Tabel 5.2** Verskille tussen die modernisme en die postmodernisme (Söhnge & Arjun 1996:58)

Kategorieë	Moderne Paradigma	Postmoderne Paradigma
Verstandelikheid	Tegniese beheer, masjien model, nuttigheids-oogpunt.	Eklektiese komposisie, kwalitatief, sosiaal en humanisties.
Kosmologie/wêreldkunde	Stabiel, konstant, absolute orde, ekwilibrium.	Chaoties, buitensporg, veranderlik, kompleks, selforganiserend, multilaaginterpretasie.
Metafoor	Konvensioneel, oorsaak-gevolg, wat is, behoefte om sluiting te vind.	Bevryd, kreatiewe organisasie, wat kan wees, behoefte om te eksploreer.
Epistemologie	Vergoddeliking van die wetenskap, kontroleerbaar, bepaalbaar deur presiesheid, voorspelbaar, atomisties.	Persoonlike onderworpenheid, onvoorspelbaar, ervaringsfilosofie, hermeneuties.
Sisteemdinamiek	Geslote-sisteem, stabiel, meganies, kibernetika, linieëre verband, toenemende verandering.	Oop-sisteem, chaoties, ongelyksoortig, nie-liniêre verband, verdeel in vlakke, wisselvallig.
Meta-narratiewe	Maak omvattend gebruik van meta-narratiewe.	Ongelowig teenoor meta-narratiewe.
Intellektuele visie	Positivistiese sekerheid.	Pragmatiese twyfel aangaande menslike ervaring.
Gemeenskap/samelewing	Industrieel.	Postindustrieel, hoë vlak van tegnologie, informasie

Savickas (1993:209) beskryf die verskuiwing tussen die modernisme en die postmodernisme soos volg:

**Tabel 5.3** Verskuiwing tussen die modernisme en die postmodernisme (Savickas 1993:209)

Modernisme	Postmodernisme
Positivisme	Postmodernisme
Industriële era	Informasie-era
Drukkuns	Elektroniese media
Newtoniaanse fisika	Kwantumfisika
Vereis enkelvoudige waarheid	Waardeer verskeidenheid realiteite
Grondbeginsels	Partikularisme
Empirisme	Verklarend
Objektiwiteit	Perspektiwiteit
Rede	Verhoudings

Dit blyk uit die voorafgaande vergelyking dat die koersaanduidende epistemologiese strukture in die 20 ste eeu 'n kulturele verskuiwing ondergaan. In aansluiting hierby verklaar Savickas (1993:206): *Our society is turning from internal feelings and external facts to an interactional perspective.* Daar moet 'n klemverskuiwing plaasvind vanaf die beklemtoning van abstrakte beginsels na die beklemtoning van sosiale betrokkenheid.

### 3.6 Probleme/ kritiek

Die postmodernisme word beskuldig van relativisme, ankerloosheid, 'n gebrek of afwesigheid van 'n Archimedespunt, nihilisme, chaos en inderterminisme (Van der Walt 1995:179). Thompson (1999:11) is van mening dat, vanweë die feit dat die postmodernisme gelykstelling in verskillende vorme voorstaan, dit blootgestel word aan die kritiek van die relativisme -- naamlik dat geen standpunt ingeneem word nie en dat alles aanvaarbaar is.

Ander kritici, soos Johansson (1992:42), tipeer dit as niksseggend; 'n kultuur sonder karakter wat hoofsaaklik toeskryfbaar is aan die relativistiese ingesteldheid daarvan. Hy voer verder aan: *Excessive concern to avoid intolerance leads to a normless society.*

Van der Walt (1995:180) voer aan dat 'n ontleding van die postmodernisme aan die lig bring dat van hierdie beskuldigings in 'n mate geldig is, maar dat hulle, soos hy dit stel, *nie volledig geldig kan wees as die ontleding met 'n meer rasioneel-moderne oog gedoen word nie.* In aansluiting hierby stel Stoker (1994:27) die volgende:

*Uit wanorde (chaos)... (kan) weer nuwe en meer komplekse strukture as wat bekend was, na vore kom. Hierdie nuwe wyse van denke berus op fluktuasie in stelsels, wat ver van ewewig was en wat nie in chaos verval nie, maar waaruit nuwe en ryker vorme van orde na vore kom. Hierdie prosesse werk teen die toename in wanorde. Dit is die wêreld waarin ons leef: 'n wêreld met 'n subtiele vervlegting van orde en chaos, 'n wêreld waarin chaotiese gebeure opbou tot 'n voorspelbare orde, 'n wêreld nie van klokreëlmaat nie...maar van kontingensie as belangrike samestellende element van die oorhoofse orde van die skepping.*

Freud (Bauman 1997:3) het 'n stelling gemaak wat steeds vandag waar is en veral toepaslik is vir die moderne/postmoderne debat: *You gain something, you lose something else in exchange.* Die postmoderne samelewing moes 'n deel van hul sekuriteit verruil vir 'n deel geluk.

## **4 BEROEPSVOORLIGTING BINNE 'N POSTMODERNISTIESE KONTEKS**

### **4.1 Inleiding**

Muller (1996:10) maak die stelling dat *na kwalifikasie, 'n persoon 'n paar keer van beroep verander en dat baie van die bestaande beroepe in die een-en-twintigste eeu nie meer sal bestaan nie.* Hierdie stelling lê aan die hart van talle veranderinge wat tans op die terrein van beroepsvoorligting ter sprake is. Soos wat die nuwe millenium naderkom, beweeg die samelewing ook na 'n nuwe benadering ten opsigte van die wêreld van werk en loopbaanontwikkeling.



Verskeie faktore soos outomatisering, die informasieontploffing en afskaling van burokrasieë het tot gevolg dat bestaande beroepe daardeur geraak word en dat bestaande beroepsvelde selfs begin verdwyn. Volgens Savickas (1993:208) het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind vanaf 'n industriële samelewing na 'n postindustriële samelewing of informasie-era. Hy wys daarop dat meer as 70% van die Amerikaanse bevolking hulle vandag daarop toespits om 'n diens te lewer eerder as om produkte te vervaardig. Savickas (1993:208) stel dit soos volg:

*With automation replacing repetitive jobs, the workers who remain must take responsibility for the whole job. Computers make diagnosis and solve problems, leaving humans to provide care, helpfulness, and understanding.*

Die loopbaanetiek van die moderne era (om met die korporatiewe leer op te beweeg) word nou vervang met 'n etiek van selfontwikkeling. Spies (1998:131) maak tereg die volgende opmerking in hierdie verband: *In die soeke na die wese van die postmodernisme kom die prominensie van die mens as individu telkens na vore.* Individue stel al meer hul eie behoeftes voorop en is minder gewillig om hulself vir hul loopbane op te offer. Die transformasie wat in die wêreld van werk plaasvind, behels dat daar minder sprake is van burokrasie en kompetisie, terwyl spanwerk en samewerking hoog geag word.

Met die erkenning wat huidig verleen word aan die vele kulture en die opkoms van multikulturaliteit word één kultuur nie meer sentraal gestel nie. Kulturele diversiteit word erken en sodoende ook 'n diversiteit in wêreldbeskouings (Savickas 1993:211; Maree 1998/9:3-4). Daar bestaan gevolglik ook nie meer één waarheid waarvolgens almal moet lewe nie.

Objektiewe wetenskaplike metodes waarvolgens beroepsvoorligting in die moderne era voltrek is, het direk aan die eise van die moderne era van wetenskaplikheid, outonome kennis en rede asook universalisme, voldoen. Namate die postmoderne diskoers egter na vore getree het en die klem na die **individu** en **betekenisvorming** verskuif het, is vereis dat 'n meer subjektiewe komponent tot beroepsvoorligting toegevoeg word, waardeur **betekenisvorming** vir die individu 'n realiteit kan word.

Cochran (1997:1) sluit hierby aan met die volgende stelling:

*Although career counseling might involve a variety of immediate adjustments, the most fundamental outcome is a person's design for his or her future career, a projection of a course of life in working to produce ends.*

#### **4.2 Werksetiek binne die postmoderne era**

McCoby (in Savickas 1993:209), Cochran (1997:viii-ix) en Savickas (1993:209) voer onderskeidelik aan dat die werksetiek van die 21ste eeu verander het na 'n etiek van selfontwikkeling. Indien hierdie argument aanvaar word, (en volgens Savickas 1993:209 is dit 'n oortuigende argument), moet daar ook 'n klemverskuiwing plaasvind binne die beroepsvoorligtingsproses. Savickas stel dit soos volg: *Career counseling will shift from supporting careerism to fostering self-affirmation and improved decision making.* Hy verduidelik voorts dat die rol van die voorligter sal wees om individue te leer om meer krities teenoor outoriteit te staan en om hulself toenemend meer uit te leef. Die taak van die voorligter sou verder ook behels dat individue aangemoedig word om hulle tot hul kultuur en gemeenskap te verbind en hul eie waardes te laat geld.

Savickas (1993:210) dui met behulp van die volgende tabel die veranderinge wat binne die werksetiek van die postmoderne era plaasgevind het, aan:

**Tabel 5.4** 'n Vergelyking van werketiek: Savickas (1993:210)

19de eeuse beroepsetiek	20ste eeuse loopbaanetiek	21ste eeuse ontwikkelings-etiek
In eie diens Boere/ambagswerkers	In diens van organisasies	Werk in spanne
Romantiese konseptualisme	Logiese positivisme	Postmoderne interpretivisme
Betekenis in die persoon	Betekenis in die wêreld	Betekenis in die woord
Heg waarde aan gevoelens	Heg waarde aan feite	Heg waarde aan perspektiewe
Wees kreatief	Wees rasideel	Neem aktief deel in die gemeenskap
Sukses deur selfeks- pressie en individuele inspanning	Sukses deur met die korporatiewe leer op te beweeg	Sukses deur samewerking en deur 'n bydrae te lewer

Gedurende die 19de eeu het daar 'n beroepsetiek van werk bestaan waar onafhanklike inspanning, eiewaardigheid, voordeligheid, selfdisipline en nederigheid belangrik geag is. Volgens Savickas (1993:206) het dié beroepsetiek ingepas by die romantiese atmosfeer van die 19de eeu wat deur gevoelens gedomineer is. Bruner (in Savickas 1993:206) merk op dat die romantiese konseptualisme aangevoer het dat betekenis binne die persoon self geleë is. Aangesien die motivering en betekenis in die persoon self geleë was, is die pad na sukses beskou as 'n weg wat deur persoonlike vervulling, selfekspressie én individuele inspanning bereik kon word. Hierdie beroepsetiek het passie, genialiteit en kreatiwiteit in die werksituasie aangemoedig.

Met die totstandkoming van maatskappye het die werksetiek (soos die begrip tans gedefinieer word) van beroepsetiek na loopbaanetiek verander. Niemand het loopbane gehad totdat groot organisasies na vore begin tree het nie. Selfindiensneming is in die 20ste eeu vervang met indienseneming deur organisasies. Die uitdaging vir individue om vir hulself te werk is vervang met die uitdaging om vir ander mense te werk en op te beweeg met die sogenaamde korporatiewe leer.

Terwyl die beroepsetiek van die 19de eeu vervang is met die loopbaanetiek van die 20ste eeu, is logiese positivisme met 19de eeuse konseptualisme vervang. Die 20ste eeuse wetenskap het romantiese passie, kreatiwiteit en selfekspresie met klem op outonome rede, observasie en akkuraatheid laat val. Die samelewing het geleer om enkelvoudige waarhede te vereis en om staat te maak op objektiewe metodes om die wêreld te ontdek. Terwyl wetenskaplikes die wêreld verobjektiveer het, het beroepsvoorligters belangstellings, waardes en vermoëns met vraelyste geobjektiveer en individue aan die hand daarvan met organisasies verbind. Savickas (1993:206) stel dit onomwonde: *Thus career development professionals participated fully in the societal move to increase domination of the subjective by the objective.*

Namate die nuwe millennium en die jaar 2000 nader kom, kom die werkterrein en loopbaanetiek toenemend onder kritiek aangesien die organisasies wat dit gedien het besig is om te verander en te verdwyn. Dié loopbaanetiek bevorder nie beweging vanaf industrie na informasie nie. Dit bevorder eweneens ook nie burokrasie tot spanwerk, elektromeganies tot elektronies omwenteling en kompetisie tot samewerking nie. Innovasies in persoonlike waardes het verdere bevraaging van die werksetiek tot gevolg gehad. Savickas (1993:207) beskryf die atmosfeer in die beroepswêreld in die volgende woorde:

*We hear cries from the hearts of individuals who feel betrayed by their organizations, anxious about competing, insecure about future, tired of self-marketing, and lonely because they left friends and communities behind as they moved up the career ladder.*

Dié algemene gevoel van ontevredenheid met die werketiek van die moderne era gee aanleiding tot 'n soeke na 'n 'nuwe' werksetiek vir die 21ste eeu.

## **5 BEROEPSVOORLIGTING IN 'N POSTMODERNE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS**

### **5.1 Inleiding**

Die praktyk van beroepsvoorligting het tradisioneel 'n 'objektiewe' perspektief voorgestaan. Deur die evaluasie van 'n individu en die verkenning van beroepe het 'n objektiewe beeld van dié individu tot stand gekom. Hierdie objektiewe beeld is weer met kritiese faktore van bepaalde beroepe gegroeper. Indien dié samevoeging suksesvol was (met ander woorde, as die belangstellings, waardes en vermoëns van 'n individu kongruent was met die eise wat deur 'n bepaalde beroep gestel is) was die verwagting dat só 'n individu 'n meer stabiele, produktiewe en bevredigende beroepslewe sou geniet. Verskeie gesofistikeerde hulpmiddels soos toetse, werkboeke, rekenaarprogramme en vele meer word in hierdie objektiewe benadering aangewend wat direk, prakties en voordelig vir hierdie proses is. Die leemte in hierdie tradisionele benadering is egter dat die subjektiewe wêreld wat deur die individu geleef word, buite rekening gelaat word. Gergen en Kaye (McLean 1997:15) spreek hulself hieroor uit:

*Psychological intervention from the modern therapist is based upon a need to increase understanding of a problem's cause or pathology through diagnosis and the inevitable localization of the problem within the individual or relationship. This approach sees the therapist as the expert in the therapeutic relationship who enters therapy with a well-developed narrative, included in it, the image of the 'fully functioning' individual which is used as a guiding metaphor for the therapeutic outcome. The therapist's narrative is never questioned for it is well supported by the scientific community and the therapeutic process ensures that the therapist's assumptions are vindicated. This results in the client encountering a closed system of understanding and the inevitable replacement of the client's story with the therapist's.*

Die fokus in die postmoderne voorligtingsituasie verskuif op grond van hierdie waargenome tekortkominge vanaf diagnostiese instrumente, na sosiale en historiese faktore wat met die kliënt se 'probleem' verband hou. Die fokus is veral gerig op die

kliënt se siening van die waarheid en op die weergawe van die gebeure soos dit deur die kliënt beskou word, eerder as op die akkuraatheid of objektiwiteit daarvan (Mc Lean 1997:15).

Savickas (in Cochran 1997:v-vii) en Cochran (1997:viii) glo egter dat hierdie erfenis van die moderne era, te wete objektiewe metodes, sinvol benut kan word binne die postmoderne konteks van voorligting. Savickas (1993:210) is die volgende van mening: *To foster self-developers, we need to augment these objective constructs, not replace them.* Cochran (1997:ix) beskou weer die proses van beroepsvoorligting soos volg: *It describe a subjective approach to career counseling that emphasizes meaning and meaningmaking while retaining the merits of the traditional, objective approach.*

Voorligting in 'n postmoderne era sal gevolglik meer staatmaak op outobiografieë en betekenisvorming as op belangstellingsvraelyste en voorligtingstegnieke. Deur 'n loopbaan of beroep analoog aan 'n verhaal of narratief te beskou, bekom die voorligter ruimte om innoverende metodes vir voorligting te ontwikkel. Savickas (1993:213) sê in hierdie verband:

*Using the 'career as story' analogy, career counseling may be conceptualized as a client's vocational experience. Counselors can help clients to interpret life and career by viewing the person as a text.*

Beroepsvoorligters help dus hul kliënte om hul lewens en loopbane te interpreteer deur die persoon as 'n teks te beskou. Hiervolgens interpreteer die voorligter die kliënt se belangstellings, moontlikhede en werkswaardes as uitdrukking van 'n loopbaanpatroon of sentrale lewenstema.

Die benadering om objektiewe maatstawwe te gebruik, waar die klem veral op die subjektiewe komponent van voorligting geplaas word, dien as uitgangspunt vir die konseptualisering van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting in hierdie navorsing.

## **5.2 Riglyne of innovasies op die terrein van beroepsvoorligting**

Volgens Savickas (1993:210-213) het die postmoderne era reeds die volgende ses innovasies op die terrein van beroepsvoorligting tot stand gebring:

### **5.2.1 Voorligters is nie eksperte nie**

Voorligters word beskou as 'kulturele werkers' wat opnuut aandag skenk aan die verhoudingsdimensie in voorligting. Voorligters is nie meer tevrede om verteenwoordigers van 'n kultuur te wees nie, maar word nou kulturele werkers wat hulself ten doel stel om struikelblokke op te hef wat mense verhinder om vir hulself te praat.

Binne die postmoderne konteks distansieer voorligters hulself van die opvatting dat die kliënt as die probleem en die voorligter die oplossing vir die probleem voorgehou word. Daar word nou binne die voorligtingsituasie ruimte geskep waar kliënte geleentheid gebied word om te praat, vir hulself te besluit, hul eie behoeftes raak te sien en te interpreteer.

Selfontwikkeling van kliënte word beklemtoon terwyl die voorligter kliënte met hul besluitneming fasiliteer. Die kliënt word bemagtig om tot selfverwesenliking te kom en sy/haar eie waardes te ontwikkel.

### **5.2.2 Voorligters bemagtig kliënte eerder as om hulle met bepaalde beroepe te pas**

Tradisionele beroepsvoorligtingspraktyke wat die opvatting huldig dat persone met hul omgewings gepas kan word, word nie meer as kardinale konstruksie vir voorligting beskou nie. Die diversiteit van mense word nou waardevol geag. Individue wat van die hoofkultuur verskil, word nie as wanaangepas beskou nie en daar word ook nie gepoog om hulle te normaliseer. Insteede daarvan om individue met hul omgewings te pas word

daar eerder gepoog om hulle te bemagtig. Deur die proses van bemagtiging word 'n atmosfeer in die voorligtingsproses geskep waarbinne vryheid vir individue bestaan om hul eie lewensplan op te stel.

### **5.2.3 Herskryf van 'n enkelvoudige waarheid**

Daar bestaan nie slegs één raamwerk of enkelvoudige waarheid wat deur alle mense in 'n gemeenskap gedeel word nie. Verskillende kulture impliseer ook verskille in die ontwikkeling van die lede daarvan. Voorligters besef toenemend dat teorieë oor menslike ontwikkeling alleen toepaslik en aanvaarbaar is vir die konteks waarbinne dit tot stand gekom het. Savickas (1993:211) sê in hierdie verband: *We cannot apply one grand narrative to everyone and continue to inculcate the Puritan work ethic which makes career salient and work-role central.*

Beroepsvoorligters wat hul kliënte vanuit 'n postmoderne benadering help, fokus meer op die lewenstruktuur van hul kliënte, dit wil sê op die manier waarop kliënte hul basiese rolle van werk, ontspanning, vriendskap en familie in een lewe integreer. Savickas (1993:211-212) sê die volgende hieroor:

*Contemporary life-role counseling affirms the multiple perspectives of diverse groups and thus addresses the relation of the work-role to other roles and the effects a career or work-role choice will have on interpersonal relationships, children, and the community.*

### **5.2.4 Beroepsontwikkeling is 'n persoonlike aangeleentheid**

Die keuse van 'n beroep is 'n intens persoonlike aangeleentheid en konvensionele metodes vir beroepsvoorligting bied nie altyd ruimte om hierdie keuse op persoonlike vlak te laat voltrek nie. Konvensionele metodes beklemtoon veral objektiewe en wetenskaplike benaderings tot beroepsvoorligting wat 'n onpersoonlike element tot gevolg het, wat nie die subjektiewe, persoonlike komponent van die proses van beroepsvoorligting erken nie. Namate die fokus in beroepsvoorligting egter van



objektiewe passing na betekenisvorming verskuif, kry die verhoudingskomponent en subjektiewe perspektief daarvan groter waarde. Hierdie toenemende klem op persoonlike betekenisvorming en die terapeutiese verhouding behoort tot gevolg te hê dat postmoderne beroepsvoorigting meer kongruent aan persoonlike voorligting en psigoterapie sal raak.

### 5.2.5 Loopbaanontwikkelingsteorieë is nie voorligtingsteorieë nie

Voorligters het tot die slotsom gekom dat daar nie teorieë oor beroepsvoorigting bestaan nie, maar slegs teorieë oor die manier waarop mense beroepe kies en hul loopbane ontwikkel. In plaas van beroepsvoorigtingsteorieë maak baie voorligters gebruik van óf objektiewe voorligtingstegnieke óf subjektiewe kliëntgesentreerde voorligtingsprosedures. Savickas (1993:212) stel die volgende in hierdie verband:

*As post-modernism replaces subjectivity and objectivity with perspectivity, counselors are beginning to devise career counseling theories that spring from hermeneutical activity. These embryonic theories of career are counseling concentrating on the invocation of meaning to understand decision making and to structure careers.*

Beroepsvoorigting in 'n postmodernistiese konteks fokus op die fasilitering van die **voorigtingsproses** ten einde kliënte te help om **betekenis** te gee aan hul eie situasies, en om sodoende **self** besluite te neem oor die konstruksie van hul beroepe.

### 5.2.6 Lewensverhale is belangriker as toetsresultate

Konstrukte soos selfkonsep, aanleg, belangstelling en werkswaardes is tradisioneel gebruik om individue met 'n beroepsomgewing te pas. In die postmoderne konteks het voorligters tot die besef gekom dat individuele veranderlikes nie soseer vir die subjek bestaan nie, maar wel binne die voorligter se oënskynlik objektiewe perspektief.

Met die oog op betekenisvorming stel Savickas (1993:213) en Cochran (1997:viii) voor dat beroepsvoorigting vanuit 'n narratiewe perspektief benader moet word, omrede

daar 'n versoenbaarheid bestaan tussen die vertel van 'n verhaal en die perspektieftekening daarvan.

### **5.3 Doelwitte vir lewensoriëntering soos vervat in Kurrikulum 2005**

Lewensoriëntering as leerarea in Kurrikulum 2005 (1997) vorm 'n integrale en fundamentele aspek van die bemagtiging van individue ten einde hul lewens sinvol te kan laat verloop binne 'n snelveranderende wêreld. Hierdie leerarea behoort uiteraard in aanmerking geneem te word wanneer 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorgligting geskep word.

Met die implementering van die leerarea "lewensoriëntering", soos vervat in Kurrikulum 2005 (1997), word die volgende doelwitte gestel:

- Die toepassing van positiewe waardes, gesindhede, gedrag en vaardighede in beide die individu en die gemeenskap te verhoog.
- Transformasie in die samelewing te bewerkstellig ten einde 'n kultuur van menseregte te bevorder, wat gekenmerk word deur:
  - ✓ 'n strewe na 'n ten volle inklusiewe, gelykmakende samelewing, wat vry is van enige vorm van diskriminasie;
  - ✓ 'n verenigde, samewerkende samelewing waar diversiteit as waardevol geag word;
  - ✓ individue se hoogskatting van hul eie menings, waardes en gewoontes en terselfdertyd 'n respek vir die regte van ander om dieselfde te kan doen.

Individuele leerders se potensiaal behoort bevorder word deur die versterking en integrasie van hul:

- selfkonsep;
- kapasiteit om gesonde verhoudings te ontwikkel;
- vermoë om ingeligte en verantwoordelike besluit te neem;
- oorlewings en hanterings vaardighede;
- verbindtenis tot lewenslange leer en

- welbehae in die uitdrukking en koördinerings van hul intellektuele, liggaamlike, geestelike, emosionele en morele kragte.

Die rasionaal onderliggend aan Kurrikulum 2005 (1997) reflekteer verskeie elemente van die postmoderne benadering deurdat geglo word dat die individu bemagtig moet word. Betrokkenheid in die gemeenskap deur individue wat hul eie waardes, menings en gewoontes hoog ag, word aangemoedig. Die belang van 'n gemeenskap waar vryheid en gelykheid aan die orde is, word ook nagestreef.

Dit is die spesifieke uitkomst wat voorgeskryf word vir lewensoriëntering (soos vervat in Kurrikulum 2005:1997) wat as basis dien vir die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorgligting in hierdie navorsing:

- Leerders moet hulself sien en begryp as unieke en waardevolle wesens.
- Hulle moet gesindhede en waardes aan die dag lê waarvolgens hulle verhoudings in die gesin, die groep en die gemeenskap kan bevorder.
- Hulle moet eerbied betoon vir die reg van mense om persoonlike opvattinge en waardes te huldig.
- Hulle moet lewens- en besluitnemingsvaardighede aanleer.
- Hulle moet loopbaan- en ander beroepsmoontlikhede kan evalueer en oogmerke formuleer wat hulle in staat sal stel om hulle potensiaal en talente te gebruik.
- Hulle moet toon dat hulle oor die waardes en gesindhede beskik wat nodig is vir 'n gesonde en ewewigtige lewenstyl.

## 6 DIE KONSEPTUALISERING VAN 'N POTENSIËLE POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

### 6.1 'n Moontlike voorligtingsbenadering onderliggend aan 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

'n Voorligtingsbenadering binne 'n postmoderne konteks kan aan die hand van die postmoderne perspektief (soos reeds vroeër in die hoofstuk beskryf<sup>30</sup>) soos volg beskryf word:

- Dié benadering sal **eklekties** van aard wees. Hiermee word egter nie bedoel 'n diskriminasielose eklektisisme nie. Die oproep van Huyssen (1984:52) tot weerstand teen 'maklike' postmodernisme (die 'alles is geoorloof'-variëteit) moet ter harte geneem word. 'n **Eklektiese** benadering tot beroepsvoorligting in 'n postmoderne era veronderstel, soos Savickas (1993:213) en Cochran (1997:viii) glo, dat die meriete van die tradisionele, objektiewe benadering tot beroepsvoorligting behou moet word, maar met die klem op **betekenisvorming**.
- Hierdie benadering sal **antropologies** gerig wees. Spies (1998:134) stel dit dat die postmodernisme klem op die *condition humaine* plaas. As individu is die mens 'n unieke wese, verskillend van die medemens, maar gelyk in waarde.
- Dit sal meer **buigsaam** wees met die klem op **kwalitatiewe tegnieke** soos outobiografieë, beskrywings, die vertel van lewensverhale, narratiewe en etnografie.
- **Waardes** word gesien as uitings van **menslike betekenisvorming**.
- Die fokus verskuif na **betekenisse** wat gegenerereer word deur mense namate hul objektiewe verklarings en beskrywing deur middel van **taal** plaasvind.
- **Kliënte** werk mee in die voorligtingsproses en gee **self interpretasie** aan hul eie behoeftes en die wyse waarop hul lewensplan daar uitsien.
- Die **voorligter** vertolk die rol van fasiliteerder en word nie meer as 'ekspert' beskou nie. **Kliënte** is nou self die '**eksperte**' wat besluit hoe hul lewensplan daar gaan uitsien.

---

<sup>30</sup> Vergelyk hoofstuk vyf afdeling 5

- Die voorligtingsproses moet op beide **mikro- en makrostrukturele vlak** voltrek word.

## 6.2 'n Werkbare definisie vir beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks

Beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks dui op voorligting wat probleemoplossinggerig is, waardeur individue bemagtig word om self uitdrukking te gee aan hul eie lewensverhale; wat weer die basis vorm van hul toekomsplanne.

## 6.3 Voorligtingdoelwitte wat verreken moet word in die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

George en Cristiani (1986:6-8) identifiseer die volgende vyf hoofdoelwitte wat gereeld deur voorligters as noodsaaklike doelwitte geag word en wat in enige voorligtingproses teenwoordig behoort te wees:

- **Gedragsverandering moet gefasiliteer word**

Feitlik alle teoretici dui aan dat die doel van voorligting daarop gerig behoort te wees om 'n verandering in gedrag teweeg te bring wat die kliënt in staat sal stel om 'n meer produktiewe, bevredigende lewe te lei soos wat die kliënt dit binne 'n bepaalde konteks identifiseer. Krumboltz (1966)<sup>31</sup> stel drie kriteria aan die hand waarvan voorligtingsdoelwitte beoordeel kan word, naamlik:

- ✓ Die doelwitte van voorligting behoort vir elke individu **anders** gestel te word.
- ✓ Die doelwitte<sup>32</sup> van elke kliënt behoort **versoenbaar** te wees met die **waardes** van die voorligter.
- ✓ Die mate waarin die doelwitte van voorligting bereik word deur elke kliënt, behoort **waarneembaar** te wees.

- **Versterk selfhandhawingvaardighede**

'n Belangrike doel van voorligting is om individue te help om gegewe hul omstandighede nuwe eise wat aan hulle gestel word die hoof te bied.

---

<sup>31</sup> Vergelyk hoofstuk twee afdeling 4.2 vir Krumboltz se standpunte.

▪ **Bevorder besluitneming**

Een doelwit van voorligting is om 'n persoon in staat te stel om belangrike besluite te neem. Die kliënt moet self besluite kan neem en weet waarom daardie besluit geneem is. Kliënte moet leer om hul eie waardes te verken; waardes wat verband hou met 'n bepaalde besluit, en hierdie waardes moet in berekening geneem word by die besluitnemingsproses. Kliënte kry 'n beter begrip van hul eie vermoëns, belangstellings, geleenthede, emosies en gesindhede wat hul keuses en besluite beïnvloed.

▪ **Verbetering van verhoudings**

Die strewe van die voorligter is om kliënte te help om die kwaliteit van hul lewens te verbeter deur meer effektief met interpersoonlike verhoudings te funksioneer.

▪ **Fasiliteer die kliënt se potensiaal**

Voorligting het ten doel om die groei en ontwikkeling van die kliënt te bevorder deur kliënte die geleentheid te bied om maniere te vind om hul moontlikhede en belangstellings optimaal te benut.

Pedersen (1987:a) het ook verskeie toepaslike doelwitte geïdentifiseer vir voorligting **aan ander kulture**, naamlik:

- Voorligters moet bewus wees van hóé kulturele verskille die voorligtingsproses gaan beïnvloed.
- Identifiseer die voor- en nadele om met kliënte uit ander kultuurgroepe te werk.
- Antisipeer die aanpassingsproses waardeur 'n kliënt moet gaan om van een kultuur na 'n ander te beweeg.
- Begryp hoe waardeoordele wat op grond van sosio-ekonomiese status en geslagsrol beskryf kan word, as kultuur uitgedruk word.
- Bepaal hoe kulturele waardes toetsinterpretasie kan beïnvloed.

---

<sup>32</sup> Hierdie doelwit word nie noodwendig deur die skrywer nagestreef nie.

## 6.4 'n Moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op mikro- sowel as makrostrukturevlak

### 6.4.1 'n Narratiewe basis vir 'n model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks: Narratief en betekenis

Die ontwerp van 'n persoon se loopbaan of lewensverloop is 'n blote verwagting of voorstelling van verskeie scenario's, omdat die toekoms nog nie plaasgevind het nie.

Cochran (1997:1) sê in hierdie verband:

*One might refer to such a representation of the future as a vision, an image, a composition, a portrait, an orientation, a projection, or a dramatic scenario, among other things.*

Beroepsvoorligting verskil van ander vorms van voorligting, aangesien dit gemoeid is met narratiewe/lewensverhale<sup>33</sup> wat die toekoms beklemtoon en wat 'n groot mate van toekomsvisie verg. Hoshmand (1993:179) sluit hierby aan ten opsigte van lewensverhale met die volgende:

*In sociolinguistic terms, narratives are organized units of discourse that have as their central internal function the telling of a story. Narrating is a way of recapitulating past experience or of constructing present experience and the future, which often involves a temporal sequence.*

Om 'n lewensverhaal te skep, is 'n primêre metode van betekenisvorming. Volgens Cochran (1997:4) vind betekenisvorming juis op ten minste drie van die volgende wyses plaas:

*First, something is meaningful if it has a purpose. Second, something is meaningful if it has rich, rather than impoverished implications. Third, something is meaningful if it has a sensible point.*

'n lewensverhaal bied 'n potensieel magtige bron vir die skep van betekenisvorming.

Cochran (1997:4-8) identifiseer die volgende redes hiervoor:

---

<sup>33</sup> Vir bondigheid word die term "lewensverhaal" of "verhaal" as sinoniem vir "narratief" gebruik.

Die skep van 'n lewensverhaal bied 'n toekomsorganisasie wat 'n begin, middel en einde tot 'n geheel integreer. 'n Einde is 'n projeksie in die toekoms (doel, plan, beplande of voorgenome uitkoms), 'n middel is die metode waardeur van die huidige na die einde beweeg word. Die wêreldlike organisasie van 'n lewensverhaal bied die moontlikheid om persoonlike kontinuïteit oor verloop van tyd te skep, wat 'n gevoel van identiteit vestig. Kontinuïteit skep 'n basis waarvolgens oriëntering in stand gehou word, en is die meganisme waardeur betekenis gegee word. Kontinuïteit word aangevul deur kousaliteit wat weer die intrige van 'n lewensverhaal vorm, en die kronologiese opeenvolging van gebeure tot 'n patroon van 'verklaring' verhef. Danto (in Cochran 1997:5) meen: *To tell a story is to explain how an end came about from a particular beginning.*

'n Lewensverhaal is 'n sintetiese struktuur wat vorm gee aan 'n onbepaalde uitbreiding van elemente en sferes van elemente tot 'n geheel. Die intrige binne 'n lewensverhaal behels dat daar onbepaalde netwerke van aksies en gebeure is wat deur die individu self en ander persone uitgevoer word binne praktiese kontekste soos familie, gemeenskapbronne en -struikelblokke, regeringsbeleid, nasionale ekonomie, wêreldhandel, kosmiese mites en nog vele ander. Solank as wat iets relevant is om die intrige te laat beweeg, of om betekenis daaraan toe te voeg, is dit 'n belangrike deel van die lewensverhaal. Mink (in Cochran 1997:6), verklaar dat

*The configurative function of narrative supports comprehension (a grasping together). In a single moment of understanding, a person grasps together a fragmented collection of elements into a synthetic or synoptic judgment. And this grasping together is supported by a narrative that has already ordered elements in an intelligible manner.*

Die intrige van 'n lewensverhaal dra 'n boodskap. Dit is 'n integrasie van implisiete oortuigings oor die tipe persoon wat iemand is, hóé ander mense is, hóé die wêreld is en hóé dinge werk of iets bereik word. Dit dra 'n boodskap oor vanweë die struktuur daarvan, omdat dit konflik daarstel. 'n Probleem of onewewigtigheid word daargestel, waardeur die res van die verhaal dryfkrag kry. Die middel behels struikelblokke, geleenthede en terugslae -- kortom, pogings tot oplossings. Die einde bring die sluiting van 'n probleem of oplos van konflik.



#### 6.4.2 Kulturele narratiewe/lewensverhaal

**Kultuur**<sup>34</sup> behels 'n **wêreldbeskouing** (beeld of idee van hóé dinge werklik is) en 'n **etos** ('n evaluerende visie van hoe 'n persoon behoort te lewe).

Verhale verskaf, volgens Cochran (1997:136), refleksies van 'n kulturele geheel. Situasies word voorgeskryf deur 'n wêreldbeskouing, terwyl aksiestappe goedgekeur word deur lede van 'n bepaalde lewenstyl.

Sowell (1994:10) het, na aanleiding van 'n kultuurstudie bevind dat daar volgehoue kulturele verskille in werkvoorkeur en -prestasie is. Die waardes van 'n kultuur word geopenbaar deur die keuses wat die lede daarvan maak, en die opofferings wat hulle sal verduur om 'n gewenste doelwit na te streef. Deur begeleiding, interpretasie en aksie, gee kulturele lewensverhale rigting aan verskillende gesindhede, vaardighede en waardes vir verskillende aspekte van werk.

Kulturele groepe verskil in vele opsigte -- byvoorbeeld in geletterdheid, stiptelikheid, gewilligheid om lang ure te werk en opvoedkundige ingesteldheid (wat alles van belang is vir 'n beroepskeuse). Cochran (1997:137) stel in hierdie verband: *A story, then, provides cultural guidance through situations that make up life in a culture or, in the present case, through situations that make up a career.*

#### 6.4.3 Die narratiewe benadering binne groepsverband

Volgens Neimeyer (1993:181) kan persoonlike narratiewe wat binne groepsverband voltrek word, geleentheid bied om individue vanuit gemeenskaplike konteks te beskou. Die gesprekvoering wat binne 'n groep tot stand kom, word van binne die konteks van die groep gegenerereer. Hierdie dinamiek tussen persoonlike betekenisvorming en die proses wat deur die groep gefasiliteer word, kan lei tot analise van die individu binne die groepproses asook van die groep as kollektiewe betekenisvormingsentiteit. Neimeyer

---

<sup>34</sup> Vergelyk hoofstuk drie vir 'n omskrywing van kulturele aspekte.

(1993:181) beskou die gebruik van fokusgroepe as 'n onafhanklike navorsingsmetode wat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe evalueringsmiddele kan aanvul. Die fasiliteerder van die groep neem die rol van deelnemende waarnemer aan terwyl die deelnemers se perspektief nagestreef word.

### **6.5 Fases in die verloop van 'n potensiele postmodernistiese model van beroepsvoorligting op makrostrukturevlak**

Vir die ontwerp van 'n potensiele postmodernistiese model van beroepsvoorligting het die navorser dit goed geag om die model aan die hand van fases te beplan. Hierdie fases is in ooreenstemming met Cochran (1997:40) se siening van 'n teorie van beroepsvoorligting, te wete: *A theory of career counseling encompasses the formulation of beginning and end as well as of means.*

Cochran (1997:41) waarsku daarteen dat beroepsvoorligting nie stapsgewys, soos byvoorbeeld die stappe van die trek-faktorbenadering,<sup>35</sup> uitgevoer moet word nie. Ofskoon daar baie potensiele voordele aan só 'n benadering gekoppel kan word, is daar ook nadele, soos dat daar 'n vooropgestelde oplossing vir 'n probleem aangebied word en dat daar 'n aantal vasgestelde stappe is wat gevolg moet word voordat die proses voltooi is. Die realiteit, soos wat dit deur die individu geleef word, word meestal nie deur die stappe gereflekteer nie.

Ten einde die gedagte dat beroepsvoorligting 'n buigsame proses is te akkommodeer, is daar besluit om die model aan die hand van 'n aantal fases te konseptualiseer. Die konsep "fases" dui enersyds daarop dat daar 'n proses is wat plaasvind, maar andersyds ook dat daar ruimte is vir individuele verskille in die verloop van die voorligtingsproses. Daar is dus sprake van buigsaamheid in die proses wat gevolg word om voorligting te verskaf.

---

<sup>3535</sup> Vergelyk hoofstuk twee afdeling 2 vir 'n beskrywing van die trek-faktor-benadering.

Die voorgestelde fases vir 'n model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks word vervolgens bespreek.

### 6.5.1 Fase een - Beginfase: Formulering van die probleem

Daar kan ook na hierdie fase verwys word as die huidige scenario waarbinne kliënte hulself bevind. Volgens Egan (1998:24) sal enige hulpverleningsmodel wat die moeite werd geag word, die kliënt noodsaak om fundamentele vrae te beantwoord waardeur die hulpverleningsproses uiteraard gesteun sal word. In hierdie fase van die voorligtingsmodel behoort die kliënt bewus te word van die beroepsprobleem. Met ander woorde, met watter strydvrae, bekommernisse en watter swak ontwikkelde geleenthede word die kliënt gekonfronteer?

Cochran (1997:207) glo dat die formulering van 'n probleem die sogenaamde verhaallyn vir die verloop van die beroepsvoorligtingsproses daarstel:

*A career problem occurs when a current course of action signals a qualitative difference between possible career futures. A person seeks career counseling when current courses of action indicate that a course of life has gone, is going, or is threatened with going off course, indicating a gap between what is and what ought to be.*

Deur gesprekvoering word kliënte die geleentheid gebied om hul verhale te vertel, terwyl die voorligter deur middel van kommunikasievaardighede soos aandaggee, luister, begryping, empatie, peiling en samevatting (Egan 1998:60), kliënte help om hul verhale te verhelder en patrone en gemeenskaplikhede te identifiseer. Ander tegnieke<sup>36</sup> wat deur die voorligter aangewend kan word om die kliënt te help om die probleem duideliker te begryp, sluit in: die sortering van beroepskaarte, 'n leer waarop konstruksie opgebou kan word, teken, toetsing, die skep van 'n kort verhaal of anekdote en in die ontwerp van 'n collage. Cochran (1997:43) sê die volgende aangaande voorligtingstegnieke:

*Within career counseling, a technique is generally a way to empower a client to express meaning by providing a structured activity. To co-operate in the*

---

<sup>36</sup> 'n Beskrywing van hierdie tegnieke word in hoofstuk vyf afdeling 6.1 gevind.

*activity clients require an orientation to the activity and a rationale for why it should be done. To maintain cooperation, they require a counselor who is active and interested.*

Ten opsigte van 'n gegewe beroepskeuseprobleem is dit die taak van die voorligter om 'n algemene plan van aksie voor te stel wat die probleem sal hanteer. Instemming deur die kliënt konsolideer wat Bordin (in Cochran 1997:42) beskryf as 'n 'terapeutiese' of 'saamwerk-alliansie'. Volgens Cochran (1997:51) word 'n 'saamwerk-alliansie' gekenmerk deur ooreenstemming oor die doel en metode, asook 'n vertroulike band tussen die kliënt en die voorligter. Indien hulpverlening in die beroepsvoorligtingsproses as samewerking tussen kliënt en voorligter behoort te slaag, moet beide partye begryp wat hul verantwoordelikhede in hierdie situasie gaan wees. Cochran (1997:42-43) stel in hierdie verband:


*Agreement on purpose is a fundamental basis for cooperation. Otherwise, two persons might work at odds with one another or operate from hidden agendas. Agreement on means inspires hope and confidence, a sense of optimism that is crucial for an undertaking.*

Ten einde 'n verhouding van samewerking tussen die voorligter en die kliënt daar te stel, glo Egan (1998:50) dat 'n saamwerkoooreenkoms of kontrak aangegaan moet word waarin die volgende aspekte eksplisiet aangespreek word:

- Die aard en doelwitte van die proses.
- 'n Oorsig van die hulpverleningsmodel.
- Tegnieke wat aangewend gaan word.
- Beklemtone van buigzaamheid in die proses.
- Hoe hierdie proses die kliënt gaan help om sy/haar doelwitte te bereik.
- Relevante informasie oor die voorligter self, sy/haar agtergrond.
- Hoe die verhouding gestruktureer gaan word.
- Die tipe verantwoordelikhede van die kliënt en voorligter.
- Die waardes wat die hulpverleningsproses aandryf.
- Proseduurmatige aspekte (byvoorbeeld die lengte van die sessies en waar dit gaan plaasvind).

Die eerste fase van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting kan skematies soos volg gevisualiseer word:

**Figuur 5.1** Fase een van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)



### 6.5.2 Fase 2 - Middelfase

Die doel van hierdie fase is om die kliënt te help om rigting te gee aan 'n toekomsplan deur moontlikhede vir 'n beter toekoms te eksploreer.

Die konstruksie van 'n lewensverhaal vir die toekoms is 'n poging om 'n persoon se mees fundamentele motiewe, uitstaande sterk punte, belangstellings en waardes saam te weef tot 'n sinvolle toekomsplan. Die sentrale behoeftes wat reeds in die verlede ontstaan het, asook sterk punte wat in die verlede na vore getree het, moet tot doelgerigte gebruik in die toekoms aangewend word. Die kliënt se belangstellings en waardes wat reeds deur vorige ervarings gevorm is, moet as't ware verfyn word en na die toekoms uitgebrei word. Cochran (1997:84) stel in hierdie verband: *The future brings to completion what was formed in the past, moving away from a personal composition of hell and toward a personal composition of heaven.*

Daar is groot waarde daarin geleë om die gewenste uitkoms vir die toekoms te visualiseer, omdat dit vir kliënte die geleentheid bied om uiting te gee aan hul eie identiteit en om 'n verhaal te skep van hul eie lewens waarmee hulle self kan identifiseer. Volgens Cochran (1997:79) is die rol van die voorligter in hierdie fase om die kliënt te help om 'n basis verhaal te skep wat meer betekenisvol, produktief en vervullend vir die kliënt gaan wees en wat die kliënt se toekomsverhaal gaan vorm. **Hierdie basis vir 'n lewensverhaal kan nie op die kliënt afgedwing word of op onrealisties wyse gevind word nie.** Die basis daarvoor bestaan reeds mits die regte klem toepaslik gelê kan word op die kliënt se sterk punte, motiewe, belangstellings, waardes en mikpunte.

Kliënt moet gehelp word om 'n relevante toekomsverhaal te skep deurdat die voorligter deurgaans die proses fasiliteer. Die voorligter tree tussenbeide om verdraaiings reg te stel, samehange te verbeter, identiteit te versterk en om die kliënt voor te berei om uiteindelik aksie te neem. Krumboltz<sup>37</sup> wys in hierdie verband ook daarop dat dit

---

<sup>37</sup> Vergelyk Krumboltz se standpunte in hoofstuk twee afdeling 4.2.

belangrik is om op te let na kliënte se kognitiewe strategieë, soos hul foutiewe aannames, inkonsekwentheid, irrasionele gedagtes, struikelblokke en gelowe oor hulself.

'n Belangrike aspek van beroepsvoorligting, naamlik die verkenning van eie waardes wat deur verskeie teoretici soos Holland, Krumboltz, Erikson, en Super<sup>38</sup> ondersteun word, sou 'n belangrike aspek vorm in die saamstel van kliënte se gedagtes en gelowe oor hulself, hul belangstellings, vermoëns en persoonlikhede.

Tegniese speel weer eens 'n potensieel belangrike rol aan die hand waarvan die voorligter die kliënt kan help om eers 'n basisverhaal te skep en daarna 'n toekomsverhaal (wat op die basisverhaal berus) te kies. Cochran (1997:85-90) stel die volgende tegnieke<sup>39</sup> voor wat die kliënt kan help om 'n voorkeurscenario daar te stel: die opstel van 'n lewenslyn, die weergee van suksesvolle ervarings, die kies van 'n rolmodel en die implementering van voorligtingsmateriaal soos die persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle van Holland.

---

<sup>38</sup> Vergelyk hoofstuk twee: Enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting

<sup>39</sup> 'n Omskrywing van hierdie tegnieke word in hoofstuk vyf afdeling 6.1 gevind.

**Figuur 5.2** Fase twee van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)





### 6.5.3 Fase drie - eindfase

Die vorige fase het gefokus op die gewenste uitkoms wat deur die kliënt geskep word. Hierdie fase handel oor die aktiwiteit/werk wat nodig is om daardie uitkomste te laat realiseer. Daar sal metodes gevind moet word aan die hand waarvan die klënt se huidige scenario oorbrug kan word sodat die gewenste scenario kan realiseer.

Ten einde 'n loopbaan te kies, moet 'n persoon bepaalde beroepsmoontlikhede verken. Deur eksplorاسie kan kliënte hul ideale scenario aanpas by die realiteit wat in 'n bepaalde beroep na vore tree. Volgens Tiedeman (1963)<sup>40</sup> behels die eksplorاسie- fase dat die kliënt differensieer tussen aksieplanne en die gewensdheid en voorspelbaarheid van elk oorweeg. Kliënte moet hulself afvra of hulle bepaalde, geantisipeerde take sal kan uitvoer, die nodige kwalifikاسie sal kan bekom en of hulle verwante hindernisse sal kan oorkom. Hierdie aspek vind aansluiting by onder andere Super (1990)<sup>41</sup> en Holland (1992)<sup>42</sup> se teorieë oor loopbaanontwikkeling. Super is van mening dat die keuse van 'n beroep 'n verlengstuk van 'n individu se persoonlikheid is, terwyl Holland glo dat 'n loopbaankeuse kongruent moet wees met 'n individu se persoonlikheid om suksesvolle keuses daar te stel.

Volgens Egan (1998:301) is die keuse van 'n plan van aksie noodsaaklik om die probleemsituاسie op te hef. Hy beweer dat aksieplanne verskeie voordele vir die kliënt inhou, naamlik:

- Planne help kliënte om gedissiplineerd te wees.
- Dit verhinder dat die kliënt oorweldig word deur die probleem.
- Formulering van planne help die kliënt om self meer effektiewe strategieë vir probleemoplossing te vind.
- Dit bied 'n geleentheid om op realistiese wyse die toereikendheid van doelwitte te evalueer.

---

<sup>40</sup> Vergelyk hoofstuk twee afdeling 4.3 vir die standpunte van Tiedeman.

<sup>41</sup> Vergelyk hoofstuk twee afdeling 3.1 vir die standpunte van Super.

<sup>42</sup> Vergelyk hoofstuk twee afdeling 2.1 vir die standpunte van Holland.

- Planne maak kliënte bewus van die hulpbronne wat hulle moet inspan om hul gekose strategieë te implementeer.
- Dit kan help om onvoorsiene struikelblokke te antisipeer in die proses om doelwitte te bereik.

Tiedeman (1963) het reeds die waarde van die besluitnemingsproses beklemtoon, asook die potensiaal daarvan om die individu in beheer van sy/haar omstandighede te plaas. Cochran (1997:106) glo dat dit nie genoegsaam is om net oor 'n beroep te lees voordat 'n besluit geneem word nie. Die kliënt moet inderdaad in 'n beroep 'gedompel' word deur aktief te eksploreer wat die beroep behels. Dit kan gedoen word deur die kliënt onderhoude met individue te laat voer (werkers, *supervisors*), om as vrywilliger 'n bepaalde werk aan te neem, besoeke aan verskillende persone wat reeds in 'n beroep staan te bring, en om die aangeleentheid met familie en vriende te bespreek.

Egan (1998:274) doen aan die hand dat daar van 'n denkskrum gebruik gemaak kan word aan die hand waarvan die kliënt 'n verskeidenheid moontlike strategieë kan genereer. Hieruit kan die gewenste aksieplan gekies kan word. Egan (1998:278) stel voor dat van raamwerke gebruik gemaak moet word om die kliënt te help om aksie-strategieë te skep. Deur van peiling en aanhitsing as tegnieke gebruik te maak, kan die voorligter die kliënt bewus maak van hulpbronne wat in sy/haar lewe bestaan. Sodanige hulpbronne sluit in individue wat kan help om die kliënt se doelwitte te verwerklik, rolmodelle wat geraadpleeg kan word en instansies of organisasies wat kan help met die realisering van die kliënt se doelwitte.

Kristallisering oorbrug die gaping wat ontstaan deur die omskrywing van die beroepskeuseprobleem (deur die behoeftes wat aan die begin van die voorligtingsproses gestel is). Tiedeman en O'Hara (1963) beweer kristallisering behels die stabilisering van denke wat plaasvind. Cochran (1997:122-123) spreek in hierdie verband die volgende siening uit:


*What is stabilized is a future representation of career that empolts a person as a main character within a more ideal career narrative and that is adapted to a particular option.*

Volgens Cochran (1997:123) is dit nie nodig dat 'n spesifieke poging aangewend moet word vir kristallisering om plaas te vind nie. Hierdie proses word in der waarheid bepaal deur voorafgebeure wat reeds in die voorligtingsproses plaasgevind het. 'n Besluit word gegenerer deur die kwaliteit van aksies wat die besluit voorafgegaan het. Indien 'n persoon halfhartige pogings aangewend het om alternatiewe strategieë te eksploreer, kan probleme wel met kristallisering ondervind word. Kristallisering kan op drie maniere gefasiliteer word:


- Eerstens kan hindernisse geïdentifiseer en opgehef of verminder word.
- Tweedens kan weë om die einde te laat realiseer, geïdentifiseer en nagestreef word.
- Derdens kan metodes om oor besluite te reflekteer (ten einde perspektief daaroor te bekom) geskep word.

Die derde fase van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting kan soos volg gevisualiseer word:

**Figuur 5.3** Fase drie van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)



**Figuur 4 : `n Integrasie van die drie fases van `n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorigting op mikrostrukturele vlak.**



vir beroepsvoorigting

Figuur 5.4 'n Integrasie van die drie fases van 'n potensiële postmodernistiese model

## **7 TEGNIEKE**

Cochran (1997:42) glo dat 'n tegniek 'n gestruktureerde metode is waardeur die kliënt bemagtig word om uitdrukking te gee aan betekenis. Die kliënt moet ingelig word indien die voorligter van 'n tegniek gebruik gaan maak. Dit is noodsaaklik dat die kliënt weet waarom dit gedoen word en wat presies van hom/haar verwag gaan word.

### **7.1 Tegniese wat 'n probleem kan verhelder**

Cochran (1997:43-50) beskryf die volgende tegnieke waardeur 'n beroepsvoorligtingsprobleem verhelder kan word, waardeur die kliënt gehelp kan word om sy/haar verhaal te vertel:

#### **7.1.1 Sortering van beroepskaarte**

Hierdie tegniek is oorspronklik deur Tyler (Cochran 1997:43-46) ontwerp en later deur Dolver (Cochran 1997:43-46) verfyn. Die proses word gefasiliteer aan die hand van 'n pak beroepskaarte. Op die voorkant van elke kaart word 'n beroepstitel aangedui en op die agterkant van die kaart (volgens die Hollandkode) is daar inligting oor die beroep wat voorop die kaart vermeld is. Hierdie kaarte kan informeel deur voorligters self ontwerp word en behoort 'n reeks van 60 tot 100 kaarte in te sluit. Die hoofdoel met hierdie aktiwiteit is om persoonlike kriteria vir die evaluering van beroepskeuses te genereer.

Nadat die kaarte vir die kliënt aangebied is, word die kliënt versoek om die kaarte in drie groepe te verdeel: 'n groep wat die kliënt moontlik as beroepe sou kies (sou oorweeg, aanvaarbaar vind, of aantreklik vind op een of ander manier); 'n groep wat die persoon nie sou kies nie (verwerp, nie eers oorweeg nie); en 'n groep beroepe waarvoor die persoon onseker voel (mag oorweeg, mag verwerp). Die 'moontlike' groep word dan verwyder, wat dan twee groepe laat vir die hoofsaak van hierdie aktiwiteit. Die hoofsaak van sortering kan 'n aanvang neem met enige van die twee groepe kaarte.

Elkeen van die twee groepe kaarte word dan weer gesorteer. Die kliënt kan versoek word om elkeen van die twee groepe in kleiner groepe te verdeel. Die beroepe in die kleiner groepe kan baie ooreenstem. Nadat die kleiner groepe verdeel is, kan die kliënt die kleiner groepe neem en sê wat elke beroep in gemeen het, op grond waarvan die kliënt die beroep gekies of verwerp het.

Die redes wat die kliënt aanvoer word gebruik as onderwerp vir interpretasie of uitbreiding. Om die rede vir die verwerping of die keuse te verhelder, kan die voorligter daarop reflekteer, saamvat, differensieer, vrae vra en self voorstelle maak. Die taak van die voorligter is om betekenis uit te lig en te verhelder.

Volgens Gysbers en Moore (Cochran 1997:44) is dit belangrik om kontrasterende betekenis te ontlok. Wanneer 'n kliënt byvoorbeeld 'n groep beroepe verwerp omdat dit té roetineagtig is, moet die kontrasterende, positiewe betekenis, byvoorbeeld dat die kliënt meer uitdaging en afwisseling in 'n beroep soek, gestel word. Cochran (1997:44) beweer in hierdie verband: *Frequently trying to clarify an opposite clarifies the original pole of meaning*. Die 'kaartsorteertegniek' word as 'n goeie tegniek beskou omdat dit geleentheid bied vir deeglike omskrywing van die probleem. Dit stimuleer dialiek ten opsigte van beroepsbewussyn. Kliënte kan hulself sodoende in 'n bepaalde beroep projekteer en hulself, asook die beroep leer ken. Persoonlike sin- en betekenisvorming word dus gefasiliteer.

### **7.1.2 'n Leer van konstrunkte opbou**

Hierdie tegniek is oorspronklik deur Kelley (in Cochran 1997:46-48) ontwerp. Die kliënt begin deur tien beroepe te kies wat h/sy oorweeg as moontlike beroepe. Daarna word drie van die beroepe op ewekansige wyse geselekteer en word die persoon gevra om aan te dui hoe twee van die beroepe van die derde beroep verskil. Hierdie vraag kan moeilik wees om te verstaan. Daar kan moontlik eers vir die kliënt gevra word:

Watter twee beroepe is dieselfde?

Op watter manier is hulle dieselfde?

Hoe verskil die derde beroep van die ander twee?

Hierdie prosedure word herhaal met die ander nege kombinasies tot daar uiteindelik tien konstrukte bestaan.

Om konstrukte tot stand te bring, verg intensiewe bespreking aangesien elke konstruk op grond van interpretasie en verheldering van betekenis ontstaan. Ten einde aanvanklike response te omskep in bruikbare konstrukte, kan verskeie vrae aan die kliënt gestel word, soos:

Kan u 'n positiewe voorbeeld gee om met syfers te werk?

Watter persoonlike betekenis is daar vir u om met syfers te werk?

Wat kry u daaruit?

### **7.1.3 Teken**

Dial (in Cochran 1997:48) het die tekentegniek ontwerp waardeur die kliënt opdrag gegee word om vier verskillende prente of simbole te teken, getiteld:

Wat is ek?

Wat wil ek graag wees?

Wat verhinder my om te wees wat ek wil wees?

Wat sal die stuikelblokke oorkom?

Dial stel voor dat daar 'n begeleide meditasie met hierdie tegniek gepaard moet gaan. Die simbool: Wat is ek?, definieer die huidige situasie waarin die kliënt hom/haar bevind. Die simbool: Wat wil ek graag wees?, definieer die ideale toestand waarin die kliënt hom/haar wil bevind. Saam simboliseer dit die begin en die einde van die voorligtingsprojek. Die simbole: Wat verhinder my?, en Wat kan ek doen om die stuikelblokke te oorkom?, vorm die middelfase van die proses. Die interpretasie van hierdie simbole verhelder die storielyn.



## 7.2 Tegnieke wat kliënte help om 'n lewensverhaal te skep

Cochran (1997:73) beweer die volgende aangaande tegnieke wat kliënte kan help om hul verhaal te vertel:

*From the present perspective, an interview technique is a way to empower the client to tell his/her story. It offers a structure that eases narration and offers the person control of the activity, to express meaning.*

Enkele van hierdie tegnieke sal vervolgens bespreek word.

### 7.2.1 Lewenslyn

Die oorsprong van hierdie tegniek is onseker, maar word volgens Goldman (in Cochran 1997:74) algemeen gebruik. Die tegniek behels dat 'n lyn oor die lengte van 'n skoon vel papier getrek word. Die voorligter begin deur heel links op die papier 'n merk te maak wat die geboorte van die kliënt voorstel. Aan die einde van die lyn (heel regs) word die huidige situasie gemerk. Die kliënt word versoek om die mylpale/ervaringe in sy/haar lewe op te roep (ervaringe wat belangrik was of wat spesiale betekenis gedra het). Die kliënt kan dit kronologies op die lewenslyn aandui. 'n Positiewe ervaring word aangeteken deur 'n merk hoër op die papier te plaas na die mate waarin daardie ervaring positief was, en laer na die mate wat daardie ervaring negatief was. Elke merk word benoem om die gebeurtenis te identifiseer. Nadat al die merke gemaak is, word dit verbind om 'n grafiese voorstelling van die verloop van die kliënt se lewe aan te dui.

Die voltooiing van die lewenslyn sensitiseer 'n persoon ten opsigte van ervaringe in die verlede en gee 'n kronologiese uitleg van die individu se lewe. Die lewenslyn word nou gebruik om vir die kliënt te vra om elke ervaring vanaf die vroegste ervarings te beskryf en seker te maak dat betekenisvolle en besondere omstandighede, gedagtes, gevoelens en aksies aangedui word en om dit met die hele lewenslyn te doen. Die fasiliteerder help die kliënt om te beskryf hoe van een ervaring na 'n volgende beweeg is. Die voorligter maak in hierdie proses gebruik van aktiewe luistertegnieke en fasiliteeringsvaardighede (Cochran 1997:74).

Om 'n lewenslyn vanaf geboorte tot en met die huidige situasie te skep, sensitiseer individue vir hul eie begeertes, onvoltooide take, lojaliteite, modelle en ou ambisies. Op hierdie basis word 'n nuwe lewenslyn aangebied wat beweeg vanaf die huidige tot en met afsterwe. Die kliënt ontvang die instruksie om na aanleiding van die eerste lewenslyn wat die kliënt bewus gemaak het van belangrike begeertes, sterk punte, ambisies en konflikte 'n nuwe lewenslyn te voltooi wat na die toekoms projekteer. Op hierdie lyn word die geantisipeerde ervarings geplaas. Positiewe ervarings word hoog geplaas en negatiewe ervarings word laag geplaas. Die kliënt word vervolgens versoek om aan die hand van hierdie ervarings 'n verhaal oor die toekoms te skep.

Hierdie toekomsverhaal kan verryk word deur dit te koppel aan die verlede. Die fokus moet wees om dit wat in die verlede was, voort te sit en in die toekoms te voltooi. Die volgende tipe vrae word hanteer:

Watter begeertes en sterk punte word beklemtoon en verwaarloos?

Wat is die essensiële vir die toekoms?

### **7.2.2 Skep van lewenshoofstukke**

Die oorsprong van hierdie tegniek is ook onseker, maar volgens Cochran (1997:74) is dit onlangs onderskeidelik deur Carlson en Mc Adams (Cochran 1997:74) beskryf.

Die kliënt word gevra om aan sy/haar lewe as 'n outobiografie te dink en om die titels van die verskillende hoofstukke van hierdie outobiografie te benoem. Dit moet titels wees wat 'n spesifieke tydperk in die persoon se lewe reflekteer en opsom. Daar word met die eerste hoofstuk begin terwyl die fasiliteerder die kliënt help om die betekenisvolle hoofstukke se titels te skep. Om 'n titel toe te ken aan 'n fase of tydperk in die lewe moet 'n persoon kortliks die inhoud daarvan karakteriseer, wat weer die voorligter toelaat om vrae te vra en om saam te beplan aan die titel. Die voorligter kan op enige tydstip vra vir 'n beskrywing van konkrete ervarings wat die gegewe tydstip tipeer. Indien die persoon slegs op oppervlakkige wyse titels gee, kan die uitleg gebruik word om 'n verhaal te skep. Nadat die oefening voltooi is, kan die voorligter reflektiewe vrae vra oor elke tydperk -- die konflikte, hoofdoelwitte, ontwikkelingservarings,

betekenisvolle invloede, belangstellings, aktiwiteite en invloedryke persone wat 'n aandeel daaraan gehad het.

Die skep van hoofstuktitels tot in die huidige scenario berei die kliënt voor om hoofstuktitels oor die res van sy/haar lewe te skep. Die kliënt word vervolgens versoek om vooruit te kyk na die res van sy/haar lewe en hoofstuktitels te skep wat vanaf die huidige tot by afsterwe strek. Daar word aan die kliënt gesê dat daar hoofstukke is wat h/sy **verwag** gaan gebeur en dan is daar hoofstukke wat die kliënt **hoop** sal gebeur om die lewe te vervolmaak. Hierna word begin met die volgende hoofstuk in die kliënt se lewe en titels word geskep tot aan die einde van sy/haar lewe. Negatiewe hoofstukke moet omskep word in positiewe hoofstukke. Die fokus van hierdie oefening is direk gerig op persoonlike betekenisvorming. Dit help om 'n bespreking van 'n toekomsverhaal te fasiliteer.

### 7.2.3 Suksesvolle ervarings

Met hierdie tegniek word die kliënt gevra om 'n lys te maak van suksesvolle ervarings wat vir hom/haar aangenaam was. Deur met die eerste ervaring te begin word die kliënt gevra om die ervaring in fyn besonderhede te beskryf -- hoe dit begin het, hoe die sukses gebeur het, hoe dit afgesluit het, wat die kliënt gedink, gevoel en deurgaans gedoen het. Die kliënt vertel as't ware 'n verhaal. Die rol van die voorligter is om die kliënt te help om oor die ervaring na te dink en om die verhaal tot 'n meer volledig weergawe uit te brei. Wanneer die kliënt die verhaal klaar vertel het, word dit nogeens herhaal, met die doel om die kliënt se sterk punte uit te lig. Die sterk punte wat bepaalde suksesse tot gevolg gehad het, kon basiese moontlikhede (soos algemene intelligensie en numeriese aanleg), vaardighede en moontlikhede (beplanning en oortuigingsvermoë) spesifieke kennis en karaktertrekke (volharding), insluit. Om sterk punte te identifiseer en uit te lig moet die voorligter aanvanklik aktief wees aan die begin, terwyl die kliënt later stelselmatig behoort betrek te word. Nadat die eerste ervaring voltooi is, doen die voorligter en die kliënt dieselfde met die res van die ervarings totdat 'n versadigingsvlak bereik word, waar geen nuwe sterk punte

gegenereer kan word nie. Indien 'n kliënt nie aan suksesvolle ervarings kan dink nie, moet daar na genotvolle ervarings gesoek word.

Suksesvolle ervarings kan op verskeie maniere gebruik word om beroepsvoorligting te fasiliteer. Eerstens kan suksesse wat 'n persoon in die verlede behaal het, bydra om die individu te help om te antisipeer waarmee h/sy in die toekoms suksesvol sal wees. Tweedens kan die individu sy/haar eie sterk punte wat vorige suksesvolle ervarings verseker het identifiseer en dit na 'n beroep of handeling projekteer waar hierdie sterk punte handig te pas sal kom. Sterk punte kan gekoppel word aan bepaalde beroepe deur dit te koppel aan die eise wat deur 'n bepaalde beroep gestel word (Cochran 1997:89-90).

#### **7.2.4 Voorligtingsmateriaal**

'n Verskeidenheid voorligtingsmateriaal kan gebruik word om 'n eksterne verwysingsraamwerk te skep waardeur 'n persoonlike verwysingsraamwerk binne die konteks van werk geskep kan word. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou die *Selfondersoek- vraelys (SOV)* van Holland wees, waar ses algemene persoonlikheidstipes aan ses beroepstipes gekoppel word. 'n Persoon wat met die regte omgewing gepas word, sal meer stabiel, produktief en tevrede wees as 'n persoon wat nie reg gepas word nie. 'n Persoonlikheidstipe is 'n sintese van 'n individu se belangstellings, waardes, vaardighede, trekke en selfkonsep wat begeertes en bekwaamhede definieer.

Cochran (1997:90) beweer in hierdie verband :

*A personality type is a general narrative devoid of individual features that might personalize it. For example, the main character in an artist's drama is imaginative, emotional, expressive, and sensitive. He or she engages in artistic activities (writing, performing, etc.) to create ideas and beauty, and to express himself or herself. The value of this degree of generality is that it facilitates an organization of relevant occupations and provides enough plot definition for a person to identify or dis-identify with it.*

Hierdie voorligtingsmateriaal word hoofsaaklik kwalitatief gebruik om die kliënt te fasiliteer tot betekenisvorming en geensins om volgens die tradisionele benadering te 'test-and-tell' nie.

### 7.2.5 Collage

Volgens Maree (1998/9:42) kan die *collage-tegniek* ook met vrug gebruik word om kliënte te help om hul lewensverhaal te vertel. Die skep van 'n *collage* bestaan uit twee dele. Die eerste deel behels die dinkfase waar die kliënt die geleentheid gebied word om na te dink oor: Wie is ek? Vrae wat aan die kliënt gevra kan word om hierdie proses te stimuleer sluit in:

Wat is my rolle?

Wat is my doelwitte?

Wat is vir my belangrik in die lewe?

Wat is vir my die mees belangrikste in die lewe?

Waarheen is my lewe onderweg?

Wat sal ek graag wil doen wat ek nog nie gedoen het nie?

Wat geniet ek?

Het ek 'n droom gehad?

Het hierdie droom van my gerealiseer of het dit verlore gegaan?

Wat is my waardevolste besitting?

Die tweede deel van die hierdie tegniek behels die skep van 'n *collage*. Die kliënt word versoek om hom/haar uit te beeld deur middel van die *collage*. Die *collage* moet vir die kliënt betekenis dra. Die *collage* wat die kliënt geskep het kan in die daaropvolgende sessies gebruik word ten einde die proses van voorligting aan die hand daarvan te fasiliteer.

## **8 Aspekte wat verreken moet word in 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op makrostrukturele vlak**

Veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing wat reeds vroeër in hierdie studie uitgelig is, vereis dat hernuwing moet plaasvind in die wyse waarop beroepsvoorligting aangebied word op mikrostrukturele vlak (een tot een regstellende intervensie) en op makrostrukturele vlak (groep-intervensie met die oog op voorkoming). Daar kan weer kortliks verwys word na hierdie veranderinge: Veranderinge in die onderwysstelsel en die benadering tot onderwys soos vergestalt in Uitkomsgebaseerde Onderwys en Kurrikulum 2005, politieke veranderinge wat 'n nuwe lig werp op die nood aan intervensie vanweë groot getalle leerders en die beperkte hulpbronne van voorligters, ekonomiese agteruitgang van die Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word aan 'n hoë werkloosheidsyfer en 'n sosiale wending wat tot stand gekom het vanweë die beweging van 'n moderne na 'n postmoderne samelewing.

Die benadering wat toenemend in die huidige onderwysstelsel gebruik word, fokus daarop dat die voorligter meer betrokke sal raak om in spanverband behulpsaam te wees met die ontwikkeling/gereedmaking van leerders vir toekomstige beroepe. Die rol van die beroepsvoorligter binne hierdie konteks sou onder meer wees om nuwe tegnieke en materiaal te ontwikkel, tegnologie by die beroepsvoorligtingsproses te integreer, leerders en onderwysers op grond van 'n postmodernistiese benadering tot voorligting te fasiliteer en om deel te neem aan die herstrukturering van beroepsvoorligting ten einde dit meer toeganklik te maak vir alle leerders. Volgens Davidoff en Lazarus (1997:18) kan die opvoedkundige sielkundige 'n indringende studie maak van 'n totale leersentrum se funksionering en op die makrovlak aanbevelings maak in verband met potensiële herstrukturering.

Die NCSNET en NCESS (1997:15-23,26) het in 'n verslag 'n aantal oorsake geïdentifiseer wat daartoe aanleiding kan gee dat leerders nie hul volle potensiaal kan bereik nie, naamlik:

- sosio-ekonomiese faktore;

- houdings (diskriminasie op grond van ras, geslag, kultuur, gestremdheid of seksuele voorkeur);
- 'n onbuigbare kurrikulum (maak nie voorsiening vir die diversiteit van leerders nie);
- taal en kommunikasie;
- ontoeganklike omgewings en omgewings wat onveilig opgerig is;
- onvanpaste en onvoldoende voorsiening van ondersteuningsdienste;
- gebrek aan bemagtigende en beskermende wetgewing en beleid;
- gebrek aan ouerlike erkenning en betrokkenheid;
- gestremdhede en
- gebrek aan menslike hulpbronstrategieë en metodes van assessering.

Die postmodernistiese benadering wat ten doel stel om enige ongelykhede in 'n samelewing uit te skakel deur die verandering van houdings, opheffing van enige vorm van diskriminasie (deur onder andere assesseringstegnieke te bevraagteken), kan as verterkpunt dien vir moontlike oplossing van voormelde probleme.

In die Greenpaper on Education (1999:43) word beklemtoon dat lewensvaardighede 'n belangrike aspek van opvoeding is wat in al die leerareas geïntegreer behoort te word. Die implikasie hiervan sou wees dat alle opvoeders die nodige vaardighede moet bekom om hierdie lewensvaardighede te kan onderrig. Die ontwikkeling van positiewe gesindhede en die hoogagting en aanvaarding van diversiteit behoort 'n belangrike aspek van lewensvaardighede te wees (Greenpaper on Education 1999:44). Die voorligter kan in hierdie verband 'n belangrike rol speel deur deel te neem aan die proses van herstrukturering deur programme en materiaal te ontwikkel wat in verdere opleidingsprojekte gebruik kan word.

Die postmodernistiese benadering wat in hierdie studie voorgestaan word, kan dien as basis aan die hand waarvan programme en projekte beplan kan word. Die beroepsvoorligter (in hierdie geval die opvoedkundige sielkundige) fasiliteer in samewerking met al die betrokke rolspelers, die proses waardeur nuwe programme ontwerp en geïmplementeer word. 'n Vryer benadering sal in hierdie opsig gevolg word

deurdat daar nie sprake is van enige 'eksperte' nie en deurdat probleemoplossing op koöperatiewe wyse bereik word. Die rol van die voorligter, onderwyser, leerders en ouers word nie as afgegrens beskou nie en daar kan wedersydse kennis uitgeruil word sodat 'n groter samewerking verseker kan word.

Daar word aan die hand van die NCSNET en NCESS verslag (1997:50-63;68-84;102-115), sowel as die Greenpaper on Education (1999:44-45;52) voorsien dat die rol van die beroepsvoorligter die volgende sou insluit:


- Die skep van innoverende praktyke en programme wat die aanpassingsproses van alle leerders vanaf die skool na opleidingsinstansies en beroepe sal fasiliteer.
- Ondersteuning aan onderwysers en die onderwyssisteem, sowel as groot groepe leerders.
- Die lewer van insette in die ontwikkeling van 'n buigsame kurrikulum (veral met betrekking tot die leerarea lewensvaardighede), wat die diversiteit van leerderbehoefte kan akkommodeer.
- Die bevordering en implementering van ontwikkelingsprogramme om onderwysers, ondersteuningspersoneel en ander menslike hulpbronne van die nodige kennis en vaardighede te voorsien (dit sluit onder andere die sensitisering ten opsigte van nuwe benaderings soos die postmodernisme in). Die bevordering van gewenste ingesteldhede ten einde op die behoeftes van alle leerders te reageer. Oriëntering en indiensopleiding is belangrik en behoort deurlopend aan alle onderwysers aangebied te word.
- Die daarstel van gemeenskapsgebaseerde ondersteuning deur alle hulpbronne in die gemeenskap te identifiseer en gemeenskapsondersteuningsisteme uit te brei. (In hierdie verband kan gemeld word dat dit veral sinvol sou wees om 'n uitgebreide netwerk te skep in die beroepswêreld waar leerders inligting en ervaring oor beroepe kon inwin -- 'n belangrike komponent van aksie om 'n beroepsbesluit te kan neem).
- Meewerking aan die ontwikkeling van holistiese en geïntegreerde ondersteuningsdienste. Daar moet met verskillende dissiplines saamgewerk word om omvattende ondersteuning aan leerders te bied.



Die intervensie op makrostrukturele vlak binne 'n postmoderne konteks kan geïntegreer word met die model soos in hoofstuk vyf p191 uiteengesit en kan grafies soos volg voorgestel word:

**Figuur 5.5** 'n Integrasie van 'n potensieële postmodernistiese model op mikro- en makrostrukturele vlak

## 'N GEÏNTEGREERDE POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



## 9 SAMEVATTING


Beroepsvoorligting vanuit 'n postmodernistiese konteks behels dat daar met nuwe oë gekyk word na die tradisioneel moderne benadering van die twintigste eeu. Die moderne benadering tot beroepsvoorligting het behels dat daar deur middel van objektiewe metodes beroepe vir individue gekies is waarin hulle suksesvol sou kon wees. Hierdie objektiewe beeld is verkry deur toetsresultate te pas met die vereistes van 'n bepaalde beroep. Faktore soos toenemende ontevredenheid met die modernisme vanweë onvervulde drome en ideale, het aanleiding gegee tot die sienswyse dat die benadering tot beroepsvoorligting aangepas moet word om by die huidige postmoderne diskoers aan te pas.

Die postmoderne werksetiek met die klem op selfontwikkeling en betekenisvorming vereis dat daar 'n meer subjektiewe komponent tot beroepsvoorligting toegevoeg word ten einde kliënte se behoefte aan 'n persoonlike betekenis van werk te bevredig.

Vanuit die beginsels van die postmoderne era is in hierdie hoofstuk 'n potensiële nuwe model vir beroepsvoorligting geskep, wat onderliggend **kliëntgesentreerd** is. Die behoeftes van die kliënt word voorop geplaas met die uitsluitlike doel om die kliënt te **bemagtig** om **self besluite** oor die **toekoms** te kan neem. Die basis van hierdie model berus op die narratiewe benadering deur middel waarvan die kliënt sy/haar **eie lewensverhaal skep**, met die oog op 'n **ideale lewensverhaal**. Die beginsels vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks dien as basis vir beroepsvoorligting op mikro- en makrostrukturele vlak. Makrostrukturele intervensie is hier veral gefokus op grootgroep voorkomende intervensie.

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n model daar te stel aan die hand waarvan daar in hoofstuk ses programme vir voorligting ontwerp kan word wat die behoeftes van individuele kliënte sal pas.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK SES

## TOEPASSING VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

### 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal verskeie idiografiese/gevallestudies beskryf en bespreek word ter toepassing van 'n potensieële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting. Hierdie toepassing sou ten doel stel om:

- Die eklektiese aard van 'n postmodernistiese benadering tot beroepsvoorligting te illustreer.
- Die buigsaamheid van 'n postmodernistiese model tot beroepsvoorligting te demonstreer ten aansien van die individualiteit en diversiteit van alle leerders wat aangewese is op beroepsvoorligting. Hierdie buigsaamheid sal sigbaar wees in die evaluerings- en voorligtingstegnieke wat aangewend word in die beroepsvoorligtingsproses.
- Die rol van die voorligter (as fasiliteerder in die voorligtingsproses) en die rol van die leerder/kliënt (wat deur selfinterpretasie en betekenisvorming die 'ekspert' raak in die voorligtingsproses) uit te beeld.

Die idiografiese (ook genoem gevallestudies) metode word vervolgens bespreek voordat na individuele gevallestudies gekyk word.

## 2 DIE IDIOGRAFIESE/GEVALLESTUDIE

### 2.1 Die doel van die idiografiese/gevallestudie

Die doel van idiografiese/gevallestudie<sup>43</sup> word onder andere deur die volgende navorsers soos volg beskryf:

Badenhorst (Conradie 1995:182) beskou die vernaamste doel van gevallestudie as die naspur van die belangrikste aspek van 'n saak of situasie. Die eenheid wat gebruik word in só 'n studie sluit in 'n individu, sosiale instelling of kulturele groep. In 'n gevallestudie kan 'n fase in die geskiedenis en lewensverloop van die eenheid nagevors word of die volle verloop daarvan kan nagegaan word.

Volgens Mouton en Marais (1990:49) het navorsing wat deur gevallestudies gedoen word 'n meer kontekstuele belang omdat dit klem lê op dit wat onderskeidend en uniek in 'n situasie of gebeurtenis is.

Volgens Bordin (in Conradie 1995:182) is die doel van gevallestudies die volgende:

*Case records have major functions: supervision and consultation; the aid they give to the counselor in counseling situations; implementation of agency policies and evaluation and research.*

Bromley (1986:2) beskryf gevallestudie soos volg: *The case study method is a basic form of scientific inquiry that underpin effective professional practice especially in relation to human problems.* Die onderhawige gevallestudies bevestig hierdie stelling, ook die stelling dat 'n ontleding van die individuele geval, met behulp van kwalitatiewe en kwantitatiewe tegnieke, onder meer meehelp tot die daarstel van die sogenaamde gevalle wet. Bromley (Maree 1994:62) sluit hierby aan met die volgende stelling: *An organized body of knowledge derived from work with individual cases and repeatedly tested against new cases.* Die beperking en tekortkominge inherent aan hierdie

---

<sup>43</sup> Ter wille van bondigheid word na idiografiese/gevallestudies verwys as gevallestudies.

navorsingsmetode (soos dat navorsers sekere aspekte van die toetsresultate verskillend mag interpreteer, word deurgaans in ag geneem.

Die gevallestudie wat in die onderhawige hoofstuk aangewend word is aan die hand van *ex post facto-navorsing*<sup>44</sup> en aksienavorsing<sup>45</sup> uit gevoer.

In hierdie hoofstuk sal idiografiese studies gebruik word om:

- 'n Voorgestelde postmodernistiese model vir beroepsvoorligting empiries te evalueer.
- Die verskil/verandering wat beroepsvoorligting binne 'n moderne era ondergaan het en die verskil tussen die tradisionele benadering en die postmoderne benadering uit te wys.
- Die postmodernistiese benadering in die proses van beroepsvoorligting te illustreer.

## **2.2 Prosedure met die gebruik van die gevallestudies**

Daar sal eerstens gebruik gemaak word van gevallestudies wat reeds volgens die tradisionele benadering voorligting ontvang het. In hierdie verband is gevallestudies bekom van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aan die Universiteit van Pretoria<sup>46</sup> wat vir beroepsvoorligting aangemeld het. Die tradisionele proses van beroepsvoorligting, soos wat dit deur voorligters by hierdie sentrum behartig is, sal vergelyk word deur dieselfde geval aan die hand van 'n moontlike model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks te vergelyk. Tweedens sal enkele gevallestudies wat deur die voorligter uitgevoer is, gebruik word aan die hand waarvan 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting toegepas kan word.

---

<sup>44</sup> *Post hoc*-navorsing word ook in hoofstuk een afdeling 4.2.3.1 bespreek.

<sup>45</sup> Aksienavorsing word ook in hoofstuk een afdeling 4.2.3.2 bespreek.

<sup>46</sup> Toestemmings brief van die direkteur van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding word in bylae A verskaf.

### **2.3 Seleksie van die gevallestudies**

Hierdie studie onderneem om die bruikbaarheid van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting binne verskillende kulture te illustreer. Ten einde in staat te wees om hierdie idiografiese studie uit te voer, is besluit om gevallestudies uit diverse kulture te selekteer<sup>47</sup>. Gevallestudies is dus hoofsaaklik op grond van verskillende kulture geselekteer, maar sorg is ook gedra om beide geslagte, asook volwasse en skoolgaande leerders<sup>48</sup> by die studie in te sluit.

### **2.4 Verkenningsmedium**

Daar sal gebruik gemaak word van die inhoud van die voorligtings lêers van individuele leerders wat die afgelope twee jaar (1998-1999) by die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aangemeld het vir beroepsvoorligting en gevallestudies wat by die navorser aangemeld is. Alle inligting wat in die oorspronklike voorligtingsituasie bekom is, sal aangewend en toegepas word op die moontlike model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks.

## **3. IDIOGRAFIESE/GEVALLESTUDIES**

Die doel van gevallestudies in die onderhawige navorsing is om beroepsvoorligting aan alle leerders binne 'n postmoderne konteks aan die hand van 'n moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te illustreer.

---

<sup>47</sup> Die proses van seleksie van gevallestudies word ook in hoofstuk een afdeling 4.3 bespreek.

<sup>48</sup> Name van individuele leerders sal weerhou word om die vertroulikheid te verseker.



### 3.1 Gevallestudie een

#### 3.1.1 Identifiserende besonderhede

Indiërseun<sup>49</sup>

16 jaar 7 maande

Graad 12

#### 3.1.2 Probleemstelling<sup>50</sup>

Die leerder voel onseker oor 'n toekomstige beroep.

#### 3.1.3 Skolastiese beeld

Vak	Graad	Simbool
Engels	HG	E
Afrikaans	HG	E
Wiskunde	HG	F
Natuur en Skeikunde	HG	E
Ekonomie	HG	C
Rekeningkunde	HG	D

#### 3.1.4 Belangrike moment wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder vermeld op verskeie geleenthede dat hy 'n beroep in die rekenaarwese wil beoefen.
- Die leerder se skolastiese profiel is laag.

<sup>49</sup> Die klassifisering van individue in etniese- en rasgroepe binne dié konteks is met die uitsluitlike doel om die verteenwoordigende aard van die steekproef te beklemtoon.

<sup>50</sup> Die term "probleemstelling" is 'n term wat binne die moderne konteks algemeen gebruik is. Hierdie term word in die studie gebruik omdat dit in die oorspronklike gevallestudie gebruik is en dit deel vorm van die moderne perspektief wat uitgebeeld word.

- Die leerder en sy ouers spreek die verwagting uit dat hy 'n kursus aan 'n universiteit moet voltooi.
- Die leerder openbaar 'n groot voorkeur vir besigheidsaktiwiteite soos om te koop en te verkoop.

### 3.1.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.1** Proses van voorligting: gevallestudie een

Tradisionele benadering	Postmoderne benadering <sup>51</sup>
<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)</i></li> <li>▪ <i>Die Senior Aanlegtoetse (SAT)</i></li> <li>▪ <i>Die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys (SABBV)</i></li> <li>▪ <i>Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)</i></li> </ul> <p>Selfevalueringsmedia</p>	<p><b>Psigometriese toetse wat moontlik ingeskakel kan word</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Selfondersoekvraelys (SOV)</i></li> <li>▪ <i>Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)</i></li> </ul>
<p><b>Proses wat gevolg is</b> (twee tot drie sessies)</p> <p>Kontakonderhoud wat bestaan uit 'n agtergrondgesprek, psigometriese toetsing en selfevaluasie. Terugvoergesprek waarin aanbevelings gemaak is en 'n verslag beskikbaar gestel is.</p>	<p><b>Proses wat gevolg kan word</b> (ses tot agt sessies)</p> <p><b>Fase1</b></p> <p>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die rol van die voorligter is om die proses</li> </ul>

<sup>51</sup> Die proses van beroepsvoorligting sal nie soos die tradisionele benadering in terme van vermoë, belangstelling, aanleg en persoonlikheid bespreek word nie omdat dit beskou word as 'n interaktiewe proses wat deurgaans plaasvind.

<p><b>Inligting wat bekom is deur die ondersoek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Intellektuele moontlikhede</li> </ul> <p>Gemiddelde intellektuele vermoë soos gemeet deur die Senior Aanlegtoets.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanlegbeeld</li> </ul> <p>Ekonomiese wetenskappe (laag). Natuurwetenskappe (ondergemiddeld). Menslike wetenskappe (laag).</p> <p>Verbale vermoë (laag) Numeries (gemiddeld) Visueel-ruimtelike redenering (laag) Klerklike aanleg (hoog-gemiddeld) Geheue (laag) Handvaardigheid (hoog-gemiddeld)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Belangstelling</li> </ul> <p><b>Selfevalueringsmedia</b></p> <p>Stel belang in besigheidsaktiwiteite soos om te koop en te verkoop; werk met of herstel van masjinerie en om syfers te bereken.</p> <p><b>SABBV</b></p> <p>Volgens die SABBV is sy voorkeur profiel in volgorde van voorkeur soos volg:</p> <p>Besigheid en bestuur Prakties realisties Klerklik-administratief</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Persoonlikheid</li> </ul>	<p>te fasiliteer.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.</li> <li>▪ Dit is 'n lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.</li> <li>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.</li> </ul> <p>Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak)<sup>52</sup>.</p> <p>Die leerder (sonder sy ouers) word geleentheid gebied om sy verhaal te vertel en die 'probleem'<sup>53</sup> te verhelder. Gebruik die inskakeling en interpretasie van die SOV en OSGH (kwalitatief) om die leerder te help om tesame met sy skolastiese beeld die probleem te verhelder en beskryf.</p> <p><b>Fase 2</b></p> <p>Aspekte wat in hierdie fase aandag moet geniet, sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Onrealistiese verwagting ten opsigte van voorgenome studierigting.</li> <li>▪ Kliënt moet bewus word van sy eie sterk punte, voorkeure en aanlegte.</li> </ul>
---	--

<sup>52</sup> Vergelyk hoofstuk vyf afdeling 6.5.1 in verband met saamwerkooreenkoms( kontrak).

<sup>53</sup> Binne die postmoderne konteks word die term "probleem" as ontoepaslik beskou. Die woord "uitdaging" of "geleentheid" word in die plek hiervan voorgestel. Al beskou die kliënt dit tans as 'n 'probleem', moet die voorligter die proses fasiliteer dat die kliënt die paradigmaskuif maak om probleme as geleenthede te beskou.

<sup>54</sup> Hierdie tegniek word volledig in hoofstuk vyf afdeling 6.2.3 beskryf.

<p>Vriendelik, goedgeaard en neem maklik deel aan groepaktiwiteit. Neem graag leiding in sosiale interaksie. Gedetermineerd, neem graag sy eie besluite, streef nie na groepsaanvaarding nie. Word maklik kwaad, bekommer homself en raak emosioneel wanneer hy gefrustreerd voel. Kan maklik moed verloor en verantwoordelikhede ontduik.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Studiegewoontes</li> </ul> <p>Volgens die resultate van die <i>OSGH</i> is die leerder positief teenoor akademiese werk. Effektiwiteit in die voltooiing van take kan in die algemeen verbeter.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanbevelings</li> </ul> <p>Die leerder moet die volgende studierigtings oorweeg:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Loopbane in die Ekonomiese en bestuurswetenskappe, byvoorbeeld: aankope; hotelbemarking; krediet; produksie; verkope; aandelemark; rekenaartegnikus; boekhouding</li> <li>✓ Loopbane in die Sosiale wetenskappe: menslike hulpbron bestuur; inligtings-beampte; opleidings-offisier.</li> <li>▪ Beroepsverkenning aangaande bogenoemde studierigtings deur ope dae by te woon, gesprekke met dosente of professionele persone; informele beroepservaring.</li> <li>▪ Realistiese kort- medium- en</li> </ul>	<p>Maak gebruik van die tegniek van 'suksesvolle ervarings'<sup>54</sup>. Hierdie tegniek word toegepas op vorige ervarings van die kliënt uit sy verlede, hede asook ervarings wat vir die toekoms voorsien word. Belangrike doelwitte vir hierdie fase sou wees dat die kliënt inligting moet bekom oor die beroepe waarin hy belangstel sowel as die toelatingsvereistes van die verskillende opleidingsinstansies (dit sou as tuiswerkopdrag kan dien).</p> <p>Die kliënt se vorige suksesvolle ervarings, tesame met die inligting van die <i>SOV</i> en akademiese profiel word gebruik om onrealistiese verwagtinge te hanteer en om alternatiewe beroepsgeleenthede te genereer. Beroepsmoontlikhede moet nou geïdentifiseer word.</p> <p><b>Fase 3</b></p> <p>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Watter uitdagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?</li> <li>▪ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?</li> <li>▪ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?</li> </ul> <p>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan sy ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuse wat hy gemaak het.</p>
---	---

<p>langtermyn doelwitte vir homself stel. Dit sluit in: die gebruik van effektiewe studiemetodes, minder tyd te vermors en opdragte betyds af te handel.</p> <ul style="list-style-type: none"><li>▪ Die leerder moet oorweeg om sy wiskundevlak te verander om sy prestasie te verbeter.</li><li>▪ Die leerder se ouers moet die inhoud van die verslag met sy skool bespreek.</li></ul>	
---	--

Die wydlopiegheid van die moderne benadering wat deur hierdie gevallestudie sigbaar word is nie sigbaar in die postmoderne benadering nie. Betekenisvorming (wat die essensie van die voorligtingsproses binne 'n postmoderne benadering is) sal waarskynlik nie deur die wydlopieg aard van die moderne benadering gefasiliteer word nie.

### **3.2 Gevallestudie twee**

#### **3.2.1 Identifiserende besonderhede**

Kleurlingseun

17 jaar 4 maande

Graad 12

#### **3.2.2 Probleemstelling**

Die leerder verlang beroepsvoorligting met betrekking tot 'n toekomstige beroep.

### 3.2.3 Skolastiese beeld

Vak	Graad	Simbool
Afrikaans Eerste Taal	HG	D
Engels Tweede Taal	HG	E
Wiskunde	HG	D
Natuur- en Skeikunde	SG	D
Biologie	HG	C
Aardrykskunde	HG	D

### 3.2.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder se skolastiese beeld is laag.
- Die leerder beplan om 'n kursus in Chemiese Ingenieurswese aan 'n universiteit te studeer.
- Hy hou daarvan om te teken. Die kwaliteit van sy tekeninge is goed.
- Die leerder se ouers is geskei.
- Die leerder se verhouding met beide sy ouers het die afgelope jaar versleg.
- Hy openbaar aggressiewe gedrag teenoor sy ouers.

### 3.2.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.2** Proses van voorligting: gevallestudie twee

Tradisionele benadering	Postmoderne benadering
<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys (SABBV)</i></li> <li>▪ <i>Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19VBV)</i></li> <li>▪ <i>Die Senior Aanlegtoetse (SAT)</i></li> </ul>	<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel kan word</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Selfontwikkelvraelys (SOV)</i></li> <li>▪ <i>Loopbaanontwikkelvraelys (LOV)</i></li> </ul>

<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die Sestienpersoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF).</li> <li>▪ Die Jung-persoonlikheidsvraelys</li> <li>▪ Wigglyblok</li> </ul> <p><b>Proses wat gevolg is</b> (twee tot drie sessies)</p> <p>Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese en selfvaluasie. Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.</p> <p><b>Inligting wat bekom is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Intellektuele moontlikhede</li> </ul> <p>Bogemiddelde intelligensie op die SAT wat bevestig word deur die Wigglyblok.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanleg</li> </ul> <p>Verbale vermoë (swak) Numeriese vermoë (swak) Visueel-ruimtelike redenering (gemiddeld). Klerklike aanleg (swak) Geheue (gemiddeld) Motoriese vaardigheid (gemiddeld)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Belangstelling</li> </ul> <p>Voorkeurprofiel in volgorde van voorkeur volgens die 19 VBV: Natuurwetenskappe Handelwetenskappe Geesteswetenskappe</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Persoonlikheid</li> </ul>	<p><b>Proses wat gevolg kan word</b> (ses tot agt sessies)</p> <p><b>Fase1</b></p> <p>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.</li> <li>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.</li> <li>▪ Dit is 'n lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.</li> <li>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.</li> </ul> <p>Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak).</p> <p>Gebruik die 'tekentegniek'<sup>55</sup> om die kliënt te help om sy verhaal te vertel en die probleem te verhelder. Die opdrag aan die kliënt is om vier prente te teken wat die volgende uitbeeld:</p>
--	---

<sup>55</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.3 beskryf.

<p><b>16 PF</b></p> <p>Beïnvloedbaar deur gevoelens, vertrouend, groepafhanklik, selfgeldend en onverskillig.</p> <p><b>Jung-persoonlikheidsvraelys</b></p> <p>Moontlike introvert. Op rasonale vlak word hy gelei deur denke in besluitneming en op irrasionele vlak deur waarneming en intuïsie. Ernstig, stil, deeglik, 'n noukeurige en verantwoordelike persoon. Beroepe waarin hierdie persoonlikheidstipes optimaal benut word, is:</p> <p>Analitiese chemikus Apteker Argitektekenaar Lugverkeerleier Mediese tegnoloog Stads- en streeksbeplanner</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanbevelings</li> </ul> <p>Die volgende beroepe word aanbeveel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ 'n Nasionale Diploma in Chemiese Ingenieurswese.</li> <li>✓ 'n BTech-graad in Chemiese Ingenieurswese.</li> <li>✓ Nasionale diploma in Inligtingtegnologie.</li> <li>✓ Lugverkeerleier - Kollege vir lugverkeer en navigasiedienste.</li> <li>✓ Nasionale diploma in argitektuurtegnologie.</li> <li>✓ Graad of Nasionale diploma in Stads- en streeksbeplanning.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Wat is ek?</li> <li>▪ Wat sal ek graag wil wees?</li> <li>▪ Watter hindernisse is daar vir my?</li> <li>▪ Wat kan daardie hindernisse oorkom?</li> </ul> <p>Elke tekening word die fokus van interpretasie terwyl die voorligter verskillende assosiasies, nuanses, insigte en verbande fasiliteer.</p> <p><b>Fase 2</b></p> <p>Maak gebruik van die 'lewenslyntegniek'<sup>56</sup>. Hierdie tegniek word gekies omdat die leerder nog homself moet oriënteer ten aansien van gebeure/ervarings wat in sy lewe afgespeel het (sal moontlik aansluiting kan vind by die leerder se aggressiewe gedrag). Nadat hierdie oefening afgehandel is word die <i>Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)</i> en die <i>Selfondersoekvraelys (SOV)</i> ingeskakel met die doel om die leerder bewus te maak van sy kennis van beroepe (die leerder kan verder self toelatingsvereistes vir verskillende beroepe wat geïdentifiseer is, navors). Die inligting wat bekom is, word kwalitatief geïnterpreteer en geïntegreer by die leerder se kennis van homself wat uit die lewenslyn bekom is. Moontlike beroepe word geïdentifiseer.</p>
---	---

<sup>56</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.1 beskryf.



<ul style="list-style-type: none"><li>▪ Die leerder moet beroepskennis opdoen deur met mense te praat wat hierdie beroepe beoefen, daaroor op te lees, sommige van hierdie werksplekke te besoek.</li></ul>	<p><b>Fase 3</b></p> <p>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>▪ Watter uitdagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?</li><li>▪ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?</li><li>▪ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?</li></ul> <p>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan sy ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuses wat gemaak is.</p>
---	---

### 3.3 Gevallestudie drie

#### 3.3.1 Identifiserende besonderhede

Swart dame

23 jaar 8 maande

Slaag graad 12 met voorwaardelike vrystelling

#### 3.3.2 Probleemstelling

Hierdie leerder benodig hulp met 'n toekomstige beroepskeuse.

### 3.3.3 Skolastiese beeld

Vak	Graad	Simbool
Engels Eerste Taal	HG	D
Afrikaans Tweede Taal	HG	D
Huishoudkunde	SG	C
Aardrykskunde	SG	E
Biologie	SG	E
Kuns	SG	E

### 3.3.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Vanuit die selfevalueringsvraelys blyk hierdie leerder se taalvaardigheid in Engels goed te wees.
- Die leerder dui aan dat sy graag 'n beroep in een van die volgende velde sou wou beoefen: multimedia-uitsaaidiens; elektroniese joernalisme; toerisme.
- Die leerder hou daarvan om te sing en wil graag voor 'n gehoor optree.
- Sy hou daarvan om artikels, stories en briewe te lees en skryf.

### 3.3.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.3** Proses van voorligting: gevallestudie drie

Tradisionele benadering	Postmoderne benadering
<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel is</b></p> <p><i>Senior Aanlegtoets (SAT)</i></p> <p><i>19-Veld-Belangstellingsvraelys (19VBV)</i></p> <p><i>Selfondersoekvraelys (SOV)</i></p> <p><i>Die Sestienpersoonlikheidsfaktorvraelys (16PF)</i></p>	

<b>Proses wat gevolg is</b>	<b>Proses wat gevolg kan word</b>
<p>Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese toetse en selfevaluasie. Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.</p> <p><b>Inligting wat bekom is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Intellektuele moontlikhede</li> </ul> <p>Gemiddelde intellektuele vermoë</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanlegbeeld</li> </ul> <p>Numeries (goed) Geheue (gemiddeld) Klerklike aanleg (gemiddeld) Verbale vermoë (gemiddeld) Visueel-ruimtelike redenering (swak) Handvaardigheid (swak)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Belangstelling</li> </ul> <p>Volgens die (SOV) is die leerder se hoogste belangstellingsvelde soos volg:</p> <p>Artisties Konvensioneel Ondernemend Sosiaal</p> <p>Volgens die 19 VBV openbaar die leerder 'n sterk voorkeur vir openbare optrede, besigheid, kreatiewe denk</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Persoonlikheid</li> </ul> <p><b>JPV</b></p> <p>Ekstrovert wat daarvan hou om met mense</p>	<p><b>Fase1</b></p> <p>Die leerder vertel waarom sy vir hulp gekom het. Oriënteer haar ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.</li> <li>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.</li> <li>▪ Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.</li> <li>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.</li> </ul> <p>Sluit 'n saamwerkkoorenkoms.</p> <p>Om die kliënt te help om haar verhaal te vertel en die probleem te formuleer word van die 'beroepskaarttegniek'<sup>57</sup> gebruik gemaak. Alles wat die kliënt sê, word die onderwerp van interpretasie en daar word daarop uitgebrei. Die leerder sal sodoende meer van haarself leer deur haarself in 'n beroep te projekteer.</p>

<sup>57</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.1 beskryf.

te werk en haar denke en intuïsie te gebruik om probleme op te los. Funksioneer goed in leiersposisie.

**16PF**

Volgens die 16 PF is die leerder lewend na buite en kan sy gespanne raak in vreemde situasies. Sy is sensitief vir kritiek en word beïnvloed deur haar gevoelens. Sy hou daarvan om in 'n groep te werk en is simpatiek en empaties.

- Aanbevelings

Die volgende kursusse word aanbeveel:

- ✓ Nasionale Diploma in Toersime-bestuur aan die Technikon Pretoria.
- ✓ Indien die leerder oorweeg om 'n graadkursus aan 'n universiteit te gaan studeer moet sy die Matrikulasieraad kontak.
- ✓ Die leerder kan ook oorweeg om 'n een jaar diploma in Reis en Toerisme by **Damelin** te voltooi.

**Fase 2**

Om aan te sluit by die kliënt se belangstelling om deur middel van taal te skep, word van die tegniek 'skep van lewenshoofstukke'<sup>58</sup> gebruik gemaak. Die kliënt word versoek om aan haar lewe as 'n outobiografie te dink. Sy moet haar lewe in hoofstukke opdeel en 'n titel vir elke belangrike fase gee. Dié is 'n kreatiewe uitdaging waarop hierdie kliënt goed sal reageer. Die voorligter vra reflektiewe vrae oor elke hoofstuk. Dit sluit konflikte, hoofdoelwitte, ontwikkelingservarings, betekenisvolle invloede, belangstellings, aktiwiteite en invloedryke persone in. Die fokus is op betekenisvorming met die doel om 'n toekomsverhaal wat gerig is op 'n beroepskeuse, te skep.

**Fase 3**

Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:

- Watter probleme/hindernisse sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?
- Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?
- Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?

<sup>58</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf in afdeling 6.2.2 beskryf

### 3.4 Gevallestudie vier

#### 3.4.1 Identifiserende besonderhede

Blanke dogter

16 jaar 5 maande

Graad 11

#### 3.4.2 Probleemstelling

Die leerder en haar ouers benodig hulp met haar toekomstige beroepskeuse.

#### 3.4.3 Skolastiese beeld

Vak	Graad	Simbool
Afrikaans Eerste Taal	HG	A
Engels Tweede Taal	HG	B+
Wiskunde	HG	A+
Natuur en Skeikunde	HG	A
Duits	HG	A+
Rekeningkunde	HG	A+

#### 3.4.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder meld dat sy graag wil kwalifiseer as geoktrooieerde rekenmeester of apteker. Haar ouers wil egter hê dat sy haarself moet kwalifiseer as mediese praktisyn of enige beroep in die mediese rigting. Die kommunikasie tussen die leerder en veral haar vader blyk problematies te wees.
- Sy openbaar 'n voorliefde om met syfers en met mense afsonderlik te werk.
- Sy voel nog onseker oor die kursus waarvoor sy wil studeer, asook die instansie waar sy gaan studeer.

### 3.4.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.4** Proses van voorligting: gevallestudie vier

Tradisionele benadering	Postmoderne benadering
<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys</i></li> <li>▪ <i>Selfondersoekvraelys (SOV)</i></li> <li>▪ <i>Senior Aanlegtoetse (SAT)</i></li> <li>▪ <i>Opname van Studiegewoontes en houdings (OSGH) van Brown-Holtzman.</i></li> <li>▪ <i>Studie-oriëntasievraelys in Wiskunde (SOW)</i></li> <li>▪ <i>Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)</i></li> <li>▪ <i>Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV).</i></li> </ul> <p><b>Proses wat gevolg is</b></p> <p>Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese toetse en selfevaluasie.</p> <p>Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.</p> <p><b>Inligting wat bekom is</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Intellektuele moontlikhede</li> </ul> <p>Hoog superieure intellektuele vermoë.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Belangstellingsbeeld</li> </ul> <p>Volgens die <i>Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys</i> is haar hoogste aanleg rekenkundig en klerikaal; literêr en medies is hoog-gemiddeld terwyl haar laagste belangstellings sosiaal dienslewerend, wetenskaplik en meganies is.</p>	<p><b>Psigometriese toetse wat ingeskakel kan word</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <i>Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys</i></li> <li>▪ <i>Selfondersoekvraelys (SOV)</i></li> <li>▪ <i>Lewensrolvraelys (LOV)</i></li> </ul> <p><b>Proses wat gevolg kan word</b></p> <p><b>Fase1</b></p> <p>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.</li> <li>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan ook self navorsing moet doen oor sekere aspekte.</li> <li>▪ Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.</li> </ul>

<p><b>SOV</b></p> <p>Volgens die (SOV) is haar belangstellingsprofiel konvensioneel, artisties en ondersoekend/ondernemend. Persone met hierdie profiel hou van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Aktiwiteite wat op 'n duidelike en geordende manier georganiseer is.</li> <li>✓ Aktiwiteite waar hulle hul skeppingsdrang kan uitleef.</li> <li>✓ Bedrywighede wat hulle meer leer oor die biologiese en fisiese wetenskappe.</li> <li>✓ Aktiwiteite waar hulle leiding kan neem en ondernemend kan optree in die sakewêreld.</li> </ul> <p>▪ Skolastiese beeld</p> <p>Volgens die (OSGH) moet die volgende aspekte aandag geniet:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Die gebruik van meer doeltreffende studiemetodes en goedkeuring van onderwysers se optrede en metodes in die klaskamer.</li> <li>✓ Volgens die SOW is die leerder se probleemoplossingsgedrag in wiskunde benede normaal. Dit dui onder andere op ontoereikende beplanning, selfevaluering en besluitneming tydens probleemoplossing in wiskunde dui. Die leerder heg onvoldoende waarde aan die toepassingsmoontlikhede van die vak buite die klaskamer.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.</li> </ul> <p>Sluit 'n samewerkingssooreenkoms (kontrak).</p> <p>Maak gebruik van evalueringsmateriaal<sup>59</sup> soos die Rothwell-Miller Belangstellingvraelys, Selfondersoekvraelys (SOV) en die Lewensrolvraelys (LOV), om die kliënt te help om haar verhaal te vertel. Dit is veral die kwalitatiewe interpretasie van die voorligtings-materiaal wat die verhaal van die kliënt sal rig.</p> <p><b>Fase 2</b></p> <p>Aan die hand van die vraelyste word die kliënt versoek om haar eie sterkpunte begeertes en behoeftes uit te druk. Die kliënt skep dus haar eie verhaal aan die hand van die inligting wat uit die vraelyste bekom is.</p> <p>Gebruik die tegniek 'beroepskaarte'<sup>60</sup>. Beroepe wat volgens hierdie tegniek gekies word moet deur die leerder verken word (tuiswerk).</p> <p><b>Fase 3</b></p> <p>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Watter uitgagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?</li> </ul>
--	--

<sup>59</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.4 beskryf.

<sup>60</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.1 beskryf. p beskryf.

<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Persoonlikheidsprofiel</li> </ul> <p>Aangename, goed aangepasde persoonlikheid. Sy is emosioneel minder stabiel met 'n relatief hoë mate van spanning. Dit is egter nie vreemd of patologies gesien in die lig van die ouderdomsfase waarin die leerder haar bevind nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Aanbevelings</li> </ul> <p>Moontlike studierigtings aan 'n universiteit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>✓ BCom met spesialisering in Finansiële Rekenkunde.</li> <li>✓ BCom met spesialisering in versekeringswetenskap/aktuarieel met die oog op aktuaris.</li> <li>✓ B Inligtingtegnologie.</li> <li>✓ Werksontleding is belangrik</li> </ul> <p>Die leerder moet meer aandag aan sosiale aktiwiteite afstaan.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?</li> <li>✓ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak.</li> </ul> <p>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan haar ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuses wat gemaak is.</p>
---	---

Die buigsamheid van 'n moontlike model vir beroepsvoorligting word in hierdie gevallestudie geïllustreer deur die proses wat heelwat korter gemaak is. Hierdie kliënt se intellektuele moontlikhede, tesame met die akkurate besluit oor 'n toekomstige beroep, het tot gevolg dat die voorligtingsproses ooreenkomstig die behoefte van hierdie kliënt vinniger kan voltrek word.

In die volgende gevallestudies<sup>61</sup> word slegs die postmoderne benadering tot voorligting gebruik omdat hierdie kliënte nog nie voorheen voorligting ontvang het nie en heel waarskynlik nie binne 'n moderne konteks geholpe sou kon raak nie. Faktore wat 'n moderne, tradisionele benadering onwenslik maak, sluit in: taal, kultuur (daar is nie

---

<sup>61</sup> Inligting wat met hierdie gevallestudies bekom is sal slegs oorsigtelik gebied word omrede die navorser slegs die proses wat gevolg is tydens die implementering van 'n potensiele postmoderne model vir beroepsvoorligting wil illustreer.



psigometriese toetse wat in hierdie kliënt se taal of kulturele behoeftes kan voldoen nie) en vlak van geletterdheid.

### **3.5 Gevallestudie vyf**

#### **3.5.1 Identifiserende besonderhede**

Swartdame

35 jaar 4 maande

#### **3.5.2 Beroepsuitdaging**

Die kliënt se werksomstandighede het gedurende die afgelope jaar sodanig verander dat sy 'n beroepsverandering moet doen. Sy benodig leiding rondom dié aangeleentheid.

#### **3.5.3 Agtergrond**

Die kliënt is getroud en het vier kinders. Die kliënt en haar man werk in Springs. Haar eggenoot werk as 'n tuinier by **Sappi**. Die kliënt self is 'n huishulp. Sy beskik oor geen formele opleiding nie. Sy kan beperk lees en skryf, aangesien sy haarself leer lees en skryf het. Sy is Zoeloesprekend en beskik oor 'n beperkte Engelse woordeskat. Haar ekspressiewe gebruik van Engels is baie gebroke en sy sukkel dikwels om verstaanbaar daarin te kommunikeer.

Die drie oudste kinders (17 jaar, 15 jaar en 11 jaar) is in die sorg van die materne ouma in Middelburg. Die jongste kind (16 maande) is in die sorg van sy moeder.

Na die geboorte van die jongste kind ondervind die kliënt probleme om haar werk as huishulp te verrig vanweë rugprobleme. Dit raak ook vir haar toenemend noodsaaklik om terug te keer na Middelburg, aangesien die materne ouma nie meer in staat is om die kinders te versorg nie. Aangesien hul huis 40 kilometer buite Middelburg geleë is,

en vanweë haar rugprobleem, sal dit nie vir haar moontlik wees om haar huidige beroep te beoefen nie.

### 3.5.4 Proses van voorligting

#### Fase een

Die leerder/kliënt vertel waarom sy vir hulp gekom het. Ondanks die feit dat hierdie kliënt sukkel om haarself in Engels uit te druk, tree sy tog met selfvertroue tydens die voorligtingsproses op. Die kliënt word georiënteer ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:

- Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.
- Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.
- Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.
- Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.

Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak).

Die kliënt word versoek om 'n collage van haarself en haar lewe te maak. Die *collage* word gebruik om die kliënt te help om haar verhaal te vertel en die probleem te verhelder. Die voorligter maak gebruik van kommunikasievaardighede soos aktiewe luister, peiling en empatie om die kliënt te help om haar verhaal te vertel.

#### Fase twee

In hierdie fase sal die '*collage*-tegniek'<sup>62</sup> gebruik word aan die hand waarvan die volgende vrae aan die kliënt gestel word:

Wat is ek?

Wat wil ek graag wees?

Wat verhinder my om te wees wat ek wil wees?

Waarmee kan hierdie hindernisse oorkom word?

---

<sup>62</sup> Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.4 beskryf.

Die kliënt vul self die besonderhede van haar ideale *scenario* in met die hulp van die voorligter wat in die proses die kliënt bewus maak van haar sterk punte, begeertes, verwagtings, behoeftes en moontlikhede wat uit haar verhaal na vore tree.

Die kliënt dui met behulp van die *collage* aan dat sy daarvan hou om met mense te werk, dat sy prakties aangelê is (sy maak self klere en ander nuttigheidsartikels vir haar huis) en dat sy goeie finansiële bestuur openbaar. Die kliënt het drie jaar gelede begin om tweedehandse klere te koop en te herverkoop. Hierdie en ander sterk punte soos dat die kliënt vasberade is in wat sy aanpak, dat sy vriendelik is en dat sy waagmoed openbaar het in hierdie fase aan die lig gekom.

Nuwe beroepsmoontlikhede wat na afloop van hierdie proses gegenereer word sluit in:

- Kleremaakster
- Opleiding aan ander mense in die maak van nuttigheidsartikels
- Tweedehandse kinderklerewinkel
- Maak van krale
- Laslap- en kwiltwerk

### **Fase drie**

Vorm 'n denkskrum met die kliënt waarin die volgende hanteer word:

- Watter potensiële uitdagings/geleenthede sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?
- Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?
- Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?

Die kliënt word aangemoedig om hulpbronne in haar nuwe gemeenskap te identifiseer wat haar kan help om haar planne te realiseer. Inligting aangaande 'n gratis kursus wat deur 'n swart besigheidsvrou aangebied word (oor hoe om 'n eie onderneming te begin) word aan die kliënt gegee. Sy neem self die besluit om wel hierdie kursus by te woon met die oog daarop om haar eie onderneming te begin.

## **3.6 Gevallestudie 6**

### **3.6.1 Identifiserende besonderhede**

Swartman

26 jaar 7 maande

### **3.6.2 Beroepsuitdaging**

Die kliënt kom uit 'n milieubenadeelde gesin en gemeenskap. Hy verlang hulp met die maak van 'n beroepskeuse. Hy is 'n deeltydse student en tuinarbeider.

### **3.6.3 Agtergrond**

Die kliënt/leerder het as Tswana grootgeword in die Kuruman distrik. Hy is die tweede oudste van drie broers. Die enigste inligting wat hy oor sy oudste broer bekendstel, is dat hy 'n moord in die gemeenskap gepleeg het etlike jare tevore toe die kliënt in graad nege was. As gevolg van die moord het die gemeenskap die kliënt en sy hele familie uit die gemeenskap geban en hulle in alle opsigte uitgesluit. Die gemeenskap het die familie as 'heксе' beskou en hulle ook uit die omgewing verdryf. Die familie het na die Hammanskraal-distrik verhuis, maar die toestand van die gemeenskapuitsluiting duur vandag nog voort deurdat die kliënt gereeld deur familiebesondes aangerand en beseer word op grond van die moord wat sy broer gepleeg het. Hy het geen intieme vriende nie.

Die kliënt is tans werkloos en verrig soms los tuinwerkies in voorstedelike gebiede in en om Pretoria. Hy is tans die enigste broodwinner in die gesin.

**Skolastiese beeld**

Vak	Simbool
Tswana	E
Engels	E
Afrikaans	E
Biologie	C
Geskiedenis	E
Bybelkunde	E

Die leerder het in 1997 die volgende vakke van die kursus *Introduction to Human Resources Management* aan die Thuto-Matlhale College in Mamelodi voltooi:

Communication	47%
Entrepreneurship and Business Management	52%
Computer Practice	50%
Personnel Management	45%

Hy moes die kursus staak weens finansiële redes.

**3.6.4 Proses van voorligting****Fase een**

Die leerder/kliënt vertel waarom hy vir hulp gekom het. Die kliënt openbaar 'n toereikende kommunikasie vermoë tydens die voorligtingsproses. Die kliënt word georiënteer ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:

- Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.
- Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.
- Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.
- Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.

Die kliënt word versoek om 'n aantal tekeninge van sy familie en sy eie posisie in die familie te maak. Hierdie tegniek word gebruik om die kliënt se kollektiwistiese kultuuroopvatting binne die voorligtingsituasie te verreken. Die kliënt vertel sy verhaal aan die hand van hierdie tekeninge. Die voorligter maak die kliënt bewus van sy begeertes, belangstelling, sterk punte en behoeftes aan die hand van die inligting wat uit die bespreking van sy tekening ontstaan.

### **Fase twee**

In hierdie fase word die kliënt versoek om sy eie outobiografie te skep deur gebruik te maak van die 'skep van lewenshoofstukke-tegniek'. Die voorligter fasiliteer die proses deur die kliënt te help om titels toe te ken aan die belangrike fases of tydperke in die lewe van die kliënt. Die voorligter vra reflektiewe vrae oor die inhoud van elke fase en vra die kliënt om konkrete beskrywings te maak van elke fase. Die kliënt skep die volgende lewenshoofstukke:

### **Lewenshoofstukke vanaf geboorte tot die huidige *scenario***

Geboorte

Die fase toe hy opgegroe het in die Kuruman-distrik

Laerskool

Hoërskool

Die isolasie vanaf die gemeenskap vanweë die moord wat sy broer gepleeg het

Die lewe het verander

Eensaam -- geen vriende nie

Misverstande tussen sy familie

### **Sy toekomsthoofstukke sluit in**

Entrepreneur word

Navorsing doen oor die vryemark

Wil die vryemark betree

Inligting wat uit hierdie fase bekom is sluit in:

- Die kliënt openbaar 'n behoefte aan selverwesenliking.
- Hy hou daarvan om met plante en diere te werk.
- Geestelike waardes is vir hom baie belangrik.
- Hy sukkel om konflik te hanteer en vermy eerder interpersoonlike kontak.
- Hy verkies handearbeid bo skriftelike take

Beroepe wat saam met die kliënt na afloop van hierdie fase gegenerer word sluit in:

- Landbouprodukte entrepreneur
- Tuindiensteverkaffer
- Komposproduksie en verkoper van die produk
- Vrugte- en groenteverkoper

### **Fase drie**

Vorm 'n denkskrum met die kliënt waarin die volgende hanteer word:

- Watter potensiële uitdagings/geleenthede sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?
- Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?
- Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?

'n Potensiële uitdaging wat deur die kliënt en die voorligter geïdentifiseer word is die hantering van die gemeenskap waarin hy hom bevind. Vanweë die kollektiwistiese aard van sy gemeenskap word sukses wat deur die individu behaal word as 'n bedreiging beskou en kan moontlik tot verdere verwerping lei. Daar word veral gefokus op die hulpbronne wat in sy eie gemeenskap bestaan wat vir hom die geleentheid sal bied om sy eie onderneming te begin. Die kliënt spreek die behoefte uit om eers marknavorsing te gaan doen ten einde vas te stel met watter onderneming hy die meeste sukses sal behaal.

In die lig van die ses gevallestudies wat bespreek is, word enkele toepassingsmoontlikhede daarvan binne groepsverband vervolgens bespreek.

#### **4 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE BINNE GROEPSVERBAND**

Hierdie model vir voorligting (op mikrostrukturele vlak) kan bepaalde toepassingsmoontlikhede binne groepsverband hê. Aspekte van die onderskeie fases soos die aflê van psigometriese toetse, denkskrums om aksieplanne te genereer en die inoefening van werksvaardighede, soos onder andere onderhoudvoering, sou gemaklik in kleingroepintervensie kon voltrek word ten einde tydeffektief te funksioneer.

Groepintervensie op makrostrukturele vlak verg egter ander beplanning in die uitvoer van hierdie model omdat daar voorsiening gemaak moet word vir die skep van programme wat by skole en gemeenskapsleersentra geïmplementeer kan word.

Vanweë die aard van makrostrukturele intervensie, (wat opsigself omvangryke beplanning verg) sal daar nie in hierdie studie op die toepassingsmoontlikhede van 'n postmodernistiese model vir voorligting op makrostrukturele vlak gefokus kan word nie. Aanbevelings in hierdie verband sal in hoofstuk sewe gemaak word.

#### **5 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die bruikbaarheid van 'n moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting aan die hand van enkele gevallestudies te illustreer. Die tradisionele benadering tot voorligting is as vertrekpunt gebruik waarna die moontlike postmodernistiese model op dieselfde gevallestudies van toepassing gemaak is. Enkele gevallestudies wat aan die hand van 'n potensiële postmodernistiese model tot beroepsvoorligting voorligting ontvang het, is ook uitgevoer ter illustrasie van die bruikbaarheid van só 'n model.




Enkele aspekte wat van belang is en wat na vore getree het in 'n postmoderne benadering tot voorligting sluit die volgende in:

- Voorligting is 'n proses van berading wat ooreenkomstig die behoefte van die leerder/kliënt aangepas en ontwerp word.
- Voorligting impliseer die aktiewe deelname van die voorligter en die kliënt, waar die kliënt die besluite neem.
- Psigometriese toetse vorm nie noodwendig deel van die voorligtingsproses nie en wanneer dit wel gebruik word, word dit oordeelkundig gedoen. Psigometriese toetse word nou gebruik as instrumente wat die kliënt help om betekenis te vorm.

Die implementering van slegs enkele tegnieke kan uiteraard in 'n studie van hierdie aard geïllustreer word. Vanweë die eklektiese aard van hierdie benadering sou enige geskikte tegniek boonop aangewend kon word in die plek van die tegnieke wat telkens geïllustreer word. Die belangrikste aspek wat aandag sou moet geniet in die uitoefening van 'n keuse van tegnieke sou wees dat dit aanpas by die behoefte van die kliënt en dat dit **die doel waarvoor dit aangewend word, verwesenlik**.

Die klemverskuiwing vanaf die voorligter as 'ekspert' na die kliënt as 'skepper' van sy/haar eie verhaal wat deur hierdie model geïllustreer word, reflekteer die hartklop van die postmoderne beweging en kan 'n potensieel betekenisvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne era.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING



# HOOFSTUK SEWE SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 1 INLEIDING

Een van die algemeenste behoeftes wat deur menige individu uitgespreek word, is die behoefte om 'n goeie beroep te beoefen waarin die persoon suksesvol en gelukkig kan wees. Dit is verder ook geen vreemde verskynsel dat menige individue na afloop van een of ander vorm van voorligting steeds voel dat hulle nie weet watter beroepskeuse om uit te oefen nie.

Verskeie verklarings kan vir hierdie verskynsel aangebied word. Wat egter duidelik na vore tree, is dat twintigste eeuse benaderings ten opsigte van voorligting besig is om in 'n toenemende mate irrelevant te raak vir die groep wat dit veronderstel is om te bedien. Voortdurende verandering in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sowel as wêreldwye veranderinge in samelewingstendense het tot gevolg dat die benadering wat ten aansien van voorligting gevolg is, nie meer in die behoeftes en diversiteit van leerders huidig voldoen nie.

Ernstige oorweging moet geskenk word aan invloede soos die postmodernisme en die implikasies wat dit vir die terrein van die beroepsvoorligting inhou. Studies wat spesifiek hierdie samelewingsverskynsel bestudeer, behoort ondersteun en aangemoedig te word ten einde te verseker dat daar op hoogte gebly word met die nuutste tendense.

In hierdie ondersoek is 'n potensiele model ontwerp aan die hand waarvan beroepsvoorligting binne 'n postmodernisties konteks voltrek kan word. Deur middel van dié model is daar gepoog om die buigsaamheid van die postmoderne benadering

asook die klemverskuiwing wat plaasgevind het in die proses van voorligting in 'n postmoderne konteks te illustreer.

## **2 DOEL MET DIE STUDIE**

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te ontwerp. Onderliggend aan hierdie doel is die oogmerk om die mag wat aan voorligters in die moderne era (spesifiek die tradisionele benadering tot beroepsvoorligting) toegeken is, te dekonstrueer en te omskep in 'n voorligtingsproses wat in samewerking met die kliënt geskep word. Verskeie aspekte is om hierdie rede van belang, byvoorbeeld die uitgangspunte waarop 'n postmoderne benadering berus, 'n deurskouing van bestaande modelle en teorieë wat in hierdie herkonstruksieproses geïntegreer kan word, en kulturele en ander behoeftes van die kliënt. In die lig van die begronde inligting wat uit hierdie studie bekom is, kon 'n potensiële model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks ontwerp word.

## **3 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE MET DIE OOG OP AANBEVELINGS**

Die studie het soos volg verloop:

### **3.1 Hoofstuk een**

Ten einde die navorsingstema wat in hierdie studie ondersoek word, te begryp, is enkele begrippe verhelder. Dié begrippe blyk direk of by implikasie vanuit die titel naamlik: *Die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting*.

Die aktualiteit van hierdie studie is binne die postmoderne Suid-Afrikaanse konteks verantwoord. In hierdie verantwoordingsproses is die behoeftes van die leerder/kliënt sentraal gestel met die doel om die individualiteit en diversiteit van alle leerders te akkommodeer.

'n Probleem is geformuleer aan die hand waarvan enkele navorsingsvrae gestel is. 'n Metodologiese verantwoording oor die denkverloop van hierdie studie is gedoen om die verloop daarvan duidelik te maak. Die hoofdoel van hierdie studie is die ontwerp van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting. Met hierdie doel voor oë is dit noodsaaklik om enkele epistemologiese vertrekpunte rakende beroepsvoorligting, kulturele en kruiskulturele faktore (wat in die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting in ag geneem moet word) en enkele bestaande modelle aan die hand waarvan beroepsvoorligting tans voltrek word, te ondersoek.

Die konseptualisering van só 'n model moet geskied aan die hand van beginsels en uitgangspunte wat onderliggend is aan die postmodernisme.

### **3.2 Hoofstuk twee**

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gebied van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting. Die standpunte van bekende teoretici soos Holland, Super, Krumboltz, Roe en Tiedeman is uitgelig aan die hand van 'n deurskouing van elk se stellings en 'n kritiese evaluasie van elke teorie. Die epistemologiese standpunte van die postmoderne benadering is vervolgens uitgelig.

Die deurskouing van bestaande teorieë oor beroepsvoorligting dien eerstens as basis vir die beoordeling van bestaande modelle vir beroepsvoorligting wat tans deur tersiêre instansies gebruik word. Tweedens kan dit as basis dien vir die beredenering en formulering van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

### **3.3 Hoofstuk drie**

Ten einde hierdie studie en uiteindelik die konseptualisering van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting verteenwoordigend te maak van 'n 'nuwe' multikulturele

Suid-Afrikaanse samelewing, is dit vanselfsprekend dat kulturele en kruiskulturele faktore wat 'n invloed uitoefen op die voorligtingsituasie in ag geneem sal word.

In hierdie hoofstuk is terme soos "kultuur", "kruiskultureel", "multikulturaliteit" en "ras/etnisiteit" verhelder en bespreek. Enkele aannames oor kultuurverskille, die verband tussen kultuur en wêreldbeskouing, enkulturasie en akkulturasie asook die etiese en emiese perspektief van kultuur is ook deurskou.

Daar is in die besonder aandag gegee aan kulturele belemmeringe wat die proses van beroepsvoorligting beïnvloed. Kulturele belemmeringe wat geïdentifiseer is, sluit in: kommunikasie (verbaal of nie-verbaal), geslagsverskille, verskille in wêreldbeskouings en verskille in werkswaardes (roepingsbewustheid, individualisme, deeglikheid, tydkonsep, dissipline, kommunikasie, prestasie motivering, vooroordele en stereotipering).

Hierdie hoofstuk is afgesluit met 'n deurskouing van hoe kultuur moontlik binne 'n postmodernistiese konteks gekonseptualiseer kan word. Die verdraagsaamheid teenoor verskillende kulture en die diversiteit wat daaruit ontstaan, word beklemtoon. Multikulturele diversiteit word deur die postmodernisme as geldig bestempel en hoog geag. Geen illusies bestaan egter oor die invloed van kulturele mag wat steeds uitgeoefen word nie.

### **3.4 Hoofstuk vier**

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die bestaande modelle vir voorligting soos dit manifesteer in tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika en ook op internasionale vlak. Kommunikasie met verskeie plaaslike universiteite en teknikons, asook enkele internasionale universiteite is bewerkstellig by wyse van 'n skriftelike versoek om inligting aangaande die model van beroepsvoorligting wat tans deur dié onderskeie instansies gebruik word.

Op grond van die inligting wat deur die onderskeie instansies beskikbaar gestel is, kon sekere afleidings oor die ontwikkeling en vooruitgang wat reeds op die terrein van beroepsvoorligting tot stand gekom het, gemaak word. Vanuit hierdie inligting kon verskille sowel as gemeenskaplikhede aangaande die modelle van voorligting wat tans in gebruik is afgelei word. Die mate waarin die postmoderne invloede reeds vergestalt word in die benadering tot voorligting kon ook geëvalueer word.

### **3.5 Hoofstuk vyf**

'n Deurskouing van die postmoderne benadering kan slegs gedoen word indien die moderne benadering waaruit dit ontstaan het, in oënskou geneem word. Die postmodernisme het ontstaan as gevolg van die reaksie wat teen die modernisme tot stand gekom het. In hierdie hoofstuk is gereflekteer op die tekorte, ontwikkelinge en gebeure wat aanleiding gegee het daartoe dat die moderne era nie langer aan die verwagtinge en eise van die wêreldbevolking voldoen nie, wat tot die uiteindelijke en onafwendbare einde van hierdie era aanleiding gegee het. In die plek hiervan het die postmoderne era na vore getree wat universele wette en vaste begrondinge wil dekonstrueer tot plaaslike belang.

Enkele verteenwoordigers van die postmodernisme soos Derrida, Foucault, Lyotard, Rorty en Jencks se standpunte aangaande die postmodernisme is beskryf. Dié standpunte bied 'n raamwerk waarvolgens die kernelemente van die postmoderne beweging afgelei kan word. Aan die hand van hierdie deurskouing kan 'n duidelike onderskeid getref word tussen die moderne en postmoderne benadering en die manier waarop dit impakkeer op beroepsvoorligting.

Beroepsvoorligting is in hierdie hoofstuk binne die postmodernistiese konteks geplaas ten einde die verandering wat tot stand kom, te identifiseer en die benadering omtrent beroepsvoorligting aan te pas. Enkele riglyne en innovasies op die terrein van beroepsvoorligting is aan die lig gestel en tesame met die doelwitte vir lewensoriëntering (soos vervat in Kurrikulum 2005) aangewend om 'n potensiële model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks te skep.

Die narratiewe basis waarop 'n potensieële model vir beroepsvoorligting gebaseer word, is beskryf. Die beskrywing van só 'n model word aan die hand van verskillende fases voltrek.

Enkele aspekte wat verreken moet word in 'n potensieële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op makrostrukturele vlak is vermeld ten einde 'n geïntegreerde potensieële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting daar te stel.

### **3.6 Hoofstuk 6**

In hoofstuk ses is die toepassingsmoontlikhede van 'n potensieële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting aan die hand van enkele gevallestudies geïllustreer. Daar is gebruik gemaak van gevallestudies wat reeds voorligting aan die hand van die tradisionele moderne benadering tot beroepsvoorligting ontvang het. Inligting wat op grond van hierdie gevallestudies bekom is, is van toepassing gemaak op 'n potensieële postmodernistiese model vir voorligting. Die proses van voorligting wat in die tradisionele benadering gevolg is, is teenoor die voorgestelde proses van voorligting aan die hand van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting gestel. Hierdie strategie is aangewend om die klemverskuiwing wat plaasgevind het in beroepsvoorligting vanaf 'n moderne na 'n postmoderne benadering, te illustreer. Enkele ander gevallestudies is ook aangewend aan die hand waarvan die bruikbaarheid van 'n potensieële postmodernistiese model geïllustreer is.

Enkele ander gevallestudie wat slegs aan die hand van 'n potensieële postmodernistiese model voorligting ontvang het is ook in die studie ingesluit ten einde die bruikbaarheid van sodanige model te illustreer.

## **4 BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE**

Na afloop van hierdie studie kan die volgende beperkings (wat volgens postmoderne terminologie natuurlik 'uitdagings' genoem word) van die studie geïdentifiseer:



- Hierdie studie is grotendeels toegepas op beroepsvoorligting binne 'n mikrostrukturele konteks. Die toepassing van 'n potensiële model van beroepsvoorligting voltrek hoofsaaklik aan die hand van mikrostrukturele inhoude aangesien die omvang van makrostrukturele intervensieprogramme, vanweë die besondere aard daarvan, nie in 'n studie van hierdie omvang tot reg kan kom nie.
- Die postmodernistiese model vir beroepsvoorligting is op sigself oop vir talle interpretasies. Hierdie interpretasies kan varieer ooreenkomstig die perspektiewe wat deur die verskillende individue geneem word. Dit laat ruimte vir buigsaamheid en verandering ooreenkomstig die behoeftes wat daardeur aangespreek word. Vanweë die aard van hierdie studie, asook die perspektief van die navorser, word egter net een indruk van hierdie model weergegee -- dit laat moontlik nie reg geskied aan die buigsaamheid en aanpasbaarheid daarvan nie.
- Die gebruik van gevallestudies as navorsingsmetode het uiteraard bepaalde tekortkominge soos dat navorsers sekere aspekte van die toetsresultate en inhoude in die voorligtingsessies verskillend mag interpreteer.
- Ofskoon daar talle ander toepassingsmoontlikhede bestaan ten opsigte van tegnieke wat hanteer kan word in hierdie proses, kan daar uiteraard slegs enkele tegnieke aangespreek word. Die hoop word egter uitgespreek dat die toepassingsmoontlikhede van ander tegnieke wel raakgesien sal word deur voorligters wat van hierdie model gebruik wil maak.
